

Wes-Kaap Onderwysdepartement
Western Cape Education Department
ISebe leMfundo leNtshona Koloni

Jaarverslag Annual Report INgxelo yoNyaka

2008/09

©2009 Western Cape Education Department



PR Nommer: PR187/2009
ISBN Nommer: 978-0-621-38819-0

*Om hierdie dokument te bekom,
tree asseblief in verbinding met:
Hoof:Onderwys , Privaatsak X9114,
Kaapstad, 8000.
Tel: 021 467 2531
Faks: 021 461 3694
E-pos: media1@pgwc.gov.za*

Wes-Kaap Onderwysdepartement

Jaarverslag: 2008/2009

| Inhoudsopgawe | | Bladsy |
|------------------------------|--------|--------|
| Algemene inligting | Deel 1 | 1-1 |
| Programprestasie | Deel 2 | 1 - 99 |
| Verslag van die Ouditkomitee | Deel 3 | 1-4 |
| Jaarlikse Finansiële State | Deel 4 | 1-59 |
| Menslikehulpbronbestuur | Deel 5 | 1-28 |

Voorwoord

Hierdie Jaarverslag lewer 'n omvattende rekord van die werk van die Wes-kaap Onderwysdepartement (WKOD) vir die 2008/09 finansiële jaar. met die verandering in administrasie na die 21009 Algemene Verkiesing in gedagte, val van die kwessies in hierdie verslag nog onder die vorige administrasie se ampstermyn.

Daar is egter 'n paar sleutelprojekte in die 2008/09 finansiële jaar wat inpas by ons administrasie se sleutelprioriteite.

Dit sluit in die uitbreiding van toeganklikheid tot Vroeëkindontwikkeling (VKO) in arm gemeenskappe, die verbetering van skoolinfrastruktuur en –instandhouding deur die implementering van die nasionale Program vir Gehalteversekering, ontwikkeling, ondersteuning en opheffingsprogram (PGOOO), die bevordering van skoolveiligheid, en die verbetering van geletterdheids- en gesyferdheidskoerse in primêre skole deur die implementering van die nasionale Grondslag-vir-leer-veldtog.

Ander positiewe bydraes sluit in die uitbreiding van toeganklikheid tot die nasionale Skoolvoedingsprogram en leerdervoer.

Terwyl ons uitsien na die 2009/10 finansiële jaar sal ons hard werk om ons prioriteite in al hierdie sfere te bereik en verdere positiewe bydraes te maak tot die verbetering van die gehalte van onderwys in ons klaskamers, die verbetering van ons leierskap en bestuur van skole, en die verhoging van die getal leerders wat vaardighede verwerf in Wiskunde, Wetenskap, Tegnologie en Ingenieurswese.

Ons is ook vas van plan om te verseker dat elke rand wat in hierdie begroting spandeer word waarde sal byvoeg tot die klaskameromgewing. Ons sal dus besteding hersien en meet, asook teikenstandaarde navolg om dit te verwerklik. Ons sal ook enige potensiale bestaande belange uitroei wat beperkings mag plaas op ons kapasiteit om die onderwyser-leerder-koppelvlak te verbeter, waar dit ookal mag voorkom.

Donald Grant
Minister van Onderwys
Wes-Kaap

Deel 1 – Algemene Inligting

1.1 Voorlegging van die jaarverslag aan die uitvoerende gesag

Hiermee die formele voorlegging van die jaarverslag van die Wes-Kaap Onderwysdepartement vir die jaar 2008/09 aan die verantwoordelike uitvoerende gesag

1.2 Inleiding deur die Hoof van die Departement

'n Uitstaande kenmerk van die jaar waarvoor verslag gedoen word was die byvoeging van nuwe personeel onder die "Herontwerp"-proses, om dienslewering te help verbeter. Die hele proses om poste te vul en 'n reeks nuwe of verskillende funksies te vervul het dit 'n opwindende sowel as uitdagende ervaring gemaak.

Die ander betekenisvolle stelselontwikkeling was dat 2008 die eerste jaar was waarin die nasionale Senior Sertifikaat-eksamen afgeleë is.

Die ontwikkelings in die verslagjaar word uitgespel in die res van hierdie dokument.

1.3 Inligting aangaande die Ministerie

Die prioriteitsmoniteringsfokus van die LUR vir Onderwys was Geletterdheid- en Gesyferdheidsverbetering; die herontwerp van die WKOD; die suksesvolle implementering van die VOO-kurrikulum en die uitbreiding van die VOO se kollegesektor; Skoolveiligheid; Infrastruktuurontwikkeling en Sosialekapitaalontwikkeling. Hierdie fokuspeunte, saam met die fokus op VKO, BOOV en skoolverbetering som die besondere beklemtonings op wat die verslagperiode gekenmerk het.

1.4 Missieverklaring

Die missie van die WKOD is om te verseker dat alle leerders die kennis, vaardighede, waardes verkry wat hulle benodig om:

- hulle potensiaal te verwesenlik
- vervulde lewens te lei
- by te dra tot sosiale en ekonomiese ontwikkeling
- voluit aan die lewe van die land deel te neem
- internasionaal mee te ding
- gemeenskappe te bou wat in staat is om hulle lewens suksesvol en met waardigheid te bestuur.

1.5 Wetgewende mandaat

Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 108 (Wet 1996 van 1996) soos gewysig
Grondwet van die Wes-Kaap, 1998 (Wet 1 van 1998)
Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996) soos gewysig
Wet op Nasionale Onderwysbeleid, 1996 (Wet 27 van 1996)
Wet op Verdere Onderwys en Opleiding, 1998 (Wet 16 van 2006),
Wet op Gehalteversekering vir Algemene en Verdere onderwys en Opleiding, 2001 (Wet 58 van 2001)
Wet op die Indiensneming van Opvoeders, 1998 (Wet 76 van 1998);
Wes-Kaapse Provinsiale Wet op Skoolonderwys (Wet 1997 van 12)

Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet 1 van 1999), soos gewysig
Die Wet op die Jaarlikse Verdeling van Inkomste Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie 103 van 1994)
Wet op die SA kwalifikasiewerheid (Wet 58 van 1995)
Wet op Basiese Onderwys en Opleiding vir Volwassenes, 2000 (Wet 52 van 2000),
Mediumtermyn Begrotingsbeleidverklaring 2008 - 2011
Provinsiale *iKapa Elihlumayo*-strategie
Menslikekapitaalontwikkelingstrategie
Nasionale Kurrikulumverklarings
Mikro-ekonomiese Ontwikkelingstrategie
Onderwyswitskrif 5 oor Vroeëkindontwikkeling
Witskrif 6 oor Inklusiewe Onderwys

Deel 2: Programprestasie

1. Begrotingsfondse

| Hooftoewysing | Aangepaste toewysing | Werklike bedrag bestee | Onderbesteding |
|------------------------------|---|------------------------|----------------|
| R9,019,913,000 | R9,206,088,000 | R9,192,478,000 | R13,610,000 |
| Verantwoordelike Minister | Die provinsiale Minister van Onderwys | | |
| Administrerende Departement. | Departement van Onderwys | | |
| Rekeningkundige Beampte | Departementshoof, Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) | | |

2. Die oogmerk van die pos:

Om seker te maak dat leerders die kennis, vaardighede en waardes verwerf wat hulle benodig om hulle potensiaal te bereik, om by te dra tot die lewe van die land, internasionaal te kompeteer en om gemeenskappe te bou wat hulle lewens suksesvol en met waardigheid te bestuur.

3. Opsomming van programme

Die Onderwyssektor het 'n uniforme begroting en programstrukture aangeneem wat die minimum aantal programme reflekteer. Die aktiwiteite van die WKOD is in die volgende agt programme opgedeel:

| Program | Subprogram |
|--|--|
| 1. Administrasie | 1.1. Kantoor van die LUR: 1.2. Korporatiewe dienste 1.3. Onderwysbestuur 1.4. Menslikehulpbronontwikkeling 1.5. Onderwysbestuursinligtingstelsel (OBIS) |
| 2. Openbare gewoneskoolonderwys | 2.1. Openbare primêre skole 2.2. Openbare hoërskole 2.3. Professionele dienste 2.4. Menslikehulpbronontwikkeling 2.5. Nasionale Skoolvoedingsprogram (NSVP): |
| 3. Subsidies aan onafhanklike skole | 3.1. Primêre fase 3.2. Sekondêre fase |
| 4. Openbare spesialeskoolonderrig | 4.1. Skole 4.2. Professionele dienste 4.3. Menslikehulpbronontwikkeling |
| 5. Verdere onderwys en opleiding | 5.1. Openbare inrigtings 5.2. Professionele dienste 5.3. Menslikehulpbronontwikkeling 5.4. Voorwaardelike toekenning |
| 6. Basiese onderwys en opleiding vir volwassenes | 6.1. Subsidies aan privaat sentrums 6.2. Professionele dienste 6.3. Menslikehulpbronontwikkeling |

| Program | Subprogram |
|---|--|
| 7. Vroeëkindontwikkeling | 7.1. Graad R in openbare skole 7.2. Graad R in gemeenskapsentrums 7.3. Professionele dienste 7.4. Menslikehulpbronontwikkeling |
| 8. Aanvullende en gepaardgaande dienste | 8.1. Betalings aan SOOO 8.2. Projekte vir voorwaardelike toekennings 8.3. Eksterne eksamens 8.4. Onderwyseropleiding 8.5. iKapa Elihlumayo |

4. Oorsig van die diensleweringomgewing in 2008/09

Die populasie van die Wes-Kaap het gegroei sedert die laaste sensus in 2001 en groei steeds. Volgens die Gemeenskapsoorsig 2008, vrygestel deur Statistieke Suid-Afrika (StatsSA) op 31 Julie 2008, bied die Wes-Kaap 'n tuiste aan ongeveer 5,262 miljoen mense, wat 10,8% van Suid-Afrika se totale bevolking. Die Wes-Kaapse populasie het die hoogste

StatsSA dui aan dat provinsiale skattings aansienlik aangepas is. Data van die Gemeenskapsoorsigte rakende fertilititeit, mortaliteit en migrasie impliseer dus dat sommige provinsies 'n laer groeikoers het as wat voorheen geskat is. Dit wil voorkom asof migrasievloei na die Wes-Kaap ook onderskat is. Onderstaande tabel toon die toename/afname in populasiegroei sedert die laaste sensus in 2001 tot die geskatte populasie in 2008.

| Provinsie | Toename/(afname) |
|---------------|------------------|
| Oos-Kaap | 142 537 |
| Vrystaat | 180 925 |
| Gauteng | 1 609 922 |
| KwaZulu-Natal | 679 483 |
| Limpopo | 1 158 |
| Mpumalanga | 467 010 |
| Noord-Kaap | 303 173 |
| Noord-Wes | (244 349) |
| Wes-Kaap | 737 665 |

Die veranderlikheid in leerdergetalle is onvoorspelbaar. Dit maak beplanning van dienslewering, veral van klaskamers en onderwysers, uiters ingewikkeld.


Die data vir die Wes-Kaap gewone openbare skoolstelsel van 1995 tot 2008 word voorsien in **Tabel 1** hieronder om die toename in leerdergetalle in die provinsie te illustreer. Dit illustreer die diensleweringuitdaging wat die WKOD in die gesig staar. Terwyl sommige provinsies 'n afname in inskrywingsgetalle ondervind het, het die WKOD steeds tot 2004 'n toename ondervind. Die abnormale toename van 2003 – 2004 van 23 121 was hoofsaaklik toe te skryf aan die verslapping van die inname-/toelatingsbeleid vir graad 1-leerders wat in 2000 van krag geword het (en ook die rede vir die afname in leerdergetalle van 1999 tot 2000). Die 2005 Jaarlikse Oorsig van Skole het gedui op geen toename van 2004 tot 2005 nie, hoofsaaklik as gevolg van die abnormale toename in 2004. Die 2006-getalle, wat vir die eerste keer verkry is van die SOBIS (Leerderopsporingstelsel), weerspieël 'n aansienlike afname van 2005 tot 2006. Die toename van 2006 tot 2007 is as gevolg van die verwagte normale toename en beter administrasie van SOBIS. Die afname in getalle is die gevolg van versigtige administrasie en die feit dat sommige skole sukkel om die opsporingstelsel in stand te hou.

Tabel 1: Inskrywing in gewone openbare skole 1995 tot 2008

| Jaar | Gr 1 | Gr 2 | Gr 3 | Gr 4 | Gr 5 | Gr 6 | Gr 7 | Gr 8 | Gr 9 | Gr 10 | Gr 11 | Gr 12 | Totaal |
|------|---------|--------|--------|--------|--------|--------|--------|--------|--------|--------|--------|--------|---------|
| 1995 | 99,158 | 84,963 | 80,921 | 79,199 | 76,789 | 72,293 | 68,795 | 67,473 | 61,079 | 50,698 | 41,124 | 34,659 | 817,151 |
| 1996 | 99,998 | 84,845 | 81,137 | 79,996 | 77,673 | 74,142 | 69,474 | 72,116 | 62,696 | 54,440 | 43,574 | 36,764 | 836,855 |
| 1997 | 97,854 | 84,892 | 80,608 | 81,191 | 76,894 | 74,368 | 70,967 | 73,261 | 64,892 | 57,070 | 44,586 | 38,940 | 845,523 |
| 1998 | 99,380 | 90,168 | 85,625 | 85,188 | 80,881 | 76,716 | 73,928 | 76,949 | 67,644 | 61,926 | 46,115 | 40,980 | 885,500 |
| 1999 | 87,436 | 92,925 | 88,613 | 88,014 | 83,074 | 78,495 | 74,661 | 79,043 | 69,674 | 63,479 | 49,247 | 40,206 | 894,867 |
| 2000 | 64,844 | 81,865 | 92,343 | 91,949 | 85,766 | 80,658 | 75,813 | 80,026 | 70,634 | 63,840 | 48,934 | 40,996 | 877,668 |
| 2001 | 81,790 | 62,960 | 81,832 | 94,302 | 89,254 | 83,305 | 77,778 | 82,190 | 71,966 | 67,034 | 50,206 | 39,910 | 882,527 |
| 2002 | 86,969 | 77,026 | 64,134 | 83,022 | 93,188 | 86,786 | 80,865 | 75,601 | 80,450 | 69,752 | 51,618 | 40,468 | 889,879 |
| 2003 | 86,916 | 82,454 | 75,931 | 66,033 | 82,383 | 92,341 | 84,514 | 81,154 | 73,200 | 81,739 | 51,746 | 39,644 | 898,055 |
| 2004 | 104,105 | 82,130 | 81,489 | 76,781 | 66,060 | 82,574 | 89,614 | 85,053 | 78,964 | 80,756 | 54,199 | 39,451 | 921,176 |
| 2005 | 93,515 | 94,231 | 80,695 | 80,809 | 74,984 | 66,141 | 81,953 | 88,778 | 82,169 | 81,577 | 56,657 | 39,303 | 920,812 |
| 2006 | 87,650 | 85,972 | 89,828 | 80,443 | 77,811 | 73,106 | 65,347 | 78,926 | 80,595 | 83,529 | 57,536 | 40,198 | 900,941 |
| 2007 | 92,818 | 82,562 | 83,914 | 89,973 | 78,674 | 78,021 | 72,733 | 66,406 | 80,697 | 86,495 | 61,938 | 42,624 | 916,855 |
| 2008 | 91,853 | 83,267 | 79,454 | 85,891 | 87,116 | 78,290 | 76,146 | 71,410 | 72,914 | 79,133 | 63,819 | 43,470 | 912,763 |

Databron: 1996 – 2006: Jaarlikse Oorsig vir Skole (Gewone Openbare skole)

Figuur 1



Databronne:
 1995 – 2008: Jaarlikse opname vir skole (Gewone Openbare Skole)
 StatsSA: Bevolking 2008 gebasseer op 2007 Gemeenskapsensus

Die Wes-Kaap het 'n geringe verbetering in die onderwysprofiel van sy arbeidsmag oor die afgelope vyf jaar gesien. Dit is nie onverwag nie dat indiensnemingsyfers onder die jeug, spesifiek diegene onder die ouderdom van 25 jaar, laer sou wees as vir die nie jeug. Dit blyk duidelik uit 'n indiensnemingskoers van slegs 29,3% onder 15- tot 24-jariges (baie van wie nog studeer gedurende 'n gedeelte van die betrokke jare) en 69.7% onder 25- tot 34-jariges. Insgelyks het ouer individue waarskynliker uit aktiewe indiensneming getree en dus is die indiensnemingskoers onder 55- tot 65-jariges ongeveer een derde (32.8%).

Die ongeletterdheidsvlakke is besonder hoog vir die Sentrale Karoo (37%), Kaapse Wynland (28%), Overberg (27%) en Weskus (29%). Sentrale Karoo het die ongunstigste aanwysers gehad wat betref werkloosheid, ongeletterdheid en skoolinskrywingskoerse. Volgens Sensus 2001 was die werkloosheidskoers die hoogste (36%), die ongeletterdheidskoers, met 37% van die bevolking bo 14 ongeletterd, was die hoogste, en die inskrywingskoers (87%) was die laagste.

Onderwysvlakke en geskiktheid vir werk is nou met mekaar verbind (wat nie moet impliseer dat onderwys poste skep nie). Meer as 70% van die werkloosies het nie meer as graad 11. Alhoewel hierdie populasie in 2005 effens hoër is as wat dit vyf jaar gelede was, het die aantal werklose individue met graad 9 tot 11-onderwys dramaties toegeneem oor die tydperk, met 'n statistiesbeduidende 12,6% 'n jaar. 'n Soortgelyke groeikoers word waargeneem by die aantal werklose individue met 'n graad 12-kwalifikasie.

5. Oorsig van die organisatoriese omgewing in 2008/09

Die WKOD, as die grootste werkgewer in die Wes-Kaapse Provinsiale Regering, bestaan uit die Provinsiale Ministerie van Onderwys met die Lid van die Uitvoerende Raad verantwoordelik vir Onderwys (LUR) aan die hoof, 'n provinsiale hoofkantoor, onderwysdistrikskantore en onderwysinrigtings, insluitende gewone openbare en spesiale skole, kolleges vir verdere onderwys en opleiding (VOO-kolleges), gemeenskapsleersentrums vir volwassenes en vroeëkindontwikkelingsterreine (VKO-terreine).

WKOD-aktiwiteite – omvang en skaal

| | |
|--|--------------------|
| Leerders | 945,864 |
| Gewone openbare skole | 1 452 |
| Skole vir leerders met spesiale behoeftes # | 72 |
| Verdere-onderwys-en-opleidingsinrigtings (tegniese kolleges) | 6 (39 terreine) |
| Gemeenskapsleersentrums vir volwassenes | 112 (301 terreine) |
| Gesubsidieerde preprimêre skole | 446 |
| Distrikskantore | 8 |
| Opvoeders | 31 619 |
| Staatsdienspersoneel (goedgekeurde diensstaat) | 8 971 |

**2008: Jaarlikse Oorsig vir skole (Graad: voor gr R tot na-matriek)

* Inrigtings huidige (Alle gewone openbare skole, grade: voor gr R tot na-matriek).

In Oktober 2008 is die totaal met 3 vergroot, d.w.s. die totaal was toe 1455 skole

Bron: 2009 Meesterlys 7 Februarie 2009

Organisatoriese Herontwerp

Die implementering van die organisatoriese herontwerp het voortgegaan. Die bane van die herontwerpproses is om inrigtingskapasiteit te bou, dienslewering te versterk, en indiensnemingsbillikheid te bespoedig. Ingevolge die nuwe organisatoriese struktuur is die provinsiale hoofkantoor onderverdeel in vier takke (voorheen drie), naamlik Strategie en Beplanning, Kurrikulumbestuur, Inrigtingsontwikkeling en Koördinerings, en Korporatiewe Dienste. In 'n poging om bestuur en ontwikkelingsondersteuning nader aan skole te bring, is daar 'n aansienlike toename in die aantal poste wat skole direk vanuit die onderwysdistrikskantore bedien.

In die huidige oorsigjaar het 283 nuwe persone hulle aanstellings in die mikrostrukture aanvaar. Die prosesse van kortlysting, keuring, oriëntering en induksie – saam met gelyklopende uitdagings om dienslewering te handhaaf in afdelings wat personeel aan bevorderingsposte moes afstaan – het groot uitdagings meegebring. 'n Werwing- en Keuringsentrum is daargestel met as spesifieke opdrag die verlening van steun vir die spoedige vul van poste.

Die laaste fase van die implementeringsproses was primêr toegespits op die opstel van 16 dienspunte en die nuwe 49 onderwysdistrikskringspanne – om gefokusde ondersteuning nader aan onderwysterreine te bring. Tot 76% van kringspanposte (11 poste per kringspan) is gevul. Die meeste van die kringspanne is reg geplaas om meer gefokusde ondersteuning te bied – veral aan onderpresterende skole.

In die huidige oorsigjaar is 14 van die 16 dienspunte reeds opgestel. Dit is 'n groot uitdaging om geskikte akkommodasie vir dienspunte in Knysna en Riversdal te kry. In hierdie verband werk die WKOD baie nou saam met sy susterdepartement, Vervoer en Openbare Werke, om hierdie dienspunte gedurende die volgende fase te vestig. Die verplasing van die Onderwysdistrik Weskus in Paarl na Malmesbury is ook afhanklik van die verkryging van geskikte akkommodasie in Malmesbury. Die uitdaging sal in die medium tot langer termyn aandag geniet.

6. Strategiese oorsig en sleutelbeleidontwikkelings vir die 2008/09 finansiële jaar

Wysigingswet op Onderwyswette

2008 het 'n nuwe uitdaging gebring met die implementering van die Wysigingswet op Onderwyswette, 2007 (Wet 31 van 2007), wat op 31 Desember 2007 van krag geword en in werking getree het. Die instelling en koördinerings van die implementeringsplan is toegespits op sleutelaspekte van die Wysigingswet op Onderwyswette – naamlik willekeurige deursoeking en beslaglegging; dwelmtoetsing; die funksies en verantwoordelikhede van prinsipale; die identifisering van onderpresterende skole; kapasiteit van skole en leer- en onderrigondersteuningsmateriale.

Wet op VOO-kolleges

Ingevolge die Wet op VOO-kolleges van 2006 word die "werkgewer" in kolleges die kollege in stede van die WKOD: dit word tans in die stelsel in werking gestel. Die Wet het 'n aansienlike mate van Uitvoerende Bevoegdheid behou in die Lid van die Uitvoerende Raad in die Provinsie. Hierdie bevoegdheid, sommige waarvan uitgeoefen mag word met die instemming van die Nasionale Minister van Onderwys, kan, by wyse van delegasie tussen die LUR en die Departementshoof, uitgeoefen word deur die laasgenoemde – bykomend tot dié wat spesifiek deur die Wet toegewys is aan die DH. Al word die kollege 'n werkgewer, stel die LUR personeel in verskillende kategorieë aan en besluit oor sake soos die kollegediensstaat, vervreemding van beide roerende en onroerende bates; samesmelting van openbare kolleges; en goedkeuring van kollegestatuuat.

Menslikekapitaalontwikkelingstrategie

Die breë beleide, prioriteite en strategiese doelwitte van die WKOD is uiteengesit in die Vyfjaarplan en is omvat in die Menslikekapitaalontwikkelingstrategie (MKOS) wat in Maart 2006 geloods is. In daardie stadium het die MKOS sy funksie soos volg gedefinieer: Ten einde die konsep van "holisme" te bevorder, sal hierdie strategiedokument die WKOD se Onderwysvisie 2020-dokument en sy 5-jaar Strategiese Plan subsumeer. In Oktober 2008 het die provinsiale kabinet egter 'n voorstel goedgekeur dat die WKOD nie langer die voorste departement verantwoordelik vir die ontwikkeling van die MKOS namens die Provinsiale Regering sal wees nie. Alhoewel dit met kragdadigheid sou deelneem aan die Provinsie se breër ontwikkelingstrategie, sou die WKOD slegs, as sy spesifieke verantwoordelikheid, die Provinsie se onderwystrategie hê. As gevolg van hierdie stap het die oorspronklike 5-jaarplan van die WKOD teruggekeer na sy status as die sleuteldokument.

Nasionale Kurrikulumverklaring (NKV)

Implementering van die NKV het graad 12 in 2008 bereik. Die invoer van nuwe vakke, die radikale veranderinge aan vorige sillabusse en die nuwe assesseringsmodelle het saamgewerk om dit 'n baie ernstige uitdaging vir die Onderwysdepartement te maak.

7. Departementele Ontvangste

Ontvangste is ingesluit in Tabel ST001.

Departementele inkomste ten bedrae van R22,545 miljoen is gedurende 2008/09 ontvang. Die hoofbronne van eie inkomste versamel was die volgende:

- Administrasiegelde (assuransiepremie-invorderings);
- Gelde vir reprografiese dienste; en
- Terugbetalings ten opsigte van vorige jare en finansiële transaksies, d.w.s. afskrywing na inkomste.

8. Departementele Betalings

Betalings is ingesluit in Tabel ST001.

Verreweg die grootste gedeelte van die uitgawe is aangegaan vir die primêre en hoërskoolstelsel, insluitende skole vir LSOB. In die skoolstelsel word personeel op billike wyse toegeken ingevolge die posvoorsieningsnorme volgens gerapporteerde leerdergetalle, armoede-indelings van gemeenskappe en vakke aangebied. Norme-standaardfondse word toegeken volgens nasionale armoedekwintiele, met die armste kwintiel wat gemiddeld ses keer meer as die mins arm kwintiel ontvang.

Niepersoneelbesteding verteenwoordig 22.9% van die totale besteding vir die 2008/09-finansiële jaar. Niepersoneelbesteding sluit in fondse vir norme en standaarde; befondsing vir gewone openbare primêre en hoërskole, leerdervervoerskemas en infrastruktuur. Dit sluit ook in betalings aan onafhanklike skole, spesiale openbare skole, VOO-kolleges, BOOV-sentrums en VKO-skole en -terreine.

Program 2: Gewone openbare skoolonderwys bly steeds die hoofokus van die departement se befondsing. Hierdie program was verantwoordelik vir 80,6% van die totale uitgawe vir 2008/09. Die vernaamste dienste wat onder hierdie program ingesluit is, is primêre en hoërskoolonderwys by gewone openbare skole (insluitend infrastruktuur), die onderwysdistrikskantoor se bestuur- en ontwikkelingsondersteuning aan onderwysinrigtings, menslikehulpbronontwikkeling vir inrigtinggebaseerde personeel en die Nasionale Skoolvoedingsprogram se voorwaardelike toekenning. 55,1% van die program se besteding was aan primêre skole en 38,8% aan hoërskole.

Ander programme wat 'n aansienlike toename van besteding vergeleke by vorige jare gehad het, is Program 5: Verdere Onderwys en Opleiding, waar fondse voorsien is vir die herkapitalisering van VOO-kolleges, Program 7: Vroeëkindontwikkeling, waar addisionele hulpbronne voorsien is om deelname aan graad R te bevorder en vir die UPWP om voorsiening te maak vir die opleiding van VKO-praktisyns by VKO-terreine en om hulpbrontoerusting vir hierdie terreine te voorsien, en Program 8: Aanvullende en verwante dienste, waar fondse spesifiek voorsien is vir die verdere uitrol van die MKOS'e, ooreenkomstig die provinsiale ontwikkelingstrategie, iKapa Elihlumayo.

9. SEKTOR-, PROGRAM- EN SUBPROGRAMPRESTASIE

9.0 Die Provinsiale Onderwyssektor

Meetbare doelwitte

Die volgende meetbare doelwitte (▲) en prestasiemaatreëls (▶) het betrekking op die provinsiale onderwyssektor:

| | Meetbare doelwitte | Prestasiemaatreëls |
|------------------|--|---|
| Toegang | <ul style="list-style-type: none">▲ Om te verseker dat die populasie van verpligte skoolgaande ouderdom in die provinsie skole bywoon▲ Om onderwys progressief beskikbaar te maak aan jong mense en volwassenes bo verpligte skoolgaande ouderdom | <ul style="list-style-type: none">▶ PM001: Persentasie van kinders van verpligte skoolgaande ouderdom wat skole bywoon▶ PM002: Persentasie van jong mense bo verpligte skoolgaande ouderdom wat skole en ander onderwysinrigtings bywoon |
| Diensbillikheid | <ul style="list-style-type: none">▲ Om te verseker dat armes algemeen bevoordeel word in die openbare finansiering van onderwys | <ul style="list-style-type: none">▶ PM003: Openbare besteding aan die armste leerders as 'n persentasie van openbare besteding aan die minste arm leerders |
| Doeltreffendheid | <ul style="list-style-type: none">▲ om 'n punt te bereik waar onderwysuitkomstes gemakliker word in terme van toegang en gehalte, gegewe die beskikbare onderwysbegrotings | <ul style="list-style-type: none">▶ PM004: Jare toevoer per VOOS-gegradueerde |
| Afvoer | <ul style="list-style-type: none">▲ Om te verseker dat die afvoer van gegradueerdes uit die onderwysstelsel in ooreenkoms is met ekonomiese en sosiale behoeftes | <ul style="list-style-type: none">▶ PM005: Gemiddelde hoogste skoolgraad behaal deur volwassenes in die populasie |
| Gehalte | <ul style="list-style-type: none">▲ Om 'n gemeenskap wat geletterd is te bou | <ul style="list-style-type: none">▶ PM006: Volwassene-geletterheidskoers |

Vordering

Verslag oor prioriteite wat in die Jaarlikse Prestasieplan vir 2008/09 geïdentifiseer is

1) Verbetering van die Gehalte van Leer

a) Deurlopende ondersteuning vir geletterdheid en gesyferdheid in primêre skole

Uitslae van diagnostiese toetse in graad 3 en 6 toon 'n toenemende verbetering in geletterheidsuitslae wat ons intervensies geloofwaardig maak. Die Gesyferdheidsuitslae toon moeiliker 'n verbetering en stadige vordering het uitloop op verdubbeling van pogings om 'n impak te maak.

250 skole is geïdentifiseer om deel te neem aan die eerste stadium van die geletterdheid /gesyferdheid-intervensie (2008 – 2016), 125 skole is toegewys aan Geletterdheidsintervensies en 125 aan Gesyferdheid. 'n Provinsiale bekendstelling van die Grondslae-vir-leerveldtog is in November gehou en is bygewoon deur bykans 2000 verteenwoordigers van skole oor die provinsie heen.

b) Die verdere uitrol van die PGOOO in 2008/09 wat gemik is op die armste skole in nasionale kwintiele 1, 2 en 3 om te verseker dat hierdie skole die basiese minimum fisiese, leer-en-onderrig-, menslike en finansiële hulpbronne om gehalteleer en -onderrig moontlik te maak, ontvang

PGOOO het in 2008/09 sy ondersteuning aan primêre en hoërskole in Nasionale Kwintiel 3 uitgebrei.

Die PGOOO-intervensiestrategie in 2008/09 het gepoog om die tekortkomings en uitdagings wat deur die oudit van hulpbronne (materieële, fisiese en menslike) geïdentifiseer is, in 405 nasionale kwintiel (NK) 1 en 2 skole, en NK 3 nieskoolgeldbetalende skole aangespreek. Dit was toegespits op die verbetering van die lewering van gehalteonderwys deur opvoeders, die skep van 'n klaskameratmosfeer wat bevorderlik is vir onderrig en leer, en die voorsiening van gelyke

geleentheid in die Wes-Kaap deur middel van 'n regstellingsprogram. PGOOO is 'n regstellingsprogram wat deur middel van 'n gestruktureerde proses poog om basiese hulpbronne soos toerusting, verbruikbare items, herstelwerk aan infrastruktuur, biblioteekmateriaal en kurrikulumondersteuningshulpbronne aan die armste skole te voorsien.

Terwyl dit die grondrede agter PGOOO is om arm skole op gelyke voet te bring met ander skole wat voldoende hulpbronne het, is die uiteindelijke doel verbeterde leer en onderrig.

Die sleuteldoelwitte is dus die volgende:

1. Om die huidige Geletterdheid-en-gesyferdheidstrategie van die WKOD te ondersteun en met hulle te integreer
2. Om nie te dupliseer of by te voeg by die inisiatiewe van die WKOD nie, maar om liever sy huidige onderrig-, leer- en assesseringstrategie te bevorder en te verryk
3. Om behoeftes van skole en die impak van die projek te assesser deur gebruik te maak van huidige evaluerings- en assesseringsprosesse in die WKOD, naamlik GGBS-prosesse
4. Om die impak van armoede op die voorsiening en gehalte van onderwys te erken as die primêre invloed op die ontwerp en implementering van die projek
5. Om te verseker dat 'n minimum vlak van hulpbronvoorsiening vir alle skole gewaarborg is om leerderprestasie te verbeter
6. Om die Nasionale Kurrikulumverklaring in die AOO- en VOO-bande te versterk
7. Om klaskamerpraktyk te bevorder deur te verseker dat daar 'n aangename en warm klaskameromgewing is
8. Om te verseker dat klaskamers ryk is aan drukwerk deur hulpbronmateriaal wat goeie onderrig en leer sal ondersteun, te voorsien
9. Om onderwysdistrikte en skole effektief te monitor en te ondersteun met die integrering van kurrikulumpraktyk met hulpbronne

c) Suksesvolle implementering van die Nasionale Kurrikulumverklaring (NKV) in graad 12 in 2008

In 2008 is die eerste Nasionale Senior Sertifikaat- (NSS-) eksamen deur 43 953 kandidate by 408 eksamensentrums geskryf. Die Wes-Kaap het die hoogste slaagsyfer gehandhaaf. Vanjaar was dit 78.6%. Daar was egter 'n afname van 2% vergeleke met die slaagsyfer van 80.6% wat in 2007 in die Senior Sertifikaat-eksamen behaal is (Verslag 550).

In terme van gehalte van slaagsyfers het 4 222 meer kandidate gekwalifiseer vir toegang tot universiteit in 2008 as in 2007. Dit is 'n goeie voorteken vir die toekoms van die provinsie.

'n Totaal van 19 957 kandidate het Wiskunde in 2008 geskryf, en 'n totaal van 13 612 het Fisiese Wetenskap geskryf. Van hulle het 13 003 (65%) kandidate Wiskunde by 30% geslaag, en 9 691 (71%) kandidate het Fisiese Wetenskap by 30% geslaag. 'n Totaal van 8 031 kandidate het Wiskunde by 50% of meer geslaag en 4 351 kandidate Fisiese Wetenskap by 50% of meer.

d) Versterk die Nasionale Leerderprestasiestrategie om die aantal skole wat minder as 60% in die Senior Sertifikaat-eksamen behaal te verminder

As die 2008-uitslae van die 54 openbare skole wat onderpresteer het, ondersoek word, is dit duidelik dat

- 23 van die 56 (54 Openbare) skole hulle slaagsyfer tot bo 60% verbeter het.
- 30 van die 56 (54 Openbare) skole hulle uitslae in meerdere of mindere mate verbeter het.
- 24 skole 'n afname in hulle finale uitslae in vergelyking met 2007 getoon het.

WKOD-beamptes het intensiewe ondersteuning aan die 54 openbare skole gebied. 'n Reeks intervensies, gebaseer op die behoeftes van die skool, asook provinsiaal-gekoördineerde inisiatiewe, het die basis van die strategie gevorm. Die WKOD-strategie in 2008 het gefokus op 3 kernareas, naamlik Bestuur en Leierskap, Onerrig en Leer en Netwerking en Vennootskap.

e) Die voortgesette professionele ontwikkeling van prinsipale en onderwysers (Gevorderde Onderwysertifikaat (GOS) en Nasionale Professionele Onderwysdiploma (NPOD)), met prinsipale ingeskryf vir 'n tweejaar-GOS, en onderwysers ingeskryf vir 'n verskeidenheid van kursusse

In 2008 het die WKOD 289 prinsipale, adjunkprinsipale en departementshoofde by drie hoërondewysinrigtings oor die provinsie heen ingeskryf vir die GOS vir Skoolleierskap. In die eerste kwartaal van 2009 is 'n addisionele 100 ingeskryf.

f) Die uitrol van 'n verdere 200 rekenaarfasielitteite as deel van die Khanya Tegnologie-in-onderwysprojek

In totaal is 1 007 skole tot dusver voorsien van tegnologiefasiliteite, tipies van rekenaarlaboratoriums bestaande uit tussen 25 en 40 rekenaars elk (PAN-genetwerk en Internetgekoppel). Die vereiste infrastruktuur word by 'n verdere 150 skole voorberei. 39 022 PR'e is in die bogemelde skole aangewend. 21 500 opvoeders het basiese IT-opleiding ontvang. Ongeveer 750 000 leerders trek voordeel uit die gebruik van die tegnologie op 'n daaglikse basis. Die uitgawe vir 2008/2009 was R93 miljoen. R98 miljoen is begroot vir 2009/2010.

g) Die implementering van 'n loodskursus vir skoolbesigheidsbestuurders in 2008

Die program is goedgekeur deur die OOP-SETA en die loodsing het in Augustus 2008 'n aanvang geneem. Dit is geskeduleer om tot November 2009 voort te gaan.

h) Alle skole moet skoolverbeteringsplanne (SVP's) ontwikkel en teikens daarstel wat sal dien as die basis vir die ondersteuning wat gebied word deur onderwysdistrikspersoneel, en die heleskoolevaluering (HSE) van ten minste 30 skole per jaar.

Alle skole het skoolverbeteringsplanne met teikens vir 2008. Alle hoërskole het teikens gestel vir leerderprestasie in graad 12. Ter voorbereiding van die SVP's vir 2009 is spesiale opleiding verskaf aan skoolbeheerspanne en onderwysdistrikspersoneel oor hoe om realistiese rekbare teikens daar te stel. 61 skole, waarvan 31 PGOOO-skole was, is teen die einde van Maart 2009 geëvalueer.

i) Die ontwikkeling van onderwysers (deurlopende en versnelde onderwyserontwikkeling) – deur die WVP- en KILO-intervensies en die versekering dat hulle maksimum impak maak en verantwoordbaar gehou word ooreenkomstig die Geïntegreerde Gehaltebestuurstelsel (GGBS).

Die prestasie-meting van onderwysers vind in alle skole in die provinsie plaas.

j) Die finale fase van die herkapitalisasie van alle VOO-kolleges, met 'n fokus op die uitbreiding van die Weskuskollege-fasiliteit, om vaardighedsontwikkeling in lyn met die MEOS en nasionale behoeftes te verseker, soos in hooftrekke beskryf deur die nasionale Menslikehulpbronontwikkelingsstrategie

Lektore en bestuurders is opgelei op Nasionale Sertifikaat (Beroepsgerig) (NS(B)) en verwante sake en administratiewe personeel is opgelei op BIS-administrasie. Daar was stelselopgraderings. Ingenieurswesewerkswinkels, kombuis, klaskamers en rekenaarwerkstasies is opgegradeer. Nuwe klaskamers en werkswinkels is gebou. Werkswinkels en kantore is nuut toegerus. 14 NS(B)-programme is geïmplementeer oor die provinsie heen en uitstaande handboeke verkry. Die Vredendal en fase een van die Vredenburg Kampus van Weskus Kollege is voltooi. Verdere boufasies hang af van die beskikbaarheid van fondse. Twee nuwe Sentrums vir uitnemendheid (nl. Bootbou te Valsbaai en Kreatiewe Kunste en IKT te Kaapstad – get begin as deel van die WKOD se bydrae tot 'n Geïntegreerde Kreatiewe Kunste-inisiatief vir die provinsie – vorder goed.

k) Die uitbreiding van deelnemingskoers in Wiskunde, Fisiese Wetenskap en Tegnologie deur die deurlopende inbring van fokusskole en die toename in die getal Dinaledi-skole en die verbetering van slaagkoerse vir graad 12 in Wiskunde en Wetenskap.

Inskrywings van histories-benadeelde leerders in Wiskunde en Fisiese Wetenskap in Dinaledi-skole het in die afgelope vyf jaar verdubbel, veral wat betref die getal swart dogters en swart seuns wat hierdie vakke geneem het. Verhoogde inskrywings is 'n deurlopende fokus. die getal Dinaledi-skole het vermeerder tot 48, en dan is daar ook 8 Wiskunde, Wetenskap en Tegnologie- (WWT-) fokusskole.

In 2008 is die provinsiale teiken van 8 000 hoëvlak Wiskunde-geslaagdes oortref, wat bygedra het tot die bereiking van die nasionale slaagsyfer-teiken van 50 000 vir die 2008 Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen.

Dinaledi en WWT-skole was verantwoordelik vir 1398 (17.4%) van die provinsiale teiken vir hoëvlak Wiskunde-slaagsyfer van 50% en hoër. 761 (17.5%) leerders het 'n hoëvlak-slaagsyfer van 50% en meer vir Fisiese Wetenskap verwerf.

l) Verhoogte toeganklikheid tot BOOV deur gestruktureerde Vlak 1 en 2 kurrikulumaanbiedings in sentrums

'n Aantal intervensies is onderneem deur die nuutgestigte kurrikulumsdirektoraaat. Lesplanne is ontwikkel met kurrikulumadviseurs en opleiding is verskaf. Daar word verwag dat die lesplanne uitgedeel sal word aan al die gemeenskapsleersentrums vir implementering. Terreingebaseerde take vir assessering (TGA) is ontwikkel en in alle gemeenskapsleersentrums versprei. Alle gemeenskapsleersentrums is georiënteer t.o.v. die gebruik van hierdie dokumente. Die TGA's is in Afrikaans vertaal en onder alle GLS'e versprei. Behalwe bogenoemde is die Hersiene Eenheidstandaarde in Afrikaans vertaal en onder alle GLS'e versprei.

2) Verbeteringe aan stelsels en ondersteuning

a) In die jaar in oorsig is die volgende verbeterings aangebring aan stelsels en ondersteuningstrukture:

Menslikekapitaal-verlofstelsel wat uit die volgende twee modules bestaan

- Vaslegging van stelsel vir kontrakaanstellings (SVK)
- Bywoningsregister
- Persal vertoning vir lynbestuurders
- Loodsing van die Kontrolebetaalstaatstelsel
- Loodsing van die versameling van kwalifikasies (200 skole)

b) Die verdere ontwikkeling van sleutel-provinsiale onderwysbeleide en -strategieë, soos aangedui deur 'n beleidsoudit wat uitgevoer sal word deur die nuutgevormde Direkoraat vir Beleidskoördinerings.

Fase 1 van die Beleidsoudit is voltooi soos aan die einde van die finansiële jaar 2008/09, volgens tydraamwerke in die sakeplan. 'n Beleidsregister is ontwikkel waarin alle beleide wat betrekking het op WKOD-funksies, vasgelê sal word. Tot dusver is 284 beleide vasgelê op Beleidsregister, waarvan 42 nasionale beleide is. 'n Sleutelgevolg van Fase 1 van die Beleidsoudit is om drukstukke en elektroniese kopieë te hê van al die beleide wat tans op die Beleidsregister gereflekteer word. Die Beleidsoudit sal uit die volgende fases bestaan:

1. Die opstel van 'n beleidsouditinventaris, wat bedoel is om afgehandel te wees teen die einde van die 2008/09 finansiële jaar.
2. Die assessering en hersiening van wet en beleide – geskeduleer vir die 2009/10 finansiële jaar
3. 'n Verslag met die aanbevelings vir die inisiëring, hersiening, in lyn bring en rasionalisering van beleide – geskeduleer vir die 2009/10 finansiële jaar
4. Fasilitering en koördinerings van die beleidsontwikkelingsproses ooreenkomstig ooreengekome wysigings – beginnende in die 2009/10 finansiële jaar.
5. Fasilitering van die implementering van beleid, bestaande uit die opleiding van alle relevante rolspelers en belanghebbendes - deurlopend
6. Monitering en evaluering - deurlopend

Die ouditering van beleide sal doeltreffende en effektiewe dienslewering meebring, deur te verseker dat die relevante beleide in ooreenstemming is met mekaar en met nasionale wette en beleid en dat die beleide intern samehangend is en in ooreenstemming is met die Grondwet.

c) Die versekering dat die leerdernaspoorstelsel doeltreffend opereer, en begin met die implementering van die Verdere Onderwys en Opleiding Bestuursinligtingstelsels (VOOVIS) in VOO-kolleges

Die leerdernaspoorstelsel vir openbare gewonde skole word bedryf en in stand gehou. Bestuursbesluite soos die toekenning van Norme-en-Standaardefondse en posvoorsiening is gebaseer op inligting wat verkry is van die leerdernaspoorstelsel (SOBIS) SOBIS is geïntegreer met die nasionale leerdernaspoorstelsel (LURITS). Die SOBIS-leerderdata word vasgelê op die LURITS-databasis d.m.v. 'n vasleggingsinstrument. Die nasionale skooladministrasiesstelsel (SASAMS) word op die web geplaas om te integreer met die leerdernaspoorstelsel Die web-vriendelike i-SAMS sal geloods word teen die einde van 2009. 100 skole loods SASAMS. Lewendige implementering van i-SAMS word beplan vir Januarie 2010. Die huidige Besigheidsintelligensiestelsel (BI-stelsel) EduInfoSearch wat data versamel het van 'n aantal interne databasisse, is uitgebrei om 'n aantal verslae te akkommodeer wat gebruik kan word om besluitneming te lei.

FETMIS: Die WKOD skaf 'n algemene VOO-Besigheidsbestuurstelsel aan in samewerking met die DvO. Die plan om die VOO Kollegebesigheidsbestuurstelsel te ontplooi, wat 'n leerdernaspoorstelsel vir kolleges insluit, is geïnisieer as deel van die nasionale loodsing.

Die Wes-Kaap VOO-kolleges ondersoek tans hoe hulle IKT-netwerkinfrastruktuur inpas by die nuwe stelselvereistes. Daar word voorsien dat die naaste SETA-netwerkpunt gebruik sal word om met die nasionale loods-agterend-infrastruktuur te koppel. Konsultasie met alle betrokkenes geskied tans en dit word algemeen aanvaar dat die Wes-Kaap die nasionale loods op 'n gestapelde wyse sal begelei.

d) Die verbetering van alle aspekte van finansiële bestuur en rekeningkundige verantwoordelikhede om uiteindelik te beweeg na 'n Vlak 4-organisasie wat ouditeerbaar is.

Die WKOD het 'n ongekwalifiseerde ouditverslag in 2008 gekry. Die departement het stappe gedoen om die algemene beheeromgewing te verbeter.

e) Voortgesette verbetering van skoolveiligheid, met die fokus op fisiese veiligheidsgeriewe vir risikokole, om 'n veilige onderwysomgewing te verseker.

Dit is merkwaardig dat suksesvolle CCTV-moniteringstelsels by 60 skole in die provinsie geïnstalleer is. 'n Beperkte getal van hierdie skole word sentraal gemoniteer. 'n Verdere verbetering sal wees die vestiging van 'n moniteringstelsel vir die volle komplement van 60. Voortgaande fisiese verbeterings by skole vind plaas na gelang die behoefte daaraan ontstaan. Hierdie verbetering sluit in alarmstelsels, diefwering en omheinings.

f) Voortgesette bou van sosiale netwerke in Onderwys deur, o.a. die embrioniese Vereniging vir Afgetrede Onderwysers, ondersteuning aan skole wat 'n oudleerdervereniging begin, die portuuronderrig-inisiatief en die voorsiening van forums vir skoolbeheerliggame (SBL'e). Opleiding en ondersteuning van SBL'e en VRL'e sal gehandhaaf word om algehele verbeterde deelneming en leierskap moontlik te maak t.o.v. verskeie ontwikkelingsuitdagings wat skoolgemeenskappe mee te doen kry.

'n Provinsiale VRL-konferensie is in Julie 2008 gehou. Die maatskaplike netwerkinisiatiewe word uitgerol in die 27 prioriteitsareas van die Sosialetransformasieplan. Daar is ongeveer 6 500 portieropvoeders aktief in 145 hoëskole, wat bydra tot die ontwikkeling van 'n sosiaal- kapitale netwerk wat te doen kry met kwessies soos seksuele gedrag en middelemisbruik onder hulle portiers, en hulle help om gesonde leefstylkeuses te maak.

Die Provinsiale Prinsipaalsforum is op 6 Februarie 2009 van stapel gestuur. Al die prinsipale in 'n kring dien op die kringforum, waaruit hulle twee prinsipale moes kies om op die onderwysdistriksforum te dien. Die prinsipale wat op die onderwysdistriksforum dien, kies twee lede om op die Provinsiale Prinsipaalsforum te dien. Die doel van hierdie forum is om 'n geleentheid te skep vir die WKOD om met prinsipale te beraadslaag oor sekere kwessies, en vir die prinsipale om sekere kwessies met die WKOD te bespreek. Dit skep ook geleentheid vir hulle om met mekaar te beraadslaag.

g) Ontwikkeling van versorging- en ondersteuningstrategieë vir kwesbare kinders

Wes-Kaapse skole word aktief aangemoedig om nodusse van versorging en ondersteuning te word vir kwesbare kinders – 'n konspe wat totaal sinoniem is en/of versoenbaar is met WKOD-ondersteunde inisiatiewe, soos kindvriendelike skole (UNICEF), Gemeenskapskole (LUR) en Gesondheidsbevorderingskole (WGO). Met die ondersteuning van gemeenskapsgebaseerde organisasies en ander provinsiale regeringsdepartemente (Departement van die Premier, Departement van Gesondheid en Departement van Veiligheid en Ontwikkeling), die opleiding van skoolbeheerliggame en gekoopteerde SBL-lede word progressief ontplooi by alle skole. Die aanvanklike fokus was op die mees benadeelde skoolgemeenskappe en die STP-27 gebiede. Die opleiding van nie-SBL-opvoeders sal volg. Diensfeeste, wat geïnisieer is deur middel van vennootskappe met Soul City en ander NRO – om toegang tot armoedeverligting via sosiale toekennings soos die Kinderondersteunings-toekenning, te verkry en sodoende skole in ons kwesbaarste omgewings te behou – het nou 'n hoofstromeienskap geword van die provinsiale regering se Maatskapliketransformasieprogram (STP-27). Die nasionale DvO beraam hulle waardebyvoeging op R0,5m elk. In 2008/09 is 31 feeste gehou in die 27 STP-gebiede en geïmplementeer deur al drie lae van die regering – in samewerking met plaaslik-georganiseerde, verteenwoordigende burgerlikegemeenskapstrukture gefokus op kinders en die jeug – en meer as 115 000 mense is so bereik.

Vorderingsverslag t.o.v. WKOD sleutelontvangbares vir 2008/09

1. Toeganklikheid (ook toereikendheid en doeltreffendheid)

| | VORDERING |
|---|--|
| 1.1 Verskaf leerprogramme van hoë gehalte (Graad R) aan alle 5-jarige kinders in die Wes-Kaap teen 2010; | Werkskedules vir graad R sal in Julie 2009 ontwikkel word. |
| 1.2 Verskaf programme van gehalte aan graad 1 – 9-leerders sodat leerders die Algemene Onderwys en Opleidingband (AOO-band) verlaat met hoë vlak van taal- en wiskundevaardighede wat nodig is om hulle leer- en verdienstegeleenthede te verbeter; | Werkskewuleontwikkeling en -opleiding Tydens Julievakansie (2008), en vir aantal daaropvolgende naweke is werk-skedules uitgewerk deur spanne onderwysers en beamptes. die werkskedules dek graad 1 – 6, alle leerprogramme en leerareas. Hulle gee leiding aan onderwysers oor wat om te onderrig en hoe om dit te doen – ooreenkomstig beleidsvereistes en die vereistes van die Grondslae-vir-leer-veldtog Werkskedules is aan kurrikulumadviseurs verduidelik en bemiddelingsessies word beplan. Vertaling van die werkskedules in Afrikaans en Xhosa is aan die gang. Werkskedules vir graad 7 sal in Julie 2009 ontwikkel word. |
| 1.3 Verhoog die getal van die populasie van 15 – 17-jariges wat ingeskryf is op relevante programme wat lei tot indiensneming of toegang tot hoër onderwys; | Kolleges het hulle inskrywing van NK(B)-studente van 5 974 in 2007 na 10 800 in 2009 vermeerder. |
| 1.4 Toename in getal leerders wat toegang het tot doelwitgedrewe programme vir Basiese Onderrig en Opvoeding vir Volwassenes (BOOV) | Nuwe terreine is geopen in Eden en Weskus en 'n voltydse sentrum in Elsie-rivier het leerders van Februarie 2009 ingeskryf terwyl herstelwerk aan die gebou gedoen is. Klasse bir BOOV vlak 1 tot 4 is ten volle operasioneel. |

2. Toegang, regstelling en gelykberegting

| | VORDERING |
|---|---|
| 2.1 PGOOO Ontplooiing van ondersteuning aan skole in die nasionale kwintiele 1 – 3 om infrastruktuur, biblioteke, bronmateriale en kurrikulumlewering deur geteikende intervensies te verbeter; | In totaal is 655 skole geïdentifiseer vir die 2008/09 finansiële jaar. Dit maak uit 100% van K1-3-skole in die provinsie en sluit in 107 sekondêre en 546 primêre skole in hierdie kwintiele in. Die totale begrotingstoelae vir 2009/09 was R15 246m en is geoormerk om die volgende bronne te verskaf: a. Fisiese Wetenskappe – chemikalieë en toerusting in 90 skole – R2,425m b. Fisiese Wetenskappe – chemikalieë en toerusting in 104 skole – R5,5m c. Herstelwerk en instandhoudingswerk in 120 skole – R46,5 d. Verbeter sekuriteit en veiligheid in 20 skole – R2,0m e. Geografiese Inligtingstelsels (GIS'e) in 285 sekondêre skole – R1.8m f. Biblioteekbronne en –materiale in 655 skole – R42.76 g. Opleiding van 196 primêre en sekondêre skoolonderwysers in biblioteek-bestuur h. Rekenaarinfrastruktuur, hardeware en sagteware in 40 skole – R7m i. heelskoolevaluering in 30 skole – R1,7m j. Buitemuurse programme in 13 loodsskole – R5m k. Personeel, verbruikbares, R & V, drukwerk – R3,446m l. Skoliervoer R30m |
| 2.2 Fisiese veiligheidsfasiliteite/ glanspunte vir risikoskole: voorsiening van veiligheidsbeamptes, Geslotebaan TV in geselekteerde skole, verhoogde direkte en ondersteunende betrokkenheid by skole deur Senior Bestuur-dienslede en versterking van skakels met vennote | Deurlopende risikoassesserings word gehou by geteikende skole om basiese veiligheidsinfrastruktuur te verbeter Noodherstelwerk aan veiligheidsmaatreëls onder verdenking by skole geniet gedurig prioriteit – dit word bestuur deur koördineerders by die onderwysdistrikte. Meer as 50 VHB's is in distrikte ontplooi. Leerderafwesigheid en stökkiesdraaiery word hanteer deur die VHB's as deel van hulle werkopdrag. Vakansieprogramme en jeugkampe vind ook plaas as 'n belangrike intervensie waarby hierdie VHB's betrokke is. Kringtelevisie in geïdentifiseerde skole: die projek loop mooi. |

| | VORDERING |
|--|--|
| 2.3 Fokus en Dinaledi-skole: uitbreiding van hierdie skole om aan leerders toegang te verleen tot vakkeuses en geleenthede wat hulle vroeër geweier is | Inskrywings van histories benadeelde leerders in Wiskunde en Fisiese Wetenskap in Dinaledi-skole het in die afgelope vyf jaar verdubbel, veral wat betref die getal swart dogters en swart seuns wat hierdie vakke geneem het. Verhoogde inskrywings is 'n deurlopende fokus. die getal Dinaledi-skole het vermeerder tot 48, en dan is daar ook 8 Wiskunde, Wetenskap en Tegnologie-(WWT-) fokusskole. Dinaledi en WWT-skole was verantwoordelik vir 1398 (17.4%) van die provinsiale teiken vir hoëvlak Wiskunde-slaagsyfer van 50% en hoër. 761 (17.5%) leerders het 'n hoëvlak-slaagsyfer van 50% en meer vir Fisiese Wetenskap verwerf. |

3. Doeltreffendheid

| | VORDERING |
|--|---|
| 3.1 Implementering van die mikro-struktuur van die herontwerp van die WKOD om die MKOS so goed as moontlik te implementeer en verteenwoordiging te verseker. Die herontwerp sal die Departement in staat stel om beter te reageer op die skool se behoeftes. | In die jaar onder bespreking het 283 nuwe aanstellings in die mikrostrukture plaasgevind. 14 van die 16 dienspunte en die 49 nuwe onderwysdistrikskring-spanne is ingestel. |

4. Gehalte

| | VORDERING |
|--|--|
| 4.1 Doen heelskool-evaluering in 30 skole (deel van 'n makroproses om aanspreeklikheid, gehalte, ens. te verhoog) | Heelskool-evaluering het in 61 skole plaasgevind teen die einde van Maart 2009 – 31 van hulle was PG000-skole. Korrektiewe aksie het plaasgevind in 45 van die skole wat van 2006 – 2008 ge-evalueer is as 'n opvolgaksie. |
| 4.2 Lei prinsipale en onderwysers op wat inskryf vir die programme van die Gevorderde Onderwys-sertifikaat (GOS) en die Nasionale Professionele Diploma in Onderwys (NPDO) | In 2008 het die WKOD 289 inskrywings gehad van prinsipale, adjunkprinsipale en departementshoofde by drie HOI's oor die provinsie heen in die GOS vir skoolleierskap. In die eerste kwartaal van 2009 het ons 'n addisionele 100 ingeskryf. Die WKOD het tans 396 eeerste- en tweedejaar NPDO-studente wat by twee HOI's geregistreer het. die studente het verskillende kontakssessies bygewoon deur die jaar. Benewens dit het ongeveer 520 opvoeders in die eerste kwartaal van 2008 vir verskeie HOI's ingeskryf. In die eerste kwartaal van 2009 het die WKOD 'n addisionele 758 studente in die verskillende HOI-programme geregistreer. |

5. Uitsette

| | VORDERING |
|---|--|
| ► PM218: Herhaalkeers in graad 8 tot 12 (i/c) | | 18.3% | 20.9% | 18.7% | 20.18% |
| ► PM219: Slaagkoers in graad 12-eksamens (l/j) | | 39.4% | 39.1% | 40% | 39.20% |
| ► PM220: Slaagkoers in graad 12 vir Wiskunde en Wetenskap (n/j) | | 11.2% | 9.5% | 19% | 9.19% |
| ► PM221: Persentasie leerders in graad 9 wat aanvaarbare onderwysuitkomst behaal (h/g) | | 80.0% | 74% | 83.00% | 70.55% |
| LW: * Hierdie getal van 23.2% was verkeerd bereken in die Jaarlikse prestasieplan van 2008/09, d.w.s. in die tabuleerinstrument. Indien reg bereken sou dit 13.67% lees, m.a.w. die teiken was 13.67%. Ons is dus onder die teiken maar nie by die vermeerdeerde grens soos hierbo aangedui nie. | | | | | |
| Die 2008/09 teiken vir uitgawe is die finale toewysingsgetal vir 2008/09 | | | | | |

| Openbare gewone skoolopleiding Prestasiemaatreëls | |
|---|---|
| ▶ PM201: Persentasie leerderdae gedek deur voedingsprogram | die teiken is oortref aangesien meer fondse beskikbaar gestel is. |
| ▶ PM202: Persentasie leerders in gewone openbare skole met spesiale behoeftes | Hierdie PM verwys na die akkommodasie van 'n segment van die populasie in skole. 'n Aantal veranderlikes funksioneer hier, bv. ouerlike wense, vervoer van die huis van die leerder, akkommodasie, personeelvoorsiening, ens. Baie hiervan lê buite die beheer van die WKOD wat 'n teiken moet uitdruk, toestande moet bemoontlik en 'n poging moet aanwend om uitbreiding te bevorder. In hierdie geval was daar nie genoeg geld – na die voltooiing van al die wedywerende eise – om die personeel aan te stel vir die verlangde uitbreiding nie. |
| ▶ PM203: Persentasie openbare gewone skole met watervoorsiening | Teiken bereik |
| ▶ PM204: Persentasie openbare gewone skole met elektrisiteit | Teiken bereik |
| ▶ PM205: Persentasie skole met 'n genoegsame getal funksionele toilette | Teiken 49.1% en werklike persentasie 68% Die voldoeningsfaktor vir die PM vir die aantal skole met 'n voldoende getal funksionele toilette is gewysig van 2 toilette na 1,5 toilet per klaskamer. Die getal skole wat gevolglik oor 'n voldoende getal toilette beskik het aansienlik vermeerder. Hierdie formule is nou gebaseer op 1,5 toilette per klaskamer, met uit-sluiting van alle oortollige klaskamers. Die WKOD verskaf toilette volgens 'n verhouding van 1:37 leerders by alle nuwe skole. hierdie persentasie is gegrond op alle beskikbare toilette en inskrywing op 29 Jan. 2009. Indien die inskrywingstal verhoog, verminder die toiletpersentasie. Oortollige klaskamers word geïgnoreer en toilette vir sodanige klaskamers word nie ingesluit nie. |
| ▶ PM206: Uitgawe aan instandhouding as 'n persentasie van die waarde van skoolinfrastruktuur | 'n Beginsel voorgeskryf in die beboende omgewing van die Staatsdienskode, maar wat nie maklik bereik kan word nie, is om 'n bedrag beskikbaar te begroot vir instandhouding wat gelyk is aan 1.5% tot 2% van die waarde van die bate-waarde van jou geboue. sodanige persentasie word nie jaarliks beskikbaar gestel nie. Tans word slegs 0,3% van die batewaarde vir instandhouding toegewys. Die teiken is bereik. |
| ▶ PM207: Persentasie skole met meer as 40 leerders per klas | Teiken bereik Hierdie syfer is bereik op grond van die totale inskrywingstatistiek en totale personeeldata. Dit neem nie in ag rooster- en toewysingsbesluite wat by individuele skole geneem word nie. |
| ▶ PM208: Persentasie nie-artikel 21-skole met alle LOOM's en ander vereiste materiale wat op dag een van die skooljaar afgelewer is | Teiken bereik 100% van die nie-artikel 21-skole het 100% van die LOOM en ander vereiste materiale gekry teen dag een van die skooljaar. |
| ▶ PM209: Persentasie skole met artikel 21-status | As en wanneer skole die verlangde vlak van bevoegdheid bereik, kwalifiseer hulle vir artikel 21-status. Die teiken was 1030 skole maar 1032 het betyds die vereiste vlak bereik. Die saak hang ook af van of die skool verlang om die funksie te aanvaar en dit is dus nie volkome binne die beheer van die Departement nie. |
| ▶ PM210: Persentasie werksdae verloor as gevolg van opvoederafwesigheid in gewone openbare skole | Die WKOD kan nie beheer uitoefen oor die aantal dae verloor a.g.v. opvoederafwesigheid nie – dit is 'n faktor bepaal deur openbare gesondheidstoestande en individuele omstandighede. Om teikens in hierdie verband te stel, is baie ingewikkeld. Die Departement poog om, d.m.v. sy Werknemerswelstandsprogram opvoeders te help om werkverbande stresfaktore te hanteer. Hierdie maatreëls sal egter eers met die tyd die verlangde resultate lewer. Op hierdie stadium werk die WKOD nog met die data om beter teikens te kan stel. die WKOD sal voortgaan om monitoring- en beheermeganismes te bewerkstellig om afwesigheid tot die minimum te beperk. |
| ▶ PM211: Persentasie leerderdae verloor a.g.v. leerderafwesigheid in gewone openbare skole | Geen teikens is gestel nie, aangesien die PM vantevore nie vir alle skole bereken kon word nie weens die afwesigheid van akkurate databronne. Die tegnologie is nou beskikbaar en die datastelle word gemodereer om te sien watter betroubare inligting uit die stelsel kan voortkom. |

| Openbare primêreskoolonderrig: Prestasiemaatreëls |
|--|
| <p>► PM212: Die prestasieverhouding van die mins bevoordeelde skole tot die mees bevoordeelde skole ten opsigte van graad 3</p> <p>Daar was 'n algemene verbetering deur die mins bevoordeelde skole in die prestasiekoers t.o.v. geletterdheid en gesyferdheid a.g.v. die bekendstelling van die Geletterdheid- en Gesyferdheidstrategie in die provinsie en intervensies soos die Onderwyserbystandsprogram (OBP) en die Taaltransformasieplan, en intervensie deur die onderwysdistrikte.</p> |
| <p>► PM213: Herhaalkoers in graad 1 tot 7</p> <p>Die teiken is nie bereik nie. Dit is belangrik dat hierdie prestasiemaatreël so laag as moontlik gehou word aangesien 'n hoë herhaalkoers nie net duur is nie maar ook nadelig is vir onderrig en leer..</p> |
| <p>► PM214: Persentasie leerders in graad 3 wat aanvaarbare uitkomst behaal in Gesyferdheid en Geletterdheid</p> <p>Van die teikens wat gestel is het geletterdheid, sedert toetsing begin het in 2002, tot bo 50% verbeter. Sedert 2002 was die verbetering in geletterdheid 17.8%, terwyl gesyferdheid 'n geringe verswakking getoon het. Die inligting kom gedeeltelik van die eksterne diagnostiese toetsing, aangesien die nasionale sistemiese evalueringresultate nog nie hierdie dataversameling kan ondersteun nie.</p> |
| <p>► PM215: Persentasie leerders in graad 6 wat aanvaarbare uitkomst behaal in Wiskunde, Geletterdheid en Natuurwetenskappe</p> <p>Toetsing slegs elke 2de jaar</p> |

| Openbare Gewone Hoërskole Prestasiemaatreëls |
|--|
| <p>► PM216: Persentasie dogters wat Wiskunde en Wetenskap neem in graad 10 tot 12</p> <p>Die getal leerders wat spesifieke vakke neem is uiteindelik 'n faktor van individuele leerders se besluite of hulle wil voortgaan met 'n leerprogram of nie. Die WKOD moet 'n teiken stel, toestande om dit te bemoontlik, skep en hard probeer om uitbreiding te bevorder. Die Dinaledi-program en die Wiskunde- en Wetenskapfokusskole, COSAT en die Akademie vir Wiskunde, Wetenskap en Tegnologie vorm alles deel van die WKOD se programme om leerdergetalle te verhoog.</p> |
| <p>► PM217: Die prestasieverhouding van die mins bevoordeelde skole tot die mees bevoordeelde skole ten opsigte van die graad 12 slaagsyfer</p> <p>Hierdie was jaar 1 van 'n nuwe prestasieassesseringstelsel n.l. die nuwe Nasionale Senior Sertifikaat en elke aspek van bepunting was anders, m.a.w. nie meer standaard en hoër graad nie, ens. Die koers toon dat die teiken met 'n geringe mate oortref is. Die werk met onderpresterende skole gaan voort om oor die tyd die verskil tussen skole te verminder. Die WKOD, deur middel van sy Navorsingsdirektoraat, sal data ontleed wat verband hou met die korrelasie tussen armoede ens. en ander faktore wat leerprestasie beïnvloed. Die verskil in prestasie regverdig nie 'n volle ondersoek nie.</p> |
| <p>► PM218: Herhaalkoers in graad 8 tot 12</p> <p>Hierdie PM verwys na die algehele akademiese prestasie van die hele senior skoolpopulasie. Die veranderbaarheid van jaar tot jaar is dus 'n faktor van die betrokke populasie. In hierdie geval is dit moontlik dat die herhalerskoers beïnvloed is deur strengere kontrolemaatreëls (monitering en moderering) deur die WKOD met die uitgebreide kringspanne. Die data wat versamel is deur die leerdernaspoorstelsel sal toenemend beteken dat beter voorspelling en ontleding moontlik sal wees op 'n deuropende grondslag. Die herhaalkoers word ook beïnvloed deur nasionale beleid t.o.v. progressie en promosie wat teikens beïnvloed.</p> |
| <p>► PM219: Slaagkoers in graad 12-eksamens</p> <p>Teiken hie heeltemaal bereik nie, dog daar was 'n geringe verbetering op die vorige jaar. Dit was die eerste jaar van die nuwe Nasionale Senior Sertifikaat, wat projeksies bemoelik het.</p> |
| <p>► PM220: Slaagkoers in graad 12 vir Wiskunde- en Wetenskapsamens</p> <p>Die teiken is nie bereik nie. Dit was die eerste jaar van die nuwe Nasionale Senior Sertifikaat en die eerste jaar van Wiskundige Geletterdheid, wat projeksies bemoelik het.</p> |
| <p>► PM221: Persentasie leerders in graad 9 wat aanvaarbare onderwysuitkomst behaal in alle leerareas</p> <p>Die teiken is nie bereik nie. Op hierdie stadium sal aanvangskwessies van die nuwe kurrikulum voortgaan om uitkomst en projeksies te beïnvloed.</p> |

| | VORDERING |
|--|---|
| a) Vaardigheidsvernu-wing en -verbetering van onderwysers in nuwe inhoud en onderwysmetodologieë vir die Nasionale Kurrikulumverklaring | Grootskaalse opleiding wat sentraal georganiseer is, is nie meer die fokus virvaardigheidsvernuwing en -verbetering nie. Senior kurrikulumadviseurs, in samewerking met kurrikulumadviseurs in die distrikte, fokus op opvolpleiding in geïdentifiseerde areas van nuwe inhoud. 240 onderwysers het Wiskunde- en Wiskundige Geletterdheidsopleiding (Finansiële wiskunde) ondergaan. 320 onderwysers het opleiding in Rekeningkunde ondergaan (kontantvloei-state) 63 onderwysers het opleiding bygewoon in die Kuns en Kultuurvakke taalonderwysers het inligtingssessies bygewoon oor Letterkundestudie en die keuse van voorgeskrewe boeke. 91 onderwysers het opleiding in Lewenswetenskappe ondergaan. 35 onderwysers volg 'n GOS-kursus in Lewenswetenskappe by Stellenbosch Universiteit |
| b) Werkswinkels vir AOO/VOO-onderwysers om beplanning- en klaskamerbestuurstrategieë te versterk | Strukture is gevestig om te bemagtig en opleiding te verskaf aan kurrikulumadviseurs en onderwysers oor die versterking van klaskamerbestuurstrategieë. 'n Aantal bronmateriale om klaskamerbestuur en praktyke te verbeter is deur senior kurrikulumbeplanners ontwikkel. |
| c) Gevorderde bewustheid van Wêreldbeker 2010 in alle grade | Planne op koers. |
| d) Professionele ontwikkeling van verwante kundigheid van die kurrikulumbeplanners/adviseurs om ondersteuning aan onderwysers te verskaf | Deur die Kurrikulumversterkende Forum en DH-strukture vind opleiding en verspreiding van inligting plaas sodat almal betrokke by die kurrikulum algemene begrip kan opwek. Verder inisieer onderwysdistrikte hulle eie planne om onderwysers op te lei waar nodig. |
| e) Integreer IKT met die kurrikulum | Khanya-fasiliteerders en bestuurders bied generiese werkswinkels aan in individuele skole en klusters op 'n deurlopende basis. Integrasieopleiding vind hoofsaaklik plaas in die sleutelareas van Wiskunde, Wiskundige Geletterdheid en Wetenskap in VOO, en geletterdheid en gesyferdheid in AOO-skole. Alle sekondêre skole is voorsien van Mindset-kurrikulummateriaal, en die gebruik daarvan raak meer algemeen. Behalwe die generiese kursusse is gespesialiseerde kursusse aangebied as volg: <ul style="list-style-type: none"> • 721 opvoeders het kursusse in Intel Teach Essentials en WebQuest-bygewoon, • 344 opvoeders (skool- en kantoorgebaseerd) het ICDL-kursusse bygewoon en • kursusse van Microsoft Partners in Learning het by 50 plekke deur die provinsie heen begin in die eerste kwartaal van 2009. Onderwysagteware gaan voort om geëvalueer te word deur senior kurrikulumbeplanners en die tegniese afdeling van die SEI. Die lys van aanbevole sagteware word gereeld bygewerk en op die kurrikulumwebtuiste gelaai. |
| f) Opleiding vir die nuwe kurrikulumadviseurs en onderwysers in NSS-inhoud | Senior kurrikulumbeplanners en kurrikulumadviseurs in alle vakke het 'n weeklange opleidingsessie bygewoon wat deur die DvO georganiseer is. |
| g) Voorsiening van gesofistikeerde programme in fokusskole ondersteun deur ateljees, werkswinkels, bronesentrums, skoolsale | Die skoolsaal vir George se Fokusskool vir Kunste nader voltooiing. Nuwe ateljees vir Dans, Drame, Musiek en Visuele Kunste by Chris Hani Sekondêre Skool sal in 2009 voltooi word. |
| h) Supplementêre onderrig en hersieningswerkswinkels vir graad 11 en 12-leerders, veral in skole in die 27 areas geïdentifiseer deur die Premier se kantoor (STP-27) | Hoër Onderwysinrigtings het tutotiale aangebied in gekeurde vakke. Behalwe dit het winter- en lenteskole plaasgevind. |
| i) "Kunstenaars in hulle woonplekke" – projekte in elke kunsvorm in al tien Kuns en Kultuur-fokusskole | "Kunstenaars in hulle woonplekke"-programme is aangebied by tien fokusskole vir Kuns in 2008. Vakke was Dans, Musiek, Drama, Visuele Kunste en Ontwerp. |

| | VORDERING |
|--|---|
| j) Beplanning, ondersteuning en monitering van projekte met Hoër Onderwysinrigtings, Openbare private Vennootskappe en NROO's om leer en onderrig te ondersteun | Tersiëre inrigtings het graad 12-leerders ondersteun d.m.v. saterdagklasse en Lenteskole. Gemeenskapsradiostasies is aangewend vir graad 12-hersieningsprogramme. |
| k) Opleiding in Beroepsleiding vir graad 10 – 12-onderwysers. "Advise and Refer" sorg- en ondersteuning- en beradingopleiding vir onderwysers en gemeenskapsvennote om met kwesbare en risikoleerders te werk | Die PACE Beroepsentrum, in samewerking met die WKOD het 'n driedaagse kursus, genaamd "Advise and Refer" vir graad 10 – 12 Lewensoriënteringonderwysers aangebied as opvolg vir die 'World of Work'-kursus Dis 'n SAKO-geakkrediteerde kursus: die kursusinhoud is gemik op die vlak van die NSS Lewensoriëntering graad 10 – 12. dit het ingesluit Beroepsleiding in Suid-Afrika; beroepsleidingteorie; Beroepsvolwassenheid; Tersiëre Studie in Suid-Afrika; Beroepe in konteks; Vakkeuses; selfgerigte ondersoekvraelyste; en Kommunikasie in Beroepsleiding. Daar is van onderwysers verwag om 'n portefeulje aktiwiteite te voltooi vir formele assessering en het 'n sertifikaat ontvang by die suksesvolle voltooiing van die kursus. |
| l) Werkswinkels en besoeke vir assitering, leiding en ondersteuning van prinsipale in bestuur, veral in fokusskole en skole wat binne die STP-27 areas val. | Senior kurrikulumbeplanners het 53 skole besoek. |
| m) Graad 9 oorbrugging deur kursusse en ontwikkeling van materiaal | Besprekings oor die saak is geïnisieer en modelle word verken. Ons moet die beste model vind vir hierdie soort oorbruggingsprogram. |
| n) 'n Reeks minikonferensies bring rolspelers bymekaar | Minikonferensies in Besigheid en Nywerheid en Kuns en Kultuur en leerderkonferensies is sover aangebied. |
| o) Vertalings van al die nasionale Kurrikulumverklaringdokumente | Vertalings van die Vakverklarings vir Wiskunde, wiskundige geletterdheid en Fisiese Wetenskappe is voltooi en onders kole versprei. Die leerprogramriglyne en Vakassesseringsriglyne in alle vakke is vertaal. |
| p) Professionele ontwikkeling vir beamptes in die integrasie van IKT in onderwys, die gebruik van "Rubricate" om assesseringsinstrumente te ontwerp, die Wet op die Bestuur van Openbare Finansies, webontwerp, projekbestuur en afrigting | Beamptes van die departement het die opleiding van Intel Teach Essentials bygewoon. 'n Paar het ook die ICDL-kursus bygewoon – kursusse wat aangebied word deur die Cel Training Unit. Senior Kurrikulumbeplanners by Hoofkantoor word steeds bygestaan op 'n een-tot-een-grondslag wat behoeftegedrewe is met die handhawing van hulle onderskeie webwerwe. |
| q) Pasaangeërs vir graad 10 - 12 | Pasaangeërs vir alle vakke is aan skole uitgedeel. Daarbenewens is voorbeeldwerkskedules na alle skole gestuur. |
| r) Standaardstelling vir graad 12 vir die NSS | Standaardbepaling het die volgende ingesluit: Die verskaffing van ontledings 'per vraag' van vakke in 2008 geskryf Verslag op die graad 11 NSS-eksamen het aan bestuur insig verleen vir stelselontwikkeling vir graad 12-implementering. Graad 12-voorbeeldvraestelle en memoranda is aan alle hoërskole in die provinsie verskaf. Voorbeelde is op die webwerwe gelaai van Assessering en Eksamens. CD's met die voorbeelde is deur Edumedia aan skole beskikbaar gemaak. Onderwysdistrikte het standaardvasstellingsvergaderings gehou vir skoolgebaseerde assessering in Februarie 2009. |
| s) Opleiding van onderwysers in die nuwe Prestasieassesseringstake (PAT's) | Die WKOD het die verskillende PAT's verskaf aan alle skole wat die praktiese vakke aanbied Moderering vir PAT's sal plaasvind op distriksvlak en, vir die eerste keer, in 'n provinsiale modereringsproses. Kurrikulumbeplanners het die opleidingsproses gelei waar onderwysers die spesifieke vak-PAT's moes implementeer. |

| | VORDERING |
|--|--|
| t) Die implementering van GLOOO, waar die armste primêre skole geteiken word, om te verseker dat hierdie skole die basiese minimum fisiese, leer en onderrig-, menslike en finansiële hulpbronne ontvang om gehalte leer en onderrig moontlik te maak. | In die finansiële jaar 2008/09 is die volgende gedoen: Buitemuurse programme as 'n loodsprojek is in 13 primêre skole aangebied; GIS-rekenaarsagteware in 285 (VOO-skole); Lewenswetenskappe toerusting en chemikalieë in 104 VOO-skole; Fisiese Wetenskappe: chemikalieë & toerusting in 90 VOO-skole; Opleiding van 196 primêre en sekondêre skoolonderwysers in biblioteekbestuur en – administrasie; Biblioteekboeke is gekeur en bestel. Bestellings ter waarde van R43m is geplaas en aflewering aan 655 Q1-3-skole (primêr en hoerskole) vind plaas; 120 primêre en Hoërskole het ondersteuning t.o.v. herstel- en instandhoudingswerk ontvang, asook infrastruktuurverbeterings; Heelskoolvaluering in 30 GLOOO-skole; 40 skole is bygestaan met die installering van tagels en sekuriteit in rekenaarkamers; R30m is op leerdertransport spandeer vir leerders in 168 kwintiel 1 – 3 skole. |
| u) Professionele ontwikkeling van Wiskunde- en Wetenskaponderwysers in nuwe inhoud vir Wiskunde en Wetenskap | Opleiding in nuwe inhoud vir Wiskunde en fisiese Wetenskap word gekoördineer deur kurrikulumadviseurs in die onderwysdistrikte. Daarbenewens ontvang 20 Wiskundeonderwysers opleiding in Pretoria. Graad 12 Fisiese Wetenskaponderwysers word opgelei om die NSS-vereiste Wetenskap praktiese werk te doen. |
| v) Die voortsetting van die Onderwyserbystandsprogram (OBP) met die ontplooiing van 510 onderwyserassistente om te help met die Grondslagfase in die armste skole. | 510 onderwyserassistente staan Grondslagfase-klasonderwysers en leerders by. Die eerste-, tweede- en derdejaaronderwyserassistente woon maandelikse vyfdaagse opleidingssessies by by al die VOO-kolleges 341 derdejaar-, 7y5 tweedejaar- en 94 eerstejaaronderwyserassistente het hulle opleiding vir die kwartaal by die 6 VOO-kolleges voltooi en vier DH-sessies is gehou om die graad 3-leerdervordering in geletterdheid en gesyferdheid te bespreek. Gereelde maandelikse vergaderings is met VOO-kollegefasiliteerders en onderwysdistrik OBP-koördineerders gehou die getal derdejaar-onderwyserassistente het verminder van 372 tot 341, die tweedejaars het ook tot 75 afgeneem en die eerstejaars het vermeerder tot 94. Dit kan toegeskryf word aan die feit dat daar onsekerheid is aangaande die lewensduurte van die projek, en dan kry assistente permanente werk elders. Diensverskaffers is aangestel om die OBP-projek te evalueer en maandelikse aanbevelings te maak vir hernuwing van die projek. 17 onderwyserassistente het vir voltydse studie by die HOI's ingeskryf. Die WKOD het beurse voorsien vir hierdie studente. |
| w) Die voorsiening van geskikte bronne om voortreflikheid en prestasie in Wetenskap en Wiskunde te bevorder | Alle Dinaledi-skole het handboeke ontvang vir Wiskunde, Fisiese Wetenskap, Wiskundige Geletterdheid en Engels Eerste Addisionele Taal, sowel as sakrekenaars ontvang. Die voorsiening van bronne is gebaseer op die geïdentifiseerde behoeftes en is deurlopend. |
| x) Ontwikkeling van menslike hulpbronne (wat insluit skoolbestuur en Departementshoofde van vakke) om inskakeling by en verwerwing van die WWT-doelwitte te bereik | Die prinsipale van 10 skole het die Bestuur en Leierskapkursusse by Rekenaaropleidingsinstituut in Julie en Augustus 2008 bygewoon. |
| y) IKT-opleidingsprogramme vir Wiskunde- en Wetenskaponderwysers deur die Intel Teach Essentials-program | Die IKT-gefokusde Intel Teach Essentials-opleiding is uitgebrei om in te sluit kurrikulumadviseurs van ander vakke en leerareas in die VOO- en AOO-fases. Hierdie kurrikulumadviseurs woon die opleiding by saam met onderwysers in hulle onderwysdistrikte. 'n Totaal van 485 deelnemers het die 2008 reeks kursusse bygewoon (291 by die Kuilsrivier-opleidingsfasiliteit en 194 by Worcester en George). 53 van hierdie deelnemers was kurrikulumadviseurs |

| | VORDERING |
|--|--|
| z) 'n Oudit van WWT-onderwyserkwalifikasies en bronne | 'n Oudit van WWT-onderwyserkwalifikasies is gedoen en die databasis word tans ingevul. |
| aa) leerderberoepsleiding en ondersteuning d.m.v. WWT-kampe | Nasionale Wetenskapweek 2008 (10 – 17 mei) het op beroepsleiding gefokus en meer as 600 leerders is bereik. 200 topleerders in graad 1 Wiskunde, fisiese Wetenskap en Rekeningkunde van Dinaledi-, WWT- en Ingenieurswesefokusskole woon 'n WWT-kamp by van 4 – 12 Julie 2008 by die Kaapse Akademie. |
| bb) Prestasie in Wiskunde en Wetenskap deur deelname in Wiskunde- en Wetenskap-olimpiades | 22 Dinaledi-skole het deelgeneem aan die Wiskunde- en Wetenskap-olimpiades onderskeidelik. |
| cc) Bystand aan "risiko"-leerders deur aanstelling van Wiskunde- en Wetenskap-tutors, winter- en Lenteskole, pre-eksamensessies. | WKOD het befondsing verskaf aan Dinaledi- en WWT-skole om die dienste van Wiskunde en Wetenskap-tutors te verkry om leerders te ondersteun wat risiko's loop en om vir die Argus Winterskoolprogram te registreer. Lenteskole is georganiseer vir leerders wat 40% - 45% behaal het in geselekteerde skole. Pre-eksamensessies is deur KPUT aangebied. |
| dd) die stel van individuele skoolvaktekens vir toename in leerdergetalle en verbeterde resultate in Wiskunde en Wetenskap | Alle Dinaledi en WWT-skole moes 'n teiken stel om 'n hoëvlak-slaagsyfer van 20 – 25 meer in Wiskunde en Fisiese Wetenskap vir graad 12 in 2008 te behaal. die teiken is bereik. |

Spesifieke uitdagings en response

Uitdaging 1: Lae geletterdheid en gesyferdeheidsvlakke

Reaksie op Uitdaging 1:

Die Direkoraat: Kurrikulum AOO het 'n groot reeks inisiatiewe verskaf om die verbetering van geletterdheid- en gesyferdeheidsvlakke te ondersteun. Die Grondslae vir Leer-veldtog is op 1 november 2008 van stapel gestuur en verantwoordelikhede t.o.v. teikens en vereistes is uitgelig. Jaarlikse assesserings is deur skole gedruk en op versoek befonds deur Kurrikulum AOO.

'n Vennootskap met diensverskaffers is gestig om geletterdheid- en gesyferdeheidsopleiding en -ondersteuning aan 250 skole wat deur onderwysdistrikte geïdentifiseer is (125 vir geletterdheid en 125 vir gesyferdheid), te ontplooi. Leeskemas is aan al 250 skole verskaf. 180 beamptes van AOO-kurrikulum- en leerondersteuningadviseurs is vir 5 dae opgelei oor die "gebalanseerde Taalbenadering". Elkeen het 'n opleidingspakket ontvang.

'n DVD oor 100 boeke is gemaak met 'n fasiliteringshandleiding om die gebruik van fiksie- en niefiksieboeke vir ontspanningslees en letterkunde-instruksie te bevorder.

Graad 1 Grondslagassesseringsprogramme is geïmplementeer om onderwysers by te staan met die beplanning van 'n relevante program.

Gereelde kontakssessies is gehou met LitNum-koördineerders om onderwysdistrikte te begelei. Kurrikulumversterkende Forums is gehou met kurrikulumadviseurs en –beplanners in Augustus 2008 en Maart 2009.

Provinsiale Koördinerende Geletterdheids- en Gesyferdeheidsstaakspanvergaderings is kwartaalliks gehou. Aan onderwysdistrikte is elk 'n spesifieke LitNum-begroting toegeken om projekte te loods en geletterdheid en gesyferdheid te versterk.

99 skole is voorsien van stalle leesboeke deur iThuba Skryfprojek en daar is opleiding verskaf oor hoe om hierdie Xhosa-leesmateriaal te gebruik.

Muurkaarte is verskaf vir al 8 leerareas vir graad 4 tot 6 om leesryke klaskameromgewings te bevorder.

Die herlewing van die Taaltransformasieplan het op 6 Maart 2009 plaasgevind.

Werkskedules (graad 1 – 6) is geskryf en verskaf aan alle openbare gewone skole en aan onderwysdistriksbeamptes vir Geletterdheid/Tale en Gesyferdheid/Wiskunde.

Die graad 9's in alle openbare gewone skole is op 9 en 11 Maart 2009 in Wiskunde en Taal getoets. 'n Datahantering vir Intermediêre en Senior Fase is na alle primêre en hoërskole gestuur. Statistiek SA het kursusse aangebied vir onderwysers in 4 onderwysdistrikte op hierdie bron, Addisionele kopieë is aan VOO-sentrums verskaf.

'n CD oor Hindernisse tot Gesyferdheid is ontwikkel en versprei aan skole en met die leerondersteuningsadviseurs.

Die Supedi-projek het voortgegaan en toetsing van 5 skole het plaasgevind in November 2008. Hierdie program is aangepas om ooreen te stem met die WKOD se werkskedules.

Uitdaging 2: Skoolveiligheid

Reaksie op Uitdaging 2:

Die Veiligeskoleprogram het 'n drieledige strategie wat die volgende insluit: 'n Veiligeskoleoproepsentrum, waar verskeie kwessies i.v.m. skoolgebaseerde geweld gerapporteer kan word; waar berading deur die Inbelsentrum aan geaffekteerde en getraumatiseerde individue en voorsiening van fisiese sekuriteit kan geskied. Die gemeenskapspolisieringsforum het 400 Bambanani-vrywilligers gewerf en 100 vrywilligers is via 'n skoolbeheerliggaamsforum gewerf om deel te wees van die Bambanani-skoolveiligheidsvrywilligersprogram. Die Bambanani Skoolveiligheidsvrywilligers ondersteun die plaaslike SAPD se misdaadvoorkomingstrategie van die stasie en polisieringsbenadering. 149 polisieerserviste is in die 109 hoërisikoskole ontplooi om deel te vorm van die strategie om misdaad en geweld op skoolvlak te voorkom. As gevolg van finansiële beperkings is 80% van die polisieerserviste van skole verwyder.

Noodsekuriteitspatrollies is tydens skoolvakansies georganiseer om te help met die vermindering in eiendomsverwante misdaad. As deel van die premier se initiatief is 50 veiligheidsbeamptes aangestel om skole by te staan met die bevordering van skoolveiligheidskomitees, die hersiening van skoolveiligheidsplanne, die vestiging van jeugklubs, die verligting van middelemisbruik en die vestiging van ondersteunings- en voorkomingsprogramme, en om op te tree as positiewe rolmodelle en montors by die 109 hoërisikoskole. Onderwysprogramme fokus op waardes en gesindhede met as doel die stuur van leerders se belangstellings in meer positiewe rigtings soos sport, kuns en drama en die fokus op toekomstige loopbane. Hulle fokus op verandering in gesindhede of gedrag; kreatiewe en konstruktiewe benaderings tot konflikbestuur en medierende opleiding.

Leerderondersteuningsbeamptes sal opvolgwerk doen op leerders wat uit die skool bly en verseker dat leerders se probleme geassesseer word. Hulle dien as mentors en verskaf afrigting aan risikoleerders en verseker dat leerders die dienste wat hulle nodig het kan bekom. Leerderondersteuning sal die "Jeug-in-Beheer"-projek fasiliteer as deel van die vakanseiprogram. Die "Jeug-in-Beheer"-projek beoog om positiewe gesindhede en gedrag in te skerp deur behoorlike kanalisering en onderwys: Deur leerders wat uitval na geskikte onderwysstrukture en ontwikkelingsvaardighede te kanaliseer om gemeenskapsprojekte te implementeer.

Uitdaging 3: Hoërskole wat swak presteer

Reaksie op Uitdaging 3: 'n Ondersteuningsprogram vir NSLP-skole is geïmplementeer om te verseker dat hulle gereed is vir heropening in Januarie. Daarbenewens is die monitering van hierdie skole aan die begin van elke kwartaal geïmplementeer. In die laaste kwartaal was die fokus daarop om hierdie skole te kry om die basiese dinge reg te kry: stiptelikheid en bywoning van opvoeders en leerders, onderrig volgens die rooster, dissipline en skoolveiligheid en -higiëne.

Uitdaging 4: Wiskunde en Wetenskap; Deelname/sukseskoerse in hoërskole

Reaksie op Uitdaging 4: 53 Dinaledi/WWT-skole word steeds ondersteun met die fokus op die ontwikkeling van Wiskunde, Wetenskap en Tegnologie in die Provinsie. Daar was 'n 32% toename in die getal leerders in hierdie skole wat Wiskunde en Wetenskap as vak geneem het.

Uitdaging 5: Vaardigheidsvlakke van onderwysers

Reaksie op Uitdaging 5: Vaardigheidsvlakke van onderwysers word deurlopend aangespreek deur verskillende WWT-intervensies; 'n verskeidenheid opleidingskursusse, seminare en konferensies aangebied deur die Kaapse Opleiding- en Leierskapinstituut; en kurrikulumverwante opleidingsintervensies. Die verslag oor die onderwyservraag- en -aanbodstrategie is van die diensverskaffer ontvang. Die WKOD gebruik die verslag om sy implikasies vir toekomstige beplanning te assesseer.

Uitdaging 6: Verskaffing van infrastruktuur

Reaksie op Uitdaging 6: Die aanpak van huidige agterstande in infrastruktuur by baie skole in die Wes-Kaap word belemmer deur die oormatige populasievermeerdering in baie gebiede wat reeds infrastruktuuragterstade ervaar. Hierdie gebiede benodig inmiddellike oplossings, wat alleen deur mobiele klaskamers die hoof gebied kan word. Baie van die skole in bogenoemde gebiede is reeds te groot, wat hulle moeilik maak om te bestuur. Na regte behoort meer nuwe skole voorsien te word, maar dan moet daardie skole verskaf word in daardie gebiede wat immigrasie ervaar en in nuut ontwikkelende gebiede. Die jaarlikse infrastruktuurbegroting laat nie toe vir behoorlike koördinasie nie. Subsidies word beskikbaar gestel vir die ontwikkeling van nuwe residensiële gebiede wat relatief vinnig ontwikkel word, terwyl die beskikbaarheid van 'n skool-terrein verseker word. Die aankoop van daardie terrein en die beplanning van nuwe skole en konstruksie van sulke skole neem tyd.

Uitdaging 7: Die impak van die voedselpryskrisis op die Nasionale Skoolvoedingsprogram (NSVP)

Die gedurige toename in voedselpryse oor die laaste 18 maande het 'n negatiewe impak gehad op diensverskaffers wat gekontrakteer word om dienste te lewer. Voedselpryse het so dramaties toegeneem dat die diensverskaffers 'n beroep gedoen het op die WKOD om 'n vermeerdering in die bodprys te oorweeg om hulle in staat te stel om 'n doeltreffende diens te lewer. Teen die tyd van die versoek het die verbruikersprysindeks [VPI] vir 'n paar maande gestabiliseer op 15%.

Reaksie op Uitdaging 7: 'n Assessering is eers gemaak van die mate waartoe skole die verskillende dele van die spyskaart gebruik. Daar is vasgestel dat sekere dele van die kos, bv. rys- en sojabredie is onderbenut deur skole. 'n 14% toename in die gemiddelde maaltydprys is gevolglik aan diensverskaffers gebied, waarvan 7% die gevolg was van voedselporsieverminderinge en 7% 'n kontanttoename vir die daaglikse leerderkoers.

Uitdaging 8: Om dienslewering aan skole op die vereiste vlak te kry

Reaksie op Uitdaging 8: Die program van herontwerp van die WKOD beoog om dienslewering inkrementeel nader aan ons leerinrigtings te verskaf. Die instel van die kringspanmodel om lewering nader aan skole te neem, kleiner kringe, nouer bande met plaaslike regering en die byvoeging van 'n nuwe distrik is deel van 'n plan om lewering te verbeter en onderwysuitkomstes "op die grond" te verbeter. 70% van die begrotinguitleg word spandeer op die direkte versterking van kring-spanne. skole het gerapporteer dat hulle meer gereeld besoek word deur kringspanlede, en die algemene gehalte van ondersteuning het verbeter. Alle distriksondersteuningspersoneel rekordeer besonderhede van hulle besoeke aan die DBIS.

Kwessies wat deurlopende aandag verg

Die WKOD het die opleiding van onderwysers van leerders met leerhindernisse as 'n kwessie wat derulopende aandag verg. Hierdie kwessie sal aangespreek word deur die GOS-programme en aandiensprogramme van die KLI.

Die uitbreiding van Inklusiewe onderwys is 'n prioriteit vir die WKOD. Die noodsaaklike strukture, naamlik toegewyste spesiale skole as bronnensentrums, toegewyste openbare gewone skole as voldiensskole, ILOS'e en DSOS'e, binne die bestek van inklusiewe onderwys en sy ondersteuningstelsel sal versterk word om gehalteonderwys en gepaste ondersteuning vir soveel moontlik leerders met leerhindernisse te bevorder.

Die WKOD het 'n aantal intervensies en projekte ingestel in 'n poging om verskillende aspekte van gehalteonderwys in skole aan te spreek.

Die Hoofdirekteur: Distrikte sal 'n proses inisieer waar gewerk word met gemeenskappe in 3 sones waar daar oor die algemeen lae prestasie onder al die skole is. In besonder sal sosiale vennote aangestel word om meer daadwerklike bystand te verleen. Stappe sal geneem word om die Wysigingswet op Onderwyswette te implementeer ten opsigte van die prinsipale by laagpresterende skole – die proses vir die implementering van Skedule 1 (Onbevoegdheid)

9.3 Program 3: Subsidies vir onafhankliken skole

Programdoelwit

Om onafhanklike skole te ondersteun in ooreenstemming met die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996.

Die Onafhanklike Skoolsusidieprogram bestaan uit die volgende subprogramme:

Primêre fase

- o om onafhanklike skole in graad 1 tot 7 te ondersteun

Sekondêre fase

- o om onafhanklike skole in die graad 8 tot 12-fase te ondersteun

Meetbare doelwitte

Die volgende meetbare doelwitte (▲) en prestasiemaatreëls (▶) het betrekking op Program 3: Onafhanklike Skoolsusidies:

| | Meetbare doelwitte | Prestasiemaatreëls |
|---|--|---|
| Gehalte | ▲ Om te verseker dat pmdewys in onafhanklike skole geskied | ▶ PM301: Persentasie befondsde onafhanklike skole wat vir moniteringsdoeleindes besoek is |
| Prestasiemaatreëls | | |
| ▶ PM301: Persentasie befondsde onafhanklike skole wat vir moniteringsdoeleindes besoek is | | |
| Teiken oorskry | | |
| Die WKOD het 'n gesamentlike poging aangewend om hierdie saak in 2008/09 aan te pak. | | |

Programbeleidsontwikkelings in 2007/08

Daar was geen byvoegings in die periode onder bespreking nie. Grondwetlik mag enigeen 'n onafhanklike skool stig en op eie koste bedryf, onderworpe aan streng kriteria. Hierdie skole mag nie diskrimineer op grond van ras nie, moet 'n gehalteonderwys handhaaf wat nie laer is as 'n soortgelyke openbare skool nie en moet by die WKOD geregistreer wees.

| ST301 | ONAFHANKLIKE SKOOLSUBSIDIES - Sleutelitendense | 2006/07 Werklik | 2007/08 Werklik | 2008/09 Doelwit | 2008/09 Werklik |
|--|---|----------------------|--------------------|--------------------|--------------------|
| BETALINGS PER SUBPROGRAM (R'000) | | | | | |
| 3.1 | Primêre fase | 15,902 | 19,042 | 19,500 | 19,500 |
| 3.2 | Sekondêre fase | 18,357 | 20,671 | 24,619 | 24,619 |
| | TOTAAL | 34,259 | 39,713 | 44,119 | 44,119 |
| BETALINGS PER EKONOMIESE KLASSIFIKASIE(R'000) | | | | | |
| | Huidige betaling | - | - | 0 | 0 |
| | Vergoeding van werknemers | - | - | 0 | 0 |
| | Goedere en dienste en ander huidige oordragte en subsidies | 34,259 | 39,713 | 44,119 | 44,119 |
| | Betaling vir kapitale bates | - | - | 0 | 0 |
| | TOTAAL | 34,259 | 39,713 | 44,119 | 44,119 |
| PERSONEEL | | | | | |
| | Aantal opvoeders (in openbaar aangestel) | - | - | - | - |
| INSKRYWING | | | | | |
| | Leerders in onafhanklike skole wat subsidie ontvang | 17 964 | 16 703 | 16 703 | 17 397 |
| 3.1 | Primêre fase | 11 843 | 8 626 | 8 626 | 11 115 |
| 3.2 | Sekondêre fase | 6 121 | 8 077 | 8 077 | 6 282 |
| | Leerders in onafhanklike skole wat nie subsidie ontvang nie | Geen datageskiedenis | 8 532 | 8 532 | 13 744 |
| | Graad 1 tot 7 | Geen datageskiedenis | 6 474 | 6 474 | 6 871 |
| | Graad 8 tot 12 | Geen datageskiedenis | 2 058 | 2 058 | 6 873 |
| | TOTAAL (alle onafhanklike skoolleerders) | 17 964 | 25 235 | 25 235 | 31 141 |

| ST301 | ONAFHANKLIKE SKOOLSUBSIDIES - Sleutelitendense | | | | |
|---|--|--------------------|--------------------|--------------------|--|
| | 2006/07 Werklik | 2007/08 Werklik | 2008/09 Doelwit | 2008/09 Werklik | |
| INRIGTINGS | | | | | |
| Skole wat subsidie ontvang (a) | 81 | 87 | 89 | 98 | |
| 3.1 Primêre fase | 60 | 65 | 57 | 66 | |
| 3.2 Sekondêre fase | 21 | 22 | 32 | 26 | |
| Skole wat nie 'n subsidie ontvang (a) | 104 | 118 | 129 | 115 | |
| TOTAAL | 185 | 205 | 218 | 213 | |
| Gesubsidieerde skole besoek gedurende die jaar vir moniteringsdoeleindes (b) | - | 61 | 45 | 93 | |
| ► PRESTASIEMAATREËLS | | | | | |
| ► PM301: Persentasie befondsde onafhanklike skole wat vir moniteringsdoeleindes besoek is (b/a) | - | 68.5% | 50.6% | 94.90% | |

*Die 2008/09 teiken vir uitgawes is die finale toewysingsgetal vir 2008/09

Spesifieke uitdagings en response en kwessies wat deurlopende aandag verg

Uitdaging 1:

'n Paar onafhanklike skole het baie swak rekords in die sistemiese toetsing op graad 3- en 6-vlakke en in graad 12. Daar is ook gereelde klagtes van leerders en ouers. Die WKOD monitor hierdie skole om te verseker dat hulle gehalteonderwys verskaf

Reaksie op Uitdaging 1:

Die Departement het probleme geïdentifiseer waarmee onafhanklike skole te doen kry en wat in die nuwe finansiële jaar meer aandag sal geniet. Meer aandag sal in besonder gewy word aan die gehalte van kurrikulumlewing.

Die Hoofdirekoraat: Distrikte sal 'n proses inisieer waar gewerk word met gemeenskappe in 3 sones waar daar oor die algemeen lae prestasie onder al die skole is. In besonder sal sosiale vennote aangestel word om meer daadwerklike bystand te verleen.

9.4 Program 4: Openbare Spesialeskoolonderwys

Programdoelwit

Om openbare onderwys in spesiale skole te verskaf ooreenkomstig die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996, en Witskrif 6 oor Inklusiewe Onderwys

Die Openbare Spesiale Skoolonderwysprogram sluit die volgende subprogramme in:

Skole

- o om aan sekere openbare spesiale skole bronne te verskaf

Professionele dienste

- o om openbare spesiale skole te ondersteun

Menslikehulpbronontwikkeling

- o om voorsiening te maak vir die professionele ontwikkeling van opvoeders en nie-opvoeders in openbare spesiale skole

Meetbare doelwitte

Die volgende meetbare doelwitte (▲) en prestasiemaatreëls (▶) het betrekking op Program 4: Openbare spesialeskoolonderwys:

| | Meetbare doelwitte | Prestasiemaatreëls |
|---------|--|--|
| Toegang | ▲ Om toegang te verskaf tot spesiale skole ooreenkomstig beleid en die beginsels van inklusiewe onderwys | ▶ PM401: Persentasie kinders met spesiale behoeftes van skoolpligouderdom wat nie in onderwysinrigtings ingeskryf is nie |

Programbeleidsontwikkelings in 2008/09

Die laaste konsep van die Onderwysplan vir spesiale skole in die provinsie om toeganklikheid te bevorder vir leerders wat leerhindernisse ondervind is vir bespreking voorberei.

'n Herdistribusiemodel vir leerondersteuningsopvoederposte is goedgekeur en geïmplementeer vanaf 2008/09 om 'n meer doeltreffende benutting van bronne en 'n billike verdeling van poste tussen distrikte te verkry.

Die beleid aangaande dienste tydens nasionale vakansiedae en skoolsluitingsperiodes by jeugsorg en onderwysentrums en by spesiale jeugsorg en onderwysentrums is geïmplementeer om uniformiteit by hierdie sentrums te verseker.

Ingevolge artikel 196 (3) van die Kinderwet, 2005 (Wet 38 van 2005), word industrie- en verbeteringskole, wat die verantwoordelikheid van die Departement van Onderwys is, die verantwoordelikheid van die provinsiale Departement van Maatskaplike Ontwikkeling, binne twee jaar van die begin van die betrokke hoofstuk in die Wet. Dit impliseer dat nywerheidskole en verbeteringskole in Suid-Afrika oorgedra moet word na die Departement van Maatskaplike

Ontwikkeling aan die einde van 2010. Beraadslagings met die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling is geïnisieer om die toekomstige benutting van die ses betrokke jeugsorgsentrums deur die twee departemente te bepaal en om die oordrag van die geïdentifiseerde fasiliteite te beplan.

| ST401 | OPENBARE SPESIALESKOOLONDERWYS - Sleuteltendense | 2006/07 Werklik | 2007/08 Werklik | 2008/09 Doelwit | 2008/09 Werklik |
|---|--|--------------------|--------------------|--------------------|--------------------|
| BETALINGS PER SUBPROGRAM (R'000) | | | | | |
| 4.1 Skole | | 389,112 | 434,279 | 510,390 | 510,390 |
| 4.2 Professionele dienste | | 0 | 46 | 0 | 0 |
| 4.3 Menslikehulpbronontwikkeling | | 0 | 0 | 0 | 0 |
| TOTAAL | | 389,112 | 434,325 | 510,390 | 510,390 |
| BETALINGS PER EKONOMIESE KLASSIFIKASIE(R'000) | | | | | |
| Huidige betaling | | 312,419 | 354,586 | 414,963 | 414,963 |
| Vergoeding van werknemers | | 307,469 | 349,223 | 411,090 | 411,090 |
| Opvoeders | | 236,750 | 276,235 | 328,379 | 328,379 |
| Nie-opvoeders | | 70,719 | 72,988 | 82,711 | 82,711 |
| Goedere en dienste en ander huidige | | 4,950 | 5,363 | 3,873 | 3,873 |
| Oordragte en subsidies | | 76,489 | 79,739 | 95,427 | 95,427 |
| Betaling vir kapitale bates | | 204 | 0 | 0 | 0 |
| TOTAAL | | 389,112 | 434,325 | 510,390 | 510,390 |
| PERSONEEL | | | | | |
| Aantal opvoeders (in openbaar aangestel) | | 1 538 | 1 649 | 1 620 | 1 646 |
| Aantal nie-opvoeders (in openbaar aangestel) | | 904 | 950 | 932 | 963 |
| INSKRYWING | | | | | |
| Tot en met graad 7 | | 10 178 | 9 665 | 9 615 | 6143 |
| Graad 8 en bokant | | 5 586 | 6 050 | 6 175 | 7 772 |
| INRIGTINGS EN INFRASTRUKTUUR | | | | | |
| Skole | | 70 | 72 | 74 | 72 |
| ► PRESTASIEMAATREËLS | | | | | |
| ► PM401: Persentasie kinders met spesiale behoeftes van skoolpligouderdom wat nie in onderwysinrigtings ingeskryf is nie** | | 23,2% | 6.2%* | 6 % | 6 % |
| Bron: | | | | | |
| *Stats SA 2007 Algemene Huishoudelike Opname - Dit is die persentasie gestremde kinders van skoolpligouderdom (7 – 14) wat nie by enige onderwysinrigting ingeskryf is nie in vergelyking met die totale aantal gestremde kinders van skoolpligouderdom in die provinsie. Voorheen is die getal gestremde skoolpligtige kinders wat nie by enige onderwysinrigting ingeskryf is nie vergelyk met die totale getal kinders wat slegs in openbare spesiale skole ingeskryf was. | | | | | |
| **LET WEL: In die WOFB-brondokument is daar terminologiese teenstrydighede ten opsigte van hierdie definisie. | | | | | |

*Die 2008/09 teiken vir uitgawes is die finale toewysingsgetal vir 2008/09

Openbare Spesialeskoolonderrig: Prestasiemaatreëls

► PM401: Persentasie kinders met spesiale behoeftes van skoolpligouderdom wat nie in onderwysinrigtings ingeskryf is nie

Teiken is bereik.

SLEUTELPRIORITEITE GESTEL IN TOEWYSING 2008/09

| PRIORITEIT | VORDERING |
|--|--|
| Om toegang tot gehalteonderwys vir alle kinders in die provinsie te verseker | <p>'n Billike verspreidingsmodel vir leerondersteuningsonderwysers is ontwikkel, bespreek met die betrokke onderwysunies en geïmplementeer. Dit was deurslaggewend om te verseker dat redres plaasvind van voorheen gemarginaliseerde sektore van die gemeenskap ingevolge die beginsels van OWS 6. Onderwysdistrikte gebruik sommige van hierdie poste om eenhede te skep vir leerders wat leerstoornisse ervaar by geïdentifiseerde openbare gewone primêre skole vir groter toegang tot gespesialiseerde onderwysondersteuning. Totale getal OLSO-eenhede is 68.</p> <p>Uitbreiding van Inklusiewe Onderwys</p> <p>Die versterking van openbare gewone skole as voldiensskole Befondsing is toegewys en benut vir die volgende:</p> <ul style="list-style-type: none">• Die fisiese opgradering van die 3 aangewese nasionale loods- voltydse skole;• Vergroting van toeganklikheid by Bergvliet Hoërskool deur die installing van 'n hyser;• Voorsiening van onderwysassistente en LOOM by die 54 OLSO-eenhede by die aangewese provinsiale voldiensskole <p>Die versterking van openbare spesiale skole as bronsesentrums Befondsing is toegeken vir die volgende:</p> <ul style="list-style-type: none">• Die aangewese 'nasionale veldtoets' spesiale skole het befondsing ontvang vir die aanstel van onderwysassistente, hulptoerusting, LOOM en vervoer;• Provinsiale bronsesentrums het befondsing ontvang vir die opgradering van fisiese infrastruktuur, LOOM en hulptoerusting;• 'n Hyser is geïnstalleer by Athlone Skool vir Blindes;• Die tydelike snelbaanassessment en uitreiksentrum by die Vera Skool, vir die keuring van leerders op die Outistiese Spektrumversteuring (OSV) wat op die waglys is vir die twee skole vir leerders op die OSV, was baie suksesvol en 'n groot getal leerders is gekeur en tot die betrokke skole toegelaat. <p>Die versterking van distriksgebaseerde ondersteuningspanne (DGOS'e) institusionele leerondersteuningspanne (ILOS'e) en kringspanne:</p> <ul style="list-style-type: none">• Die opleiding van ILOS'e by die aangewese voldiensskole, kringspanne en DGOS'e in die Keuring-, Identifikasie en Assessmentstrategie (KIAS) is voltooi. Altesaam 1 239 beamptes is opgelei.• Deurlopende promosie van inklusiewe onderwys vind plaas, met inbegrip van 'n buiteskoolse jeugbewustheidsveldtog, in die Vredenburg-gebied van die Weskus Onderwysdistrik.• Die DGOS'e monitor en evalueer die implementering van inklusiewe onderwys, sowel as die sleutellewbares van hierdie projek. <p>Spesiale skole</p> <p>Oordragbetalings Die model vir oordragbetalingstoekennings is hersien en goedgekeur. Spesiale skole het hulle oordragbetalings vanaf April 2008 ontvang asook 'n finale oordragbetaling in Oktober 2008.</p> <p>Personeeldiensstate Na beraadslaging met die onderskeie werknemerspartye, sowel as erkende SBL'e vir 'n ooreenkoms in beginsel, het die spesiale skole hulle onderskeie personeeldiensstate in September 2008 ontvang.</p> <p>Nuwe vaardigheidskole Werkswinkels by Khayelitsha Vaardigheidskool en Cafda Primêre skool in Retreat is voltooi. Hierdie skole sal leerders inskryf vanaf 1 April 2009.</p> |

| SLEUTELPRIORITEITE GESTEL IN TOEWYSING 2008/09 | |
|--|---|
| PRIORITEIT | VORDERING |
| Om toegang tot gehalteonderwys vir alle kinders in die provinsie te verseker | Kurrikulumontwikkeling vir leerders wat ligte tot matige kognitiewe leerhindernisse ervaar in samewerking met die Direkoraat: Kurrikulum AOO word 'n aangepaste NSS-kurrikulum ontwikkel wat in alle vaardigheidskole en spesiale skole met vaardigheidsafdelings in die provinsie geloods sal word. |
| Om doeltreffende bestuur en beheer in alle leerterreine en ondersteuningstrukture te verseker | Ontwikkelings- en Gehalteversekeringsopvolgbesoeke by jeugsorgsentrums afgelê om sentrumverbeteringsplanne te finaliseer. |
| Om opvoeders toe te rus en te ondersteun in hulle pogings om doeltreffende onderwys te verskaf | <p>Opvoeders van spesiale skole, verteenwoordigend van bestuursvlak, die Grondslagfase en AOO- en VOO-bande is toegerus om die NKV in die klaskamer te implementeer. DGOS'e van alle onderwysdistrikte is toegerus om ondersteuning aan spesiale skole te verskaf. Kapasiteitsbou van alle opvoeders by spesiale skole maak deel uit van die versterking van die spesiale skole se programme en duur voort.</p> <p>Grondslagopleiding vir opvoeders wat op die Sirkel van Durf-model geskoei is, herstellende kommunikasiestrategieë, en ontwikkelingsassesseringstrategieë van leerders met probleme om leerderdisipline te verbeter. Altesame 218 opvoeders van distriksvlak en skole het deelgeneem aan die Sirkel van Durf en die Kursus vir die Herwinning van die Omgewing, 124 opvoeders het die <i>Response Ability Pathways Course</i> (Herstellende kommunikasiestrategieë) en 98 het opleiding ontvang in die Ontwikkelingsassessering van Jong Mense in gevaar. Ses spesiale skole het 196 opvoeders vir die fasiliteerderopleiding in die Waardesonderrigprogram vir leerders ingeskryf.</p> <p>'n Aantal skool-sosiale werkers is opgelei in die nuwe Kinderwet (Wet 38 van 2005) om groter beskerming van leerders te verseker. Ondersteuning aan skoolsosialewerkers in die implementering van die Geen Misbruik-protokol duur voort. Interseksionele samewerking en gesamentlike programontwikkeling/fasilitering is verkry met die Departement van maatskaplike Ontwikkeling en NRO's vir die implementering van 'n ouervaardighedeproram vir verwagte leerders en leerders wat huishoudings bestuur.</p> <p>'n Konferensie vir verpleegsters en terapeute by openbare spesiale skole in die Wes-Kaap om leerdertoegang tot die kurrikulum te fasiliteer en vir kapasiteitsbou was baie suksesvol. 'n Halfjaarlikse konferensie vir hierdie sektor word beplan met ingang 2009.</p> <p>'n Baie suksesvolle Voortgesette Professionele Ontwikkeling-konferensie is onlangs aangebied met die oog op die handhawing en bywerking van die professionele bevoegdhede van skoolsielkundiges.</p> |

Spesifieke uitdagings en response

Uitdaging 1:

Die huidige voorsiening in die spesialeskoolsektor is onvoldoende om die groot getal leerders met leerstoornisse te akkommodeer wat na die spesiale skole verwys word. Die resultate in die waglyste by bestaande spesiale skole.

Reaksie op Uitdaging 1:

Die beoogde rasionalisasie van spesiale skole het as doel die verbetering van dienslewering en toeganklikheid om sodoende meer leerders te kan akkommodeer. Alhoewel, op die kort termyn is die beskikbaarheid van genoegsame befonsing en addisionele KS-opvoederposte om die kapasiteit van spesiale skole te verhoog, 'n uitdaging. Maniere om dit te hanteer sal op die medium tot lang termyn onderhandel word. In samewerking met die onderwysdistrikte is meer OLSO-eenhede gevestig by openbare gewone skole om leerders met leerstoornisse te akkommodeer: altesaam 68 eenhede het leerders met spesiale behoeftes ingeskryf, ooreenkomstig Onderwyswitskrif 6.

Kwessies wat deurlopende aandag verg

Moedig positiewe gedrag aan

Die strategie om positiewe gedrag aan te moedig beoog om skole te transformeer om herwinnende omgewings te word wat deur universele waardes onderskryf word en die nodige groei-behoefes van leerders om te behoort, te bemeester, onafhanklik te wees en vrygewigheid toe te pas. Hierdie positiewe skoolomgewings ondersteun 'n kultuur vir onderrig en leer wat positiewe sosialisme, akademiese voortreflikheid, verantwoordelike burgerskap en sorgsame lewensstyle bevorder. Die verbetering van leerderdisipline in skole bly 'n uitdaging wat 'n gestruktureerde en gekoördineerde benadering volg om doeltreffend te wees. Die SKOD-strategie vir die aanmoediging van positiewe gedrag verskaf die teoretiese raamwerk en bedryfsriglyne vir hierdie doel. Sukses bly, grootliks, afhanklik daarvan dat opvoederdenke weggeskuif word van straf- en dwangmaatreëls in die rigting van positiewe dissipline, jeugontwikkeling en herstellende strategieë. Die Sirkel van Durf-filosofie is die hoeksteen vir transformasie in Onderwys, vir die verstaan van probleemgedrag by leerders vanuit 'n sterktegebaseerde perspektief, en die reaksie op hierdie uitdagings op 'n restorerende wyse. Grondslagopleiding word dus gefokus op sterktegebaseerde filosofieë wat bevat is in die universele waardes van die Sirkel van Durf-teorie, ontwikkelingsprogramme, herstellendekommunikasie-strategieë en die ontwikkelingsassessering van probleemleerders. Waardeonderwysintervensies as 'n manier om karakter te bou in jongmense dra by tot die vestiging van 'n etos in skole wat bevorderlik is vir morele ontwikkeling. Die uitdaging vir die pad vorentoe is die uitrol van die strategie sodat dit die opvoeders in die hoofstroomklaskamer bereik. Tydens 2008/09 het 'n totaal van 636 opvoeders deelgeneem aan die verskillende opleidingsprogramme en baie positief gereageer op die herstellende vaardighedeopleidingsprogramme wat aangebied is.

Uitbreiding van Inklusiewe Onderwys

Die uitbreiding van Inklusiewe Onderwys is 'n prioriteit vir die WKOD. Die noodsaaklike strukture, naamlik toegewyste spesiale skole as bronnensentrums, toegewyste openbare gewone skole as voldiensskole, ILOS'e en DSOS'e, binne die bestek van inklusiewe onderwys en sy ondersteuningstelsel sal versterk word om gehalteonderwys en gepaste ondersteuning vir soveel moontlik leerders met leerhindernisse te bevorder.

9.5 Program 5: Verdere Onderwys en Opleiding

Programdoelwit

Om VOO en openbare VOO-kolleges in ooreenstemming met die Wet op Verdere Onderwys en Opleidingskolleges (2006) te voorsien

Die BOOV-program behels die volgende subprogramme:

Openbare instellings

- o om sekere openbare VOO-kolleges van bronne te voorsien

Professionele dienste

- o om openbare VOO-kolleges te ondersteun

Menslikehulpbronontwikkeling

- o om voorsiening te maak vir die professionele ontwikkeling van opvoeders en nie-opvoeders in openbare VOO-kolleges

Voorwaardelike toelae

- o om te voorsien vir herkapitalisasie in openbare VOO-kolleges

Meetbare doelwitte

Die volgende meetbare doelwitte (▲) en prestasiemaatreëls (▶) het betrekking op Program 5: Verdere Onderwys en Opleiding:

| | Meetbare doelwitte | Prestasiemaatreëls |
|----------------|--|---|
| Toegang | ▲ Om die VOO-kollegesektor uit te brei in ooreenstemming met die ekonomiese en maatskaplike behoeftes van die land | ▶ PM501: Getal VOO-kollegestudente in verhouding tot jeug in die provinsie ▶ PPM501: Getal studielenings/beurse toegeken aan VOO-kollegestudente |
| Gelykberegting | ▲ Om die deelname van histories gemarginaliseerde groepe leerders in openbare VOO-inrigtings te bevorder | ▶ PM502: Persentasie vrouestudente wat in tegniese velde is |
| Uitsette | ▲ Om die sukseskoers in die VOO-kollegesektor te verbeter | ▶ PM503: VOO-kollege deurvoerkoers |
| Gehalte | ▲ Om relevante en responsiewe VOO-gehalteleermoontlikhede te verskaf | ▶ PM504: Persentasie leerders deur VOO-kolleges in leederskappe geplaas |

Programbeleidsontwikkelings in 2008/09

- Implementering van NK(B) (Vlak 2, 3 en 4)
 - * Befondsingsformule vir VOO-kolleges gefinaliseer en in staatskoerant geplaas.
 - * Bekendstelling van opgelope gelde vir alle NK(B)-kursusse.
 - * Implementering van Wet op VOO-kolleges (2006)

| ST501 | VERDERE ONDERWYS EN OPLEIDING - Sleuteltegnese | 2006/07 Werklik | 2007/08 Werklik | 2008/09 Doelwit | 2008/09 Werklik |
|---|--|--------------------|--------------------|--------------------|--------------------|
| BETALINGS PER EKONOMIESE KLASSIFIKASIE (R'000) | | | | | |
| 5.1 | Openbare instellings | 201,048 | 237,228 | 289,886 | 289,885 |
| 5.2 | Professionele dienste | 0 | 0 | 0 | 0 |
| 5.3 | Menslike hulpbronnontwikkeling | 0 | 0 | 0 | 0 |
| 5.4 | Voorwaardelike toekennings | 70,000 | 80,000 | 77,305 | 77,305 |
| TOTAAL | | 271,048 | 317,228 | 367,191 | 367,190 |
| BETALINGS PER EKONOMIESE KLASSIFIKASIE (R'000) | | | | | |
| | Huidige betaling | 140,010 | 169,049 | 200,850 | 200,850 |
| | Vergoeding van werknemers | 139,993 | 169,049 | 200,850 | 200,850 |
| | Opvoeders | 116,194 | 142,508 | 169,098 | 169,098 |
| | Nie-opvoeders | 23,799 | 26,541 | 31,752 | 31,752 |
| | Goedere en dienste en ander huidige oordragte en subsidies | 17 | 0 | 0 | 0 |
| | Betaling vir kapitale bates | 131,038 | 148,179 | 166,341 | 166,340 |
| TOTAAL | | 271,048 | 317,228 | 367,191 | 367,190 |
| PERSONEEL | | | | | |
| | Opvoeders | 1 062 | 1 176 | 1 120 | 1 123 |
| | in poste | 767 | 885 | 0* | 881 |
| | deur kollege in diens geneem | 295 | 291 | 1120 | 342 |
| | Nie-opvoeders | 815 | 945 | 813 | 1026 |
| | in poste | 245 | 234 | 24* | 491 |
| | deur kollege in diens geneem | 570 | 711 | 789 | 535 |

| ST501 | VERDERE ONDERWYS EN OPLEIDING - Sleuteltegnense | 2006/07 Werklik | 2007/08 Werklik | 2008/09 Doelwit | 2008/09 Werklik |
|---|---|---------------------------------|--------------------|--------------------|--------------------------|
| INSKRYWING | | | | | |
| | Voltydse ekwivalente studente | 21 323 | 23 945 | 20 000 | 29 868 |
| | Studente (koppetelling) (a) wat vroulik is | 44 960 | 54 721 | 41 157 | 39 083 |
| | vroue in tegniese velde (b) | 7 605 | 22 737 | 19 343 | 17 918 |
| | Studente wat programme met sukses afgeleë het deur die jaar (c) | 32 000 | 38 304 | 30 000 | 20 744 |
| STATISTIEK OOR LEEDERSKAPPE | | | | | |
| | Aktiewe leederskapoooreenkomste in die provinsie (d) | Die data is nie beskikbaar nie. | | Geen teiken gestel | Geen data beskikbaar nie |
| | Aantal ooreenkomste wat VOO-kolleges as voorsieners betrek (e) | Die data is nie beskikbaar nie. | 4 500 | 4 105 | 4 200 |
| ► PRESTASIEMAATREËLS | | | | | |
| | ► PM501: Getal VOO-kollegestudente in verhouding tot jeug in die provinsie | 17.9%* | 21.4%* | 16.2% | 25% |
| | ► PM502: Persentasie vrouestudente wat in tegniese velde is (b/a) | 16.9%** | 4.2%** | 20.7%** | 4.6%** |
| | ► PM503: VOO-kollege deurvoerkoers (c/a) | 71.2% | 70% | 72.9% | 53.1% |
| | ► PM504: Persentasie leerders deur VOO-kolleges in leederskappe geplaas (e/d) | Die data is nie beskikbaar nie. | 23% | 22% | 13% |
| | ► PPM501: Getal studietoelings/beurse toegeken aan VOO-kollegestudente | 2 885 | 3 533 | 4 201 | 6 260 |
| LW: | | | | | |
| * StatsSA 2006 General Household Survey – Dit is die persentasie van 16 tot 18-jariges wat VOO-kolleges bywoon in vergelyking met die totale getal 16- tot 18-jariges in die provinsie. Voorheen is die totale getal ingeskrewe studente bereken as 'n persentasie van die totale bevolking van 15- tot 17-jariges. | | | | | |
| **Die berekenings in vorige jare is gebaseer op die verkeerde toepassing van die formule en is dus vanjaar aangepas. ***Die implementering van NK(B)-programme word beïnvloed deur die studentekoppetelling en VOO-berekeninge. NK(B) het 'n eenjarige leweringstydperk tenwyl NATED-programme in semesters en trimesters gelewer word. | | | | | |
| *Die 2008/09 teiken vir uitgawes is die finale toewysingsgetal vir 2008/09 | | | | | |

| Verdere Onderwys en Opleiding: Prestasiemaatreeëls | |
|---|--|
| ► PM501: Persentasie VOO-studente in verhouding tot jeug in die provinsie | Teiken oorskry Die bekendstelling van die NK(B) het 'n mate van onsekerheid in die sektor binnegebring. Dit kan altyd verwag word met kurrikulumverandering. Daar word uitgesien na die wyse waarop die "mark" die NK(B) gaan ontvang. Hierdie evaluering kan die grootste waarde hê indien dit gedoen word sodra die leerders Vlak 4 voltooi het. Ons het tans vlak 2, 3 en 4 in die stelsel met 'n totaal van 10 800 studente. Die ander been van lewering by VOO-kolleges, nl. Beroepskwalifikasies, word gedoen in vennootskap met SOOO's en is stewig en gewild in hierdie provinsie. |
| ► PM502: Persentasie vrouestudente wat in tegniese velde is (b/a) | Die teiken is nie bereik nie. Rigtings in die ingenieurswese, veral elektriese ingenieurswese, word geleidelik al hoe meer gewild onder vroulike studente. Die getalle is steeds laag, alhoewel vroueleerders gewoonlik in die meerderheid is by kolleges. "Sagte vaardighede" is steeds die grootste aantrekkingskrag vir vroulike leerders op kollege. |
| ► PM503: VOO-kollege deurvoerkoers (c/a) | Die teiken is nie bereik nie. Soos vroeër genoem, het die NK(B) in 2007 'n nuwe kurrikulum by VOO-kolleges ingelui. |
| ► PM504: Persentasie leerders deur VOO-kolleges in leiderskappe geplaas (e/d) | Die teiken is nie bereik nie. Die vennootskappe met SOOO maak hierdie lewering kompleks maar interessant. Leerderskap 1000 het die eise wat aan VOO-kolleges gestel word in hierdie area van werk verhoog. Een van die uitdagings is die traagheid soms ervaar in sekere nywerhede wat die beskikbaarheid vir studenteplasings beïnvloed. Kolleges gaan voort om verhoudings te bou met DvO, SOOO's en werkgewers, maar benodig beter befondsingondersteuning om hoër doelwitte te bereik. |
| ► PPM501: Getal studielenings/beurse toegeken aan VOO-kollegestudente. PM220 | Teiken behaal en oortref. Die iKapa Beursprogram speel 'n belangrike rol in die verskaffing van toegang tot beroepsonderwys in hierdie provinsie. Dit is in besonder waar van Vaardigheid- en Beroepskwalifikasiekursusse. die fonds word ook gebruik om leerders te ondersteun wie se studieveld as 'n prioriteitsbehoefte in die provinsie geïdentifiseer is. |

| PRIORITEIT VOLGENS JPP | VORDERING |
|--|---|
| Die voortgesette herkapitalisasie van al 6 VOO-kolleges met 'n fokus op vaardighedeontwikkeling in lyn met die MEOS en nasionale behoeftes, soos uitgestippel deur die Nasionale Menslikebronontwikkelingstrategie | Al die kolleges het hulle volle toekennings ooreenkomstig goedgekeurde bedryfsplanne bestee. 14 NK(B)-programme is in 2009 geïmplementeer, met 10 800 studente ingeskryf in NK(B) vlak 2 – 4. Die eerste konstruksiefase van die Vredenburg-kampus is teen die einde van 2008 voltooi. Personeel en studente het die nuwe geboue betrek. Die volgende boufasies sal progressief volg. |
| Verhoog getal leerders van 16 – 22 jaar wat by kolleges ingeskryf is. Verhoog getal leerders wat vir volle kwalifikasies ingeskryf is. Vermeerder die getal leerders wat kwalifiseer vir hoër onderwys | Kolleges het hulle inskrywing van NK(B)-studente van 5 974 in 2007 na 10 800 in 2009 vermeerder. Jaarlikse inskrywingstal is op beskikbare begroting gebaseer. |
| Bied en evalueer nuwe programme wat aan behoeftes in ekonomie voldoen | 14 NK(B)-programme is in Januarie 2009 geïmplementeer. Kolleges het beplan om 117 leiderskapkwalifikasies en 97 vaardighedeprogramme vir 2009 te implementeer. |
| Lei dosente op in nuwe VOO-kursusse | 1080 dosente en bestuurders is opgelei vir NK(B)-lewering. 11 dosente is opgelei deur 'n nywerheidsvennootskap oor werkplekprosesse en toerusting relevant tot hulle programme. |
| Hou leerderondersteuningseenhede in stand by elk van die ses kolleges en spoor leerders na wat verlaat.. | Kolleges het leerderondersteuningseenhede, maar dit vereis ekstra bronne om meer doeltreffend te wees. Daar is tans geen bronne beskikbaar om die nasporing van leerders moontlik te maak nie. |
| Ken beurse/lenings toe aan behoeftige leerders | 'n Totaal van 6 260 iKapa Elihlumayo-beurse is in 2008/09 toegeken. 3 675 DvO-beurse is in 2008/09 toegeken aan NK(B)-studente. |
| Hou rekenaarlaboratoriums in stand. | 27 rekenaarskamers is opgegradeer/ gebou in 2008/09 en 615 rekenaarwerkstasies opgegradeer. |
| Maak seker dat alle studente opgelei word in IKT. | Alle NK(B)-programme sluit rekenaargeletterdheid in. |

Spesifieke uitdagings en response

Uitdaging 1:

NK(B) en Befondsingsformule

Die inleiding en implementering van die NK(B) sonder die finalisering van die befondsingsformule het die kollege se finansiële gesondheid negatief beïnvloed. Dit is vererger deur die implementering van beperkte gelde, wat kolleges daarvan weerhou het om gelde te hef vir dienste wat gelewer is t.o.v. NK(B).

Reaksie op Uitdaging 1

Die befondsingsnorm is in die staatskoerant geplaas en sal vanaf 2010 geïmplementeer word. Die korrekte Program 5-begroting kan altesaam 16 000 NK(B)-studente akkommodeer. Inskrywingsgetalle word versigtig beplan om finansiële tekorte te vermy en kolleges word aangemoedig om beroepsprogramme aan te bied in vennootskap met die nywerheid en SGO's.

Uitdaging 2:

Personeeldiensstate

In die geskiedenis van hierdie organisasie was personeeltoekenning aan VOO-kolleges altyd problematies. Dit het daartoe gelei dat die sektor onvoldoende personeel gehad het en die VOO-kolleges self swaar personeeluitgawes moes dra. Met die nuwe Wet op Kolleges vir VOO bly hierdie uitdaging steeds ernstig.

Reaksie op Uitdaging 2:

Daar is nou 'n verstandhouding dat, vir die eerste fase, slegs huidige poste waarvoor begroot is, oorweeg sal word vir die oordrag van fondse aan kolleges. Daar moet deurlopende hersienings wees oor die kwessie van personeeldiensstate vir VOO-kolleges, anders word die risiko hoër in hierdie nuwe dispensasie van kolleges. Dit kan ook gesien word as 'n begrotingsverwante uitdaging, net soos met die (NK(B) en die befondsingsformule. Tans dra die Kolleges 'n salarisrekening van ongeveer R120m per jaar uit eie fondse, terwyl die WKOD se salarisrekening R207m per jaar is.

Kwessies wat deurlopende aandag verg

Finansies

Die NK(B)-programme is geïmplementeer in die afwesigheid van die befondsing nodig om die operasionele aspekte van implementering genoegsaam te ondersteun. Vir twee finansiële jare is kolleges op twee fronte beklem, nl. beperkte klasgelde en ongenoegsame openbare befondsing van die WKOD. Die befondsingsnorme en standaard is nou goedgekeur en daar word van provinsies verwag om in 2010 te begin implementeer. Die Program 5-begroting toon geen ander toename as 'n billike deel van ongeveer R80m om te voorsien in die verwagte toename in NS(B)-studentegetalle. Tans word R80m gebruik vir die niepersoneel/niekapitale gedeelte van die befondsingsformule. Berekeninge toon dat die Wes-Kaap 'n totaal van 16 000 NS(V) studente kan bekostig op die huidige Program 5-begroting, dog die provinsie sal na verwagting 85 000 studente teen 2014 hê.

Uitfasering van N4 – N6

Die Nasionale Tegnieuse Onderwysprogramme (NATO-programme) word uitgefaseer sonder vervangingsprogramme in alle nywerheidsvelde. Daar word van Kolleges verwag om in vennootskap te gaan met Hoër Onderwys-inrigtings oor die lewering van Vlak 5-programme, wat hulle glo waarskynlik nie sal gebeur nie. Die uitfasering sal 'n kritieke uitwerking hê op die finansies van die meeste kolleges.

Implementering van die Wet op VOO-kolleges (Personeeloordrag)

Die implementering van die Wet op VOO-kolleges, Wet 16/2006 is tot nog toe lomp hanteer, d.i. die oordrag van personeel na kolleges en die huidige salarisbetaalstaatoordrag. Die voortdurende verandering van datums en prosesse laat die kolleges in 'n haglike posisie.

Versoening van NKR-beleid se artikulاسie

Daar is tans geen duidelike artikulاسie vir NS(B) vlak 4-studente na HO-vlakke nie. Indien Kolleges HO-programme wil aanbied, moet hulle onderhandelinge aanknoop t.o.v. finansiering en gehalteversekering met HO-inrigtings. Daar is min hoop dat HO-inrigtings met kolleges sal wil onderhandel, veral t.o.v. befondsing. Alle HO-lewering by kolleges sal uit eie fondse gedoen moet word.

Kurrikulum en eksamens

Kolleges voel dat die NS(B) die beste ding is wat met kolleges kon gebeur in die jongste tyd op grond van die integrering van teorie en praktyk. Daar is tekortkomings in die kurrikulum, maar dit sal uitgesorteer word met implementering, ervaring en kurrikulumoorligte, wat die normale proses vir kurrikulums is. Die probleem is dat kurrikulums meer inpas by nagraad 12-studente en nie na-graad 9-studente nie, wat die minimumvereiste vir inskrywing is. Die NS(B) is dus verkeerd geplaas op die NKR.

Die kwessies ten opsigte van die eksamenstelsel hou verband met die feit dat die DvO se eksamenstelsel nie voldoende voorbereid was om die moderering en die eksaminering van die NS(B)-programme te behartig nie. Vir die afgelope 2 jaar was uitslae baie laat of steeds uitstaande teen die begin van die aanvullende eksamens. Die interne en eksterne modereringsproses moet nog belangrike verfynings ondergaan voor die implementering daarvan en as gevolg daarvan was die modereringsresultate nie geloofwaardig nie, en in baie gevalle is dit verwerp tot nadeel van die studente.

Die geloofwaardigheid van die NK(B) Vlak 2 en 3-sertifikate word ook bedreig deur interne in plaas van eksterne nasien. Dit is as gevolg van 'n gebrek aan fondse by die DvO vir die eksterne nasien van eksamenskrifte. Dit vorm deel van 'n probleem wat gesien kan word as beleidsimplementering sonder die nodige begrotingsraamwerk.

Beroepsopleiding – Wet op VOO-kolleges se mandaat

Die Wet op VOO-kolleges gee aan kolleges die mandaat om beroeps- sowel as loopbaanprogramme aan te bied, dog die befondsingsnorme maak net voorsiening vir beroepsaanbieding. Kolleges benodig ondersteuning om van SOOO-befondsing te mag gebruik om die loopbaangerigte dienslewering op die lange duur te kan volhou.

Werwing van lektore

Kolleges vind dit moeilik om goed gekwalifiseerde personeel te werf en te behou, veral vir beroepsvalke. Dit is hoofsaaklik die gevolg van salarisskale en die moontlikheid om veel meer te verdien in die nywerheidssektor.

Studentewerwing

Die NS(B)-kurrikulums vereis net soveel kognitiewe vermoë en teoretiese studie as akademiese skoolprogramme, dog daar is 'n persepsie dat VOO-kolleges bedoel is vir swak presteerders en vir leerders wat dit nie kan maak in die skoolstelsel nie. In sommige gevalle word bemarkers toegang tot skole vir werwingsdoeleindes geweier en in ander gevalle word hulle net toegelaat om swak presteerders toe te spreek.

9.6 Program 6: Basiese Onderwys en Opleiding vir Volwassenes

Programdoelwit

Om BOOV te voorsien ooreenkomstig die Wet op Basiese Onderwys en Opleiding vir Volwassenes, 2000.

Die BOOV-program behels die volgende subprogramme

Subsidies aan privaat sentrums

- o om spesifieke privaat BOOV-terreine te ondersteun d.m.v. subsidies

Professionele dienste

- o om BOOV-terreine te ondersteun

Menslikehulpbronontwikkeling

- o om voorsiening te maak vir die professionele ontwikkeling van opvoeders en nie-opvoeders by BOOV-terreine

Meetbare doelwitte

Die volgende meetbare doelwitte (▲) en prestasiemaatreëls (▶) het betrekking op Program 6: Basiese Onderwys en Opleiding vir Volwassenes

| | Meetbare doelwitte | Prestasiemaatreëls |
|---------|--|---|
| Toegang | ▲ Om te verseker dat volwassenes sonder basiese onderwys toegang tot BOOV-sentrums het | ▶ PM601: Getal BOOV-leerders in verhouding tot volwassenes in die provinsie |

Programbeleidsontwikkelings in 2007/08

Geen nuwe ontwikkelings vanjaar nie. Verwys na die bespreking onder "Kwessies wat deurlopende aandag vereis" hier onder.

| ST601 | BASIESE ONDERWYS EN OPLEIDING VIR VOLWASSENES – Belangrikste tendense | 2006/07 Werklik | 2007/08 Werklik | 2008/09 Doelwit | 2008/09 Werklik |
|---|---|--------------------|--------------------|--------------------|--------------------|
| BETALINGS PER SUBPROGRAM (R'000) | | | | | |
| 6.1 | Subsidies aan privaat sentrums | 23,539 | 25,821 | 27,885 | 26,838 |
| 6.2 | Professionele dienste | 0 | 0 | 1 | 0 |
| 6.3 | Menslikehulpbrontontwikkeling | 0 | 0 | 1 | 0 |
| | TOTAAL | 23,539 | 25,821 | 27,887 | 26,838 |
| BETALINGS PER EKONOMIESE KLASSIFIKASIE (R'000) | | | | | |
| | Huidige betaling | 6,163 | 6,585 | 4,803 | 4,803 |
| | Kompensasie vir werknemers | 5,916 | 6,524 | 4,487 | 4,487 |
| | Opvoeders | 4,969 | 4,971 | 3,618 | 3,618 |
| | Nie-opvoeders | 947 | 1,553 | 869 | 869 |
| | Goedere en dienste en ander tans | 247 | 61 | 316 | 316 |
| | Oordragte en subsidies | 17,376 | 19,236 | 22,035 | 22,035 |
| | Betalings vir kapitale bates | 0 | 0 | 0 | 0 |
| | TOTAAL | 23,539 | 25,821 | 26,838 | 26,838 |
| PERSONEEL | | | | | |
| | Aantal opvoeders (in openbaar aangestel) | 4 | 4 | 4 | 4 |
| | Aantal nie-opvoeders (in openbaar aangestel) | 10 | 9 | 11 | 8 |
| INSKRYWING: | | | | | |
| | AOO-vlak | 15 529 | 16 612 | 20 655 | 16682 |
| | VOO-vlak | 22 110 | 23 405 | 21 845 | 19902 |
| | TOTAAL (a) | 37 639 | 40 017 | 42 500 | 36 584 |
| BEVOLKINGSEKOLOGIE | | | | | |
| | Ouderdom van populasie: 18 tot 60 (b) | 2 767 069 | 2 821 443 | 2 874 777 | |

| ST601 | BASIESE ONDERWYS EN OPLEIDING VIR VOLWASSENES – Belangrikste tendense | | | | |
|---|---|--------------------|--------------------|--------------------|--------|
| | 2006/07 Werklik | 2007/08 Werklik | 2008/09 Doelwit | 2008/09 Werklik | |
| INRIGTINGS | | | | | |
| Gesubsidieerde sentrums | 351 | 368 | 368 | | 296 |
| ► PRESTASIEMAATREËLS | | | | | |
| ► PM601: Getal BOOV-leerders in verhouding tot volwassenes in die provinsie (a/b) | 1.4%* | 0.04%* | 0.05%* | | 0.05%* |
| ► PPM601: Getal BOOV-leerders geregistreer vir VOO | Nuwe PPM | | 21 845 | | 19 902 |

Bron

* StatsSA 2007 General Household Survey – Dit is die persentasie van moontlike volwassenes in die provinsie wat BOOV-kursusse bywoon in vergelyking met die totale getal moontlike BOOV-kandidate in die provinsie. Voorheen is die totale getal ingeskrewe BOOV-studente bereken as 'n persentasie van die totale populasie van 18- tot 60-jariges. Die huishoudelike opname is gebaseer op monsters alleenlik en die volgende getalle sal net in Julie 2009 vrygestel word. Die data is dus ook nie die huidige nie.

*Die 2008/09 teiken vir Uitgawe is die Finale Toewysingsgetal vir 2008/09

Basiese Onderwys en Opleiding vir Volwassenes: Prestasiemaatreëls

► PM601: Getal BOOV-leerders in verhouding tot volwassenes in die provinsie

Hierdie datastel kom van die Algemene Huishoudelike Opname waarin die data op steekproewe alleenlik gebaseer is. Die volgende syfers sal slegs in Julie 2009 vrygestel word, dus is hierdie nie die jongste nie.

| | VORDERING: |
|--|---|
| Toename in getal leerders wat toegang het tot doelwitgedrewe programme vir Basiese Onderrig en Opvoeding vir Volwassenes (BOOV) | <p>Tien nuwe terreine is gestig in die Onderwysdistrik Weskus. In die Onderwysdistrik Metro-Suid is die Capricorn GLS gestig. In Eden is 3 GLS in hulle eie geboue gevestig sodat 'n behoeftegedrewe program aangebied kan word op tye geskik vir die gemeenskappe wat hulle bedien.</p> <p>'n VOO-kurrikulumindaba is op 1 Augustus 2008 gehou om verskillende opsies te ondersoek wat GLS'e gehad het om die R550-kurrikulum te vervang. Verteenwoordigers van die VOO-kolleges, SOOO's en die Departement van Arbeid het voorleggings gedoen. 'n Taakspan is gestig om die moontlike opsies verder te ondersoek en riglyne vir sentrums daar te stel om keuses uit te oefen t.o.v. relevante aanbiedings aan die gemeenskap. Tot dusver het die taakspan drie vergaderings gehou. Taakspanlede is in vier groepe verdeel om die volgende na te vors: SOOO-programme, Programme vir Dept. van Arbeid, NKV en NSB –programme. 'n Finale verslag is saamgestel en onder GLS'e versprei in Februarie 2009.</p> <p>Die Jaarlikse Volwasseleerdersweekvierings het plaasgevind in Hermanus van 22 tot 23 Augustus 2008. 850 afgevaardigdes het die vergadering bygewoon met die nuwe LUR as gasspreker die Saterdagmore. Funksies het ook op distriksvlak plaasgevind. Die sukses van hierdie gebeurtenis is direk gekoppel aan die vennootskap van die VOO-subdirekoraat met die Lerende Kaap-inisiatief en die Leerforum vir Volwassenes. Die jaarlikse halfjaarlikse hersiening van die subdirekoraat is van 22 tot 24 Julie 2008 in Houwhoek gehou. Dit het aan die personeel van die onderwysdistrik en die hoofkantoor die geleentheid gebied om na te dink oor die status van sleutellewbares en om te beplan vir die res van 2008.</p> |
| Gee spesiale aandag aan die keusevakke op BOOV vlak-4, nl. Aanvullende Gesondheidsorg, Wiskunde, Wetenskap en Tegnologie | Die bestuur is voorsien van 'n voorlegging vir goedkeuring om paaangeërs te ontwikkel. Dit sal aan GLS'e uitgedeel word in Oktober 2008 |
| Verbeter die kwalifikasies van ongekwalifiseerde en ondergekwalifiseerde opvoeders deur leerder-skappe in samewerking met die OPOP SOOO. | BOOV-praktisynleerderskappe (NKR 5) is voorsien aan 67 ongekwalifiseerde opvoeders. |
| Hou bestaande vennootskappe met 8 provinsiale departemente in stand terwyl nuwe vennootskappe gesluit word met ander provinsiale departemente en die nywerheid | <p>3 nuwe vennootskappe is gestig: Moorreesburg Koringboere, Roman Protection Solutions – waarvoor 'n MVV geteken is (Brackenfell), en SEB-werwing (Phillippi): Klasse het op 20 Oktober 2008 'n aanvang geneem. Andervennootskap-leerders wat bygevoeg is by bestaande vennootskappe sluit in 9 vir Sport en Kultuursake. 'n Promosietoer met die Departement van Gesondheid het uitgeloop op die byvoeging van 45 leerders tot verskillende sentrums.</p> <p>76 nuwe leerders is bygevoeg tot bestaande vennootskappe met die Departement van Sosiale Ontwikkeling, Gesondheid en Transport en openbare Werke.</p> <p>Die subdirekoraat het saamgewerk met die <i>Violence Prevention through Urban Upgrading</i> in Khayelitsha om 800 leerders gepas te plaas.</p> |

| | VORDERING; |
|---|--|
| Gee voorrang aan geteikende opleiding vir sentrumbestuur, beheerliggame en opvoeders om te verseker dat GLS'e kan reageer op die uitdagings van 'n getransformeerde BOOV-sektor. | <p>188 lede van beheerliggame, wat 95 sentrums verteenwoordig van alle onderwysdistrikte is opgelei in die skryf van sakeplanne.</p> <p>Opleiding het plaasgevind oor naweke vanaf 3 Mei 2008 tot 7 Junie 2008. Twee opleidingsessies in finansiële bestuur vir Beheerliggame is aangebied deur die skoolgebaseerde bestuurspan te Eden. Die subdirekoraat het Konsepregulasies saamgestel vir die registrasie van privaatsentrums sowel as regulasies vir sentrumbeheerliggame. Die subdirekoraat het op 15 September 2008 met regsadviseurs vergader om die finale dokument oor Privaatsentrumregulasies noukeurig deur te gaan.</p> <p>Op 22 Augustus 2008 het die subdirekoraat met die Beleidskoördineringsdirekteur vergader aangaande die SBL-regulasies. Hierdie konsepdokument is daarna gebruik in die proses van konsultasie met ander belanghebbendes tydens die OOV-SBL Raadplegende Konferensie op 30 Augustus 2008. Hierdie konferensie is bygewoon deur 300SBL-lede vanaf alle sentrums en is gehou in die Raadskamers van Stad Kaapstad.</p> |
| Behalwe vir die WKOD se voorgenome betrokkenheid by hierdie veldtog, wil die Departement 'n addisionele 2500 volwasse leerders in 2008 bereik, bo en behalwe die 2007 inskrywing. | 36 582 OOV-leerders het GLS'e bygewoon in 2008, terwyl 6025 leerders deur die <i>Kha Ri Gude (KRG)</i> program van die Onderwysdepartement bereik is. |
| Ondersteun volledig en berei voor om die Massa-geletterdheidsveldtog soos deur die Kabinet goedgekeur, te implementeer. | <p>Na 'n lang vertraging, is 'n vergadering van die LUR, subdirekoraat en die HUB van die veldtog gehou op 2 Junie, waar aanvanklike besprekings plaasgevind het. 'n Opvolgaanbieding na 'n vergadering van verskillende deelnemers is op Saterdag 7 Junie 2008 gehou. Die subdirekoraat het 'n vergadering in Pretoria bygewoon oor die inname van leerders wat deelneem aan die Massa-geletterdheidsveldtog by OOV-sentrums. Die subdirekoraat is besig om planne te finaliseer vir die "inname" van <i>Kha Ri Gude</i>-leerders en BOOV Vlak 2.</p> <p>'n Vergadering met DvO se Senior Beampes (DDG en Direkteur: KRG) en WKOD-beampes (DDG:I, HDI en DIM) op 9 Februarie 2009 het die gereedheid ondersoek van die WKOD vir die inname van 2500 KRG-leerders in WKOD GLS'e. Hierdie leerders sak op BOOV Vlak 2 geplaas word. Met hierdie doel voor oë het OOV-beampes deelgeneem aan 'n DvO-geïnisieerde proses om LOOM vir Vlak 2 te ontwikkel gedurende Oktober 2008. Hierdie materiaal sal gedruk en onder GLS'e versprei word in April/Mei 2009.</p> |
| Verskaf befondsing van Norme en Standaarde vir Gemeenskapsleersentrums aan 102 inrigtings vir Onderwys aan Volwassenes. | <p>Addisionele fondse van Norme en Standaarde is saamgestel en goedgekeur vir 6 GLS'e ten bedrae van R505 000 op 24 Junie 2008, onderskeidelik vir 2 GLS'e in Sentraal en 1 elk in Noord, Oos, Suid en Overberg.</p> <p>32 977 leerders sal befonds word deur Norme- en Standaarde-fondse in 2009 teen 'n koste van R28.1m</p> |
| Maak voorsiening vir 2500 nuwe leerders per jaar toegelaat vir BOOV. | 36 582 OOV-leerders het GLS'e bygewoon in 2008, terwyl 6025 leerders deur die <i>Kha Ri Gude</i> -program (KRG-program) van die Onderwysdepartement bereik is. |
| Bied doelgedrewe, gemoduleerde BOOV Vlak 1, 2 en 3 kurrikulums aan – wat bestaan uit twee programaanbiedings, naamlik geletterdheid en gesyferdheid – in alle gemeenskapsleersentrums. | Weskus: 9 sentrums verbonde aan plaaslike munisipaliteite en 7 is geregistreer by distriksbronnensentrums. 5 sentrums het "caterpillars" en Engelse leesboeke ontvang. |
| n Fokus op die keuses vir BOOV Vlak 4, nl. Aanvullende Gesondheidsorg, Wiskunde, Wetenskap en Tegnologie Vlak 4 vir sentrums, wat 'n verskeidenheid leerareas aanbied wat lei tot 'n bepaalde AOOS-kwalifikasie vir die leerder in die konteks van die gemeenskap | Pasbepalers is aan GLS'e uitgedeel in Oktober 2008. |

| | VORDERING; |
|---|--|
| Alle bestaande opvoeders moet geteikende opleiding ontvang en alle nuwe opvoeders moet oriëntering en opleiding ontvang. | Om te verseker dat gekwalifiseerde opvoeders by GLS'e aangestel word, is riglyne vir opvoeders om by SARO te registreer, ontwikkel en uitgedeel aan GLS'e op 14 Mei 2008. Hierdie riglyne is uiteengesit in IBB-minuut 1/2008. |
| Alle GLS-bestuurders moet geskikte opleiding op 'n deurlopende basis ontvang | Oriëntering van sentrumbestuurders in die Prosedurehandleiding het in April plaasgevind in Weskus en Eden. Die Prosedurehandleiding vir Sentrumbestuurders is hersien/bygewerk en daarna bemiddel met al die ondewrysdistrikte. 152 bestuurders en terreinkoördineerders, wat 104 sentrums verteenwoordig, is bereik. Finale konsep is aan BLS'e versprei in Februarie 2009. |
| Integreer IKT met lewering van kurrikulum op BOOV-vlak 1-4 | Loodsing van <i>Mediaworks Programmes</i> by 7 GLS'e duur voort terwyl 'n nuwe rekenaarlaboratorium by Piketberg GLS ingerig is. |
| Verbeterde monitering van leerderinskrywing/-retensie op distriksvlak | Gereelde monitering is gedoen deur die onderwysdistrikte en die Hoofkantoor. 'n Spesiale instrument is vir hierdie doel ontwikkel. Ses intensiewe moniteringsbesoeke is afgelê deur die Hoof; Kantoorpersoneel, d.w.s. 2 per maand na GLS'e in Eden, Weskus en Metro-sentraal. |
| Vermeerder die voorsiening van leerderskappe, vakleerlingskappe, internskappe en vaardighede programme wat skakel met werkgeleenthede deur plasinginstrumente te gebruik om te verseker dat leerders korrek geplaas word by registrasie van 'n BOOV-kursus. | Die NK(B) is geloods by St Francis en Worcester GLS, en ongeveer 125 leerders is bedien. Bevindings toon dat verdere studies gedoen moet word voor daar aangegaan word met die implementering van die NK(B)'s. Om die implementering van vaardighede programme te bevorder, is opvoeders as vaardighede beamptes geïdentifiseer in die Onderwysdistrik Weskus. Hierdie beamptes het 'n suksesvolle vaardighede uitstalling gehou tydens die Lerende Kaap-fees in Augustus 2008. Ander vaardighede programme het die volgende ingesluit: Onderwysdistrik Metro-Oos – Intando Yethu CLC: Houtwerk, Naaldwerk, Pottebakkerie, SHARE: Educare, , Basiese en gevorderde Rekenaarvaardighede; Wesbank Basiese Rekenaarvaardighede & Sweiswerk; Forest Heights Bestuurslisensie-opleiding; en Kalkfontein: Welstandsprogram en Maatskaplike Ontwikkeling 'n Voorstel is voorberei en aanvaar vir die bekendstelling van vaardighede programme in die Knooppuntgebiede. R1.9 miljoen is goedgekeur vir programme wat in Beaufort-Wes, Mitchells Plain en Khayelitsha aangebied moet word. Dienste van drie diensverskaffers is bekom om SOOO-geakkrediteerde programme aan 460 leerders te lewer. Vaardighede programme is aangebied in Elektriese Ingenieurswese, Konstruksie, Tuisversorging en Braaihoenderproduksie. Programme het in Oktober 2008 begin. Die tweede fase van die Nodale Vaardighede-programme het in Beaufort-Wes met die volgende begin: Tuisversorging (14 leerders), Konstruksie, (12), en Elektries (16) in Khayelitsha met Tuisversorging (15), Elektries (15) Konstruksie (20) en Elektries (11) en in Mitchells Plain met Tuisversorging (15), Elektries (15), Konstruksie (13) en Braaihoenderproduksie |

Spesifieke uitdagings en response

Uitdaging 1:

Die vertraging in Nome-en-standaarde-fondse vir OOV wat die volgende uitwerking gehad het:

- Afwesigheid van 'n uniforme befondsingsmodel vir OOV-sentrums, wat 'n uitdaging bly.
- OOV-sentrums wat nie genoegsaam reageer op gemeenskapsbehoefes a.g.v. 'n gebrek aan bronne.

Reaksie op Uitdaging 1:

Die norme is gepromulgeer op 14 Desember 2008. Die huidige WKOD beleid/praktyke het baie van die inhoud van hierdie regulasies beïnvloed. Ooreenkomstig hierdie nome, moet GLS'e in 2009 gesertifiseer word ter voorbereiding van implementering in 2010.

Uitdaging 2:

Gebrek aan OOV-personeel wat ondersteuning kan bied aan GLS'e in kurrikulum, sowel as aan bestuur en beheer.

Reaksie op Uitdaging 2:

Die herontwerpproses maak voorsiening vir 'n OOV-adviseur vir Kurrikulum en IBB, onderskeidelik. 'n OOV-subdirektoraat is by Hoofkantoor gestig. Al die poste in die onderwysdistrikte is egter nie gevul nie. Onderwysdistrikte Metro-Sentraal en Overberg bly 'n probleem, aangesien 'n tweede beampte beide die OOV-kurrikulum en die bestuur-en-beheer-funksie moet behartig.

Kwessies wat deurlopende aandag verg

Die einde van Rapport 550 vir graad 12's en die skuif na die Verdere Onderwys en Opleiding Sertifikaat (VOOS) in graad 12 in 2008 bied 'n baie groot uitdaging aan GLS'e en volwasseneleerders. Tydens die verslagperiode is 'n aantal betekenisvolle treë gegee om alternatiewe VOO-programme te bekom wat gebaseer is op alternatiewe vaardighede. 'n Vennootskap tussen Northlink Kollege en GLS'e in Onderwysdistrik Metro-Noord begin vrug lewer.

Die meerderheid leerders behaal die vereiste krediete oor 'n periode van ten minste 2 of 3 jaar. Wanneer 'n leerder die vereiste 120 krediete behaal het, kan 'n AOOS deur UMALUSI uitgereik word. Gevolglik is die getalle AOOS'e wat uitgereik word (werklike prestasie) relatief laag in vergelyking met die teikenstel. Leerareasertifikate is uitgereik na die suksesvolle voltooiing van 'n leerarea.

Die Ministeriële Komitee wat deur die Minister van Onderwys aangestel is, het in Augustus 2008 'n verslag uitgereik oor sy bevindings. Dit word tans ondersoek in alle provinsies, met inbegrip van die Wes-Kaap. Wanneer deur die kabinet goedgekeur en aanvaar, sal dit die voorkoms van OOV in SA en die Wes-Kaap aansienlik verander. Die WKOD sal voortgaan om 'n sleutelrol te vervul in hierdie proses sodat die nodige veranderinge aangebring kan word.

9.7 Program 7:Vroeëkindontwikkeling

Programdoelwit

Om VKO te verskaf op graad R en vroeëre vlakke in ooreenstemming met Witskrif 5

Die BOOV-program behels die volgende subprogramme:

Graad R in openbare skole

- om spesifieke openbare gewone skole te voorsien van bronne wat vir Graad R benodig word.

Graad R in gemeenskapsinrigtings

- om spesifieke gemeenskapsentrums op die graad R-vlak te ondersteun

Professionele dienste

- om VKO-terreine te ondersteun

Menslikehulpbronontwikkeling

- om voorsiening te maak vir die professionele ontwikkeling van opvoeders en nie-opvoeders by BOOV-terreine

Meetbare doelwitte

Die volgende meetbare doelwitte (▲) en prestasiemaatreëls (▶) het betrekking op Program 7: Vroeëkindontwikkeling:

| | Meetbare doelwitte | Prestasiemaatreëls |
|---------|--|--|
| Toegang | ▲ Om openbaar befondsde graad R aan te bied in ooreenstemming met beleid | ▶ PM PM701: Persentasie leerders in openbare befondsde graad R |

Programbeleidsontwikkelings in 2008/09

Geen veranderinge aan beleid.

| ST701 | Vroeëkindontwikkeling – belangrikste tendense | 2006/07 Werklik | 2007/08 Werklik | 2008/09 Doelwit | 2008/09 Werklik |
|---|---|---|--------------------|--------------------|--------------------|
| BETALINGS PER SUBPROGRAM (R'000) | | | | | |
| 7.1 | Graad R in openbare skole | 66,902 | 70,382 | 137,346 | 137,345 |
| 7.2 | Graad R in gemeenskapsinrigtings | 23,293 | 29,399 | 34,468 | 34,468 |
| 7.3 | Professionele dienste | 0 | 0 | 0 | 0 |
| 7.4 | Menslikehulpbronontwikkeling | 0 | 42,478 | 56,935 | 56,935 |
| 7.5 | Voorwaardelike toekennings | 0 | 0 | 0 | 0 |
| | TOTAAL | 90,195 | 142,259 | 228,749 | 228,748 |
| BETALINGS PER EKONOMIESE KLASSIFIKASIE (R'000) | | | | | |
| | Huidige betaling | 44,411 | 99,794 | 67,715 | 67,715 |
| | Kompensasie vir werknemers | 44,390 | 69,649 | 53,202 | 53,202 |
| | Opvoeders | 44,390 | 69,649 | 53,202 | 53,202 |
| | Nie-opvoeders | 0 | 0 | 0 | 0 |
| | Goedere en dienste en ander huidige | 21 | 30,145 | 14,513 | 14,513 |
| | Oordragte en subsidies | 45,784 | 42,465 | 161,034 | 161,033 |
| | Betalings vir kapitale bates | 0 | 0 | 0 | 0 |
| | TOTAAL | 90,195 | 142,259 | 228,749 | 228,748 |
| PERSONEEL | | | | | |
| | Aantal opvoeders (in openbaar aangesiel) | 295 | 278 | 275 | 265 |
| | Aantal nie-opvoeders (in openbaar aangesiel) | - | - | - | - |
| INSKRYWINGS (OPENBAAR BEFONDSDE ALLEENLIK) | | | | | |
| | Graad R in openbare skole* (a) | 31 916 | 32 428 | 37 932 | 37 045 |
| | Graad R in gemeenskapsentrums (b) | 30 000 | 24 899 | 24 000 | 31 556 |
| | Voorgraad R in openbare skole | 1 356 | 1 375 | 1 700 | 1 644 |
| | Voorgraad R in gemeenskapsentrums | Hierdie statistiek kan nie op rekenaar gedoen word nie aangesien databronne in hierdie opsig nie in die WKOD beskikbaar is nie. | | | |

| ST701 | Vroeëkindontwikkeling – belangrikste tendense | | | | |
|---|---|--------------------|--------------------|--------------------|--|
| | 2006/07 Werklik | 2007/08 Werklik | 2008/09 Doelwit | 2008/09 Werklik | |
| TOTAAL | 63 272 | 58 702 | 63 632 | 70 245 | |
| POPULASIE | | | | | |
| Populasie met ouderdom 5 (c) | 90 975 | 91 757 | 92 829 | 92 829 | |
| ▶ PRESTASIEMAATREËLS | | | | | |
| ▶ PM701: Persentasie leerders in openbare befondsde graad R ((a+b)/c) | 68.1% | 62.5% | 66.70% | 73.9% | |
| ▶ PPM701: Getal praktisyns wat ingeskryf het vir VKO-leerderskappe (volle kwalifikasie) | | | 3 000 | 3 000 | |
| *Die 2008/09 teiken vir uitgawe is die finale toewysingsgetal vir 2008/09 | | | | | |
| Vroeëkindontwikkeling: Prestasiemaatreëls | | | | | |
| ▶ PM 701: Persentasie leerders in openbare befondsde graad R | | | | | |
| Die mikpunt is oorsky as gevolg van die verhoogde beklemtoning van hierdie sektor, vergesel van ekstra befondsing en meer personeel | | | | | |

| | VORDERING; |
|---|---|
| <p>Uitreiking van 240 stelle met toerusting vir binnenshuise en opelug leer aan gekeurde openbare primêre skole regoor die Wes-Kaap heen</p> <p>Voorsiening van opleiding in die gebruik van die toerusting vir elke graad R-praktisyn by so 'n skool.</p> <p>Versekering dat daar genoegsame LOOM is vir die lewering van onderrig en leer van gehalte</p> | <p>Die LOOM-tender vir die verskaffing van 240 VKO-binnenshuise en buitelug-hulpbronstelsel is weer geadverteer in Januarie 2009. Die evaluering van die voorbeelde wat deur die bidders verskaf is, is in Februarie afgehandel. Die 240 VKO-binnenshuise en buitelugstelsel is gelewer aan geselekteerde gewone openbare skole.</p> <p>Al 135 klouerrame is geïnstalleer by gekeurde NQ1 en NQ2-skole deur die provinsie heen. Die kontrakteur vir die oprig van die heining het versuim en die Verkrygingslyn sal die tender heradverteer.</p> |
| <p>Om 'n oudit uit te voer om te toon waar en hoe bronne geskik toegeken kan word. Die omvang van die studie is om inskrywing, onderwyserkwalifikasies/-ontwikkelingsbehoefte, registrasie van terreine, toekenning van LOOM-opleiding vir bestuurskomitees by gemeenskapsterreine te inspekteer.</p> | <p>die verifikasie van die ouditgegevens is nog nie afgehandel nie. 'n Diensverskaffer sal in die nuwe kwartaal gekontraakteer word om die ouditdata vas te lê en 'n finale verslag saam te stel.</p> <p>Volgens die vereistes van DvO moet alle gemeenskapsterreine versoek word om as onafhanklike skole te registreer. die onderwysdistrik se VKO-beamptes het die nuwe registrasievorms onder alle gemeenskapsterreine versprei.</p> <p>SOBIS-registrasievorms is ook versprei onder onafhanklike skole in alle distrikte.</p> <p>Die SOBIS-registrasie van die graad R-leerders by onafhanklike skole is tans in swang.</p> |
| <p>In die Wes-Kaap sal 24 model graad R-klasse by primêre skole onderhou word. Elke model graad R-klas sal binnenshuise en buitelugtoerusting ontvang. Hierdie terreine sal gebruik word om die beste praktyk te demonstreer en sal benut word vir indiensopleiding vir alle graad R-praktisyns en Grondslagfaseonderwysers in hulle onderskeie gemeenskappe.</p> | <p>Die 24 model graad R-skole het die addisionele bronne wat nodig is, aangekoop. Dit bestaan uit driewiele, fietse, stootwaentjies, kruiswaens, omheinings om speelareas en meer leesmateriaal, legkaarte en speletjies. Die drie modelskole in die Onderwysdistrik Metro-Sentraal het solders in hulle klaskamers geïnstalleer.</p> <p>VKO-praktisyns van naburige skole is uitgenooi om hierdie solders te kom besigtig om te sien hoe hierdie addisionele ruimte effektief benut kan word vir graad R-leerders.</p> |
| <p>Infasering van 6 000 nuwe leerders in graad R-klasse. 'n Per capita toename van R8 per leerder in die graad R-subsidie sal oor alle kwintiele van die begin van die jaar af geld.</p> | <p>In 2008/09 is 'n totaal van 161 nuwe VKO-terreine geregistreer en 4380 nuwe leerders is vir graad R ingeskryf.</p> <p>366 graad R-leerders word na die skool vervoer as deel van die Leerdervoerskema-loodsprojek wat tans in die landelike distrikte uitgevoer word. Monitoring en evaluering van die loods sal gedoen word. Die M&E sal die moontlike uitdagings aangaande die veiligheid en sekuriteit van die jong kinders openbaar, ondersoek en aanbevelings maak aangaande 'n alternatiewe metode om graad R-leerders te vervoer en ook die beraamde kosteimplikasies vir die uitbreiding van die projek.</p> <p>Die graad R-leerderssubsidie is vergroot en is terugwerkend van krag sedert April 2008.</p> <p>Kwintiel 1 & 2 van R9 na R12 per leerder per dag Kwintiel 3 van R8 na R9 per leerder per dag Kwintiel 4 van R4 na R6 per leerder per dag Kwintiel 5 van R4 na R5 per leerder per dag</p> <p>Die meeste van die paslike openbare gewone en onafhanklike skole het die verhoogde subsidies aan die einde van die finansiële jaar ontvang. Alle paslike openbare gewone en onafhanklike skole het die verhoogde leerderssubsidie ontvang.</p> |

| | VORDERING |
|--|---|
| Die bou van 111 graad R-klaskamers | <p>Die onderskeie diensverskaffers het 161 klaskamers in totaal by 119 skole gebou. Tot nogtoe is 149 klaskamers voltooi, terwyl die oorgeblewe klaskamers in verskillende stadiums van voltooiing is en gereed sal wees vir graad R-leerders teen Junie 2009.</p> <p>As gevolg van finansiële tekorte kon twee van die diensverskaffers nie hulle toegekende klaskamers betyds voltooi nie en dit het 'n vertraging veroorsaak. Een van die diensverskaffers het nou die bouwerk aan hulle klaskamers voltooi en die tweede diensverskaffer se klaskamers is in verskillende stadiums van voltooiing.</p> <p>Die 161 klaskamers bestaan uit 37 betonklaskamers, 122 mobiele klaskamers en 2 sement-en-steen-klaskamers.</p> <p>Die skole wat nuwe klaskamers ontvang het, het ook addisionele befondsing ontvang vir die aankoop van klaskamermeubels en leer- en onderrig-ondersteuningsmateriaal (LOOM).</p> |
| Bied aan die 900 VKO-praktisyns wat hulle leerderskappe sal voltooi 'n geleentheid om tot die volgende vlak te vorder en so hulle VKO-kwalifikasies en vaardighede te verbeter. Sommige praktisyns het reeds hulle opleiding voltooi. 88 Praktisyns is as bevoeg gesertifiseer deur die Klein Karoo Hulpbronsentrum. | <p>Die VKO-vlak 5 praktisyns wat by SVKO en VLHE ingeskryf het het hulle OOOP-SOOO bevoegdheidsertifikate ontvang.</p> <p>Die opleiding van 1500VKO-praktisyns is voltooi. Die OOOP-SOOO het die verifikasie van die resultate voltooi.</p> <p>'n Eksterne diensvoorsiener het die monitering van die VKO vlak 5-opleiding voltooi. Die finale verslag is op hande.</p> |
| Begin met opleiding van 'n nuwe inname van 1000 Vlak 1-, 4- & 5-praktisyns by dagsorgsentrums en crèches in April/Mei 2008. Die voorsiener van die opleiding is die VOO-kolleges en NRO's oor die provinsie heen. | <p>Die opleiding van 1000 VKO-praktisyns op VKO-vlakke 1, 4 & 5 is nou in volle swang.</p> <p>'n Diensvoorsiener sal die monitering van die opleiding waarnaem.</p> |
| Begin met opleiding van 'n nuwe inname van 1000 Vlak 1-, 4- & 5-praktisyns by dagsorgsentrums en crèches in April/Mei 2008. Die voorsiener van die opleiding is die VOO-kolleges en NRO's oor die provinsie heen. | <p>Die opleiding van 1700 VKO-praktisyns op VKO-vlakke 1, 4 & 5 is nou in volle swang.</p> <p>In die nuwe kwartaal sal die VKO-praktisyns wat bevoeg verklaar is na die volgende vlak vorder en hulle opleiding op óf vlak 4 óf vlak 5 voortsit.</p> |
| Ondersoek en vestig 'n VKO-verrykingsentrum by een van die WKOD se VKO-terreine Dit sal plaasvind in vennootskap met 'n gepaste VOO-kollege. Die internskapsentrum sal indiensopleiding ondersteun. | Die sentrum is nou in volle werking en addisionele bronne is aangeskaf vir VKO-studente om vir hulle demonstrasielesse te gebruik. Die Kaapse Kollege gebruik die sentrum vir indiensopleiding vir ondergekwalfiseerde VKO-onderwysers. |
| Verskaf aan alle geregistreerde gemeenskapsterreine met geskikte bestuursopleiding in die rol en funksie van ampsdraers, finansiële bestuur, fondsinsameling, ens. | <p>Inligtingsessies vir die bestuur van onafhanklike skole is in die meeste onderwysdistrikte aangebied.</p> <p>'n Genomineerde taakspan sal 'n opleidingshandleiding saamstel vir gebruik in die volgende fase van bestuursopleiding.</p> |
| Bekendstelling aan en werwing van addisionele leerders, veral in die landelike en arm gebiede. | Die beplanning vir die VKO-konferensie wat in September 2009 gehou sal word, is op koers. 'n Voorlegging wat verlot vra om die konferensie aan te bied, is opgestel. |
| Die vestiging van klasse in openbare skole waar daar ruimte is. | Die IBB-minuut is opgestel. In die IBB-minuut word skole wat graad 1 – 3 aanbied en die nodige ruimte het vir 'n graad R-klas aangemoedig om sodanige klas in 2009/10 aan die gang te kry. Die IBB-minuut sal na skole gestuur word in die nuwe kwartaal. |
| Om seker te maak dat daar deurlopende indiensopleiding vir praktisyns is | Opleiding vir praktisyns wat opgradering benodig is beskikbaar by VOO-kolleges. |

| | VORDERING; |
|--|---|
| Gaan voort met die ondersteuning van die DSO in die opgradering van die kwalifikasies van toesighouers/praktisyns ingevolge die UPWP | Alle VOO-kolleges en NROO's is betrokke by die opleiding van die 2400 VKO-leerderskappe en die addisionele 1000 VKO-leerderskappe. DMO word gereeld van vorderingsverslae voorsien van die opleiding wat by hierdie terreine plaasvind. Eksterne monitering en evaluering van die opleiding is voltooi en die finale verslag is op hande. |
| Monitering van VKO wat op onderwysdistriksvlak gedoen moet word deur IBB VKO-adviseur/-kringspanne (kurrikulumadviseurs) | Gereelde maandelikse geskrewe terugvoer oor die monitering van VKO-terreine word vereis van onderwysdistrikte se IBB-VKO-adviseurs. Hierdie maandelikse verslae word by Hoofkantoor ontvang. |

Spesifieke uitdagings en response en kwessies wat deurlopende aandag verg

| |
|--|
| Uitdaging 1: Lae geletterdheidsvlakke van praktisyns en lede van die SBL |
| Reaksie op Uitdaging 1: Geletterdheidsklasse vir volwassenes sal aan sekere praktisyns aangebied word (bv. toesighouers) en lede van die SBL by VKO-terreine. Vir ander vlakke sal die uitbreiding van inskrywing in die UPWP-program help om die vlakke te verhoog. 'n Vaardigheidsprogram vir 60 VKO-praktisynassistente sal aangebied word om die lae geletterdheidsuitdagings die hoof te bied. |
| Uitdaging 2: Versameling van data, bv. Kitsopname |
| Reaksie op Uitdaging 2: Die onderwysdistrikte bestaan deur vergaderings te reël waar praktisyns en lede van die SBL die nodige vorms kan invul en dan die vorms aanstuur na die Kennisbestuurdirektoraat. In reaksie op die uitdaging om data te versamel, is die meeste graad R-leerders by onafhanklike skole nou op SOBIS geregistreer. Alle gemeenskapsterreine, ongeag vorige registrasies, moet ook as onafhanklike skole registreer. Hierdie nuwe registrasievereistes is in lyn met die nasionale DvO se voorskrif. Die SBL'e van onafhanklike skole sal SOBIS-opleiding in Oktober sodat die registrasie en handhawing van hulle graad R-leerderdata meer hanteerbaar en akkuraat kan wees. |

Kwessies wat deurlopende aandag verg

Toeganklikheid tot baie landelike en afgeleë terreine bly steeds 'n uitdaging. Die belemmer ook die versameling van akkurate data aangaande graad R in gemeenskapsentrums, aangesien baie van hulle informele nedersettings is met gebrekkige pos-/fisiese adresse is vir die aflewering van opnamevorms Verifikasie van ouderdomme by alle terreine is noodsaaklik om die korrektheid van eise te verseker.

Ander kwessies wat deurlopende aandag verg sluit die volgende in:

- Kae geletterdheidsvlakke van praktisyns by gemeenskapsterreine, wat daartoe bydra dat vorms nie terugontvang word nie en interpretasie van amptelike dokumente soos die Kitsopnamevorms, NKV-dokumente en omsendbriewe belemmer.
- die ooring van onderwysdistrikbeamptes, wat gevolglik nie al die terreine gereeld kan besoek om te sorg dat programme van gehalte aangebied word nie.
- Die stipendium vir landelike VKO-praktisyns op die leerderskapprogram wat onvoldoende is, aangesien die vervoerkoste na die kolleges baie hoog is. Waar die praktisyns vir hierdie addisionele kostes moet betaal veroorsaak dit baie dikwels 'n hoë afwesigheids- en uitsakkoers.
- die per capita leerderssubsidie vir graad R, wat jaarliks hernu moet word om die toekenning met die inflasiekoers in ooreenstemming te bring
- infrastruktuur: Die voorsiening van graad R-klaskamers by skole wat nie oor die nodige akkommodasie beskik nie of wat oor ongeskikte akkommodasie beskik, moet volgehou word.

Hierdie kwessies geniet deurlopende aandag om die effektiwiteit en doeltreffendheid van die VKO-sektor te verbeter.

9.8 Program 8 (Aanvullende en Gepaardgaande Dienste)

Programdoelwit

Om onderwysinrigtings as 'n geheel van ondersteuning te voorsien.

Die Aanvullende en Gepaardgaande diensteprogram bestaan uit die volgende subprogramme:

Betalings aan S000

- o om menslikekapitaal-hulpbronontwikkeling aan werknemers te voorsien in ooreenstemming met die Wet op *Vaardigheidsontwikkeling*

Projekte vir voorwaardelike toekennings

- o om projekte te voorsien wat deur die nasionale Departement van Onderwys gespesifiseer is wat op meer as een program van toepassing is en deur voorwaardelike toekennings befonds word.

Eksterne eksamens

- o om voorsiening te maak vir eksamensienste deur die Departement bestuur

Onderwyseropleiding

- o om hulp te verleen met die lewering van gekwalifiseerde en bevoegde opvoeders vir die onderwysprofessie

iKapa Elihlumayo

- o om te help met die opbou van menslike kapitaal

Meetbare doelwitte

Die volgende meetbare doelwitte (▲) en prestasiemaatreëls (▶) het betrekking op Program 8: Aanvullende en Geassosieerde Dienste

| | Meetbare doelwitte | Prestasiemaatreëls |
|---------|--|---|
| Toegang | ▲ Om MIV/VIGS-lewensvaardighedeonderrig in skole te verskaf, en om toegang te verseker tot 'n geskikte en doeltreffende geïntegreerde stelsel van voorkoming, versorging en ondersteuning. | ▶ PPM 801 Lewensvaardighede en MIV/VIGS-programme: Jaarlikse persentasie MIV-voorkomsvlakke onder jongmense van 15-19 jaar. ▶ PPM 802: Persentasie openbare skole met ten minste een rekenaarfasieliteit vir onderrig en leer. |

Programbeleidsontwikkelings in 2008/09

Geen nuwe ontwikkelinge nie

| ST801 | Aanvullende en Gepaardgaande Dienste | 2006/07 Werklik | 2007/08 Werklik | 2008/09 Target | 2008/09 Werklik |
|---|---|--------------------|--------------------|-------------------|--------------------------|
| BETALINGS PER SUBPROGRAM (R'000) | | | | | |
| | 8.1 Betalings aan SOOO | 3,756 | 3,944 | 4,255 | 4,255 |
| | 8.2 Projekte vir voorwaardelike toekennings | 11,872 | 13,001 | 13,847 | 13,727 |
| | 8.3 Eksterne eksamens | 63,124 | 64,442 | 87,865 | 87,865 |
| | 8.4 Onderwyseropleiding | 1,868 | 1,909 | 0 | 0 |
| | 8.5 iKapa Eihlumayo | 120,225 | 111,702 | 105,282 | 105,282 |
| | TOTAAL | 200,845 | 194,998 | 211,249 | 211,129 |
| BETALINGS PER EKONOMIESE KLASSIFIKASIE (R'000) | | | | | |
| | Huidige betaling | 87,197 | 88,070 | 112,582 | 112,552 |
| | Kompensasie vir werknemers | 41,321 | 47,407 | 63,194 | 63,194 |
| | Opvoeders | 22,313 | 24,178 | 21,207 | 21,207 |
| | Nie-opvoeders | 19,008 | 23,229 | 41,987 | 41,987 |
| | Goedere en dienste en ander huidige | 45,876 | 40,663 | 49,388 | 49,358 |
| | Oordragte en subsidies | 113,557 | 106,892 | 98,422 | 98,422 |
| | Betalings vir kapitale bates | 91 | 36 | 245 | 155 |
| | TOTAAL | 200,845 | 194,998 | 211,249 | 211,129 |
| PERSONEEL | | | | | |
| | Aantal opvoeders (in openbaar aangestel) (a) | 16 | 19 | 15 | 12 |
| | Aantal nie-opvoeders: | 142 | 234 | 132 | 114 |
| ► PRESTASIEMAATREËLS | | | | | |
| | ► PPM801: Jaarlikse persentasie MIV-voorkomsvlakke onder jongmense van 15–19 jaar. | 5,6% | 4,3% | 5,0% | Nog nie beskikbaar nie** |
| | ► PPM802: Getal openbare skole met ten minste een rekenaarfasieliteit vir onderrig en leer. | Nuwe PPM | | 1 014 | 1 029 |

*Die 2008/09 teiken vir uitgawe is die finale toewysingsgetal vir 2008/09

**Hierdie data kom van die jaarlikse voorgeboorteondersoek van die Departement van Gesondheid en sal slegs in Augustus 2009 beskikbaar wees.

| Aanvullende en gepaardgaande hoofdienste) Prestasiemaatreëls | |
|--|--|
| ▶ PPM801: Jaarlikse persentasie MIV-voorkomsvlakke onder jongmense van 15–19 jaar. | |
| **Hierdie data kom van die jaarlikse voorgeboorteondersoek van die Departement van Gesondheid en sal slegs in Augustus 2009 beskikbaar wees. | |
| ▶ PPM802: Getal openbare skole met ten minste een rekenaarfasieliteit vir onderrig en leer. | |
| Teiken oorskrei. | |

| | VORDERING |
|--|---|
| Verskaf menslikehulpbronontwikkeling te voorsien in ooreenstemming met die Wet op Vaardigheidsontwikkeling | Die Werkplekvaardighedeplan (WVP) vir 2008/09 en die Jaarlikse Opleidingsverslag vir 2007/08 is afgeteken deur die werknemerpartye en die Departementshoof en is voorgelê aan die OOOP-SOOO en aan die Departement van die premier. Opleidingintervensies is uitgerol in die onderwysdistrikte en Hoofkantoor. |
| | MIV/VIGS word primêr gereflekteer in die Lewensorïentering leerarea van die Nasionale Kurrikulumverklaring, graad r tot 12, en onderrig daarvan is dus verpligtend. Dit word bereken dat elke leerder in die provinsie, in elke graad, invoer in hierdie opsig ontvang. Die vestiging van 'n doeltreffende geïntegreerde stelsel van voorkoming, sorg en ondersteuning is 'n komplekse uitdaging wat die hoofstroming van verantwoordelikhede binne die WKOD en die ondersteuning en bevordering van koöperatiewe reëlings en 'openbaar-privaat-vennootskappe' om seker te maak dat alle deelgenote mekaar, die WKOD en die provinsiale regering ondersteun (soos getoon in die Provinsiale MIV/VIGS Strategiese Plan, 2007-11). In hierdie opsig gaan die program voort om prysenswaardig te presteer. |
| Bevorder organisatoriese doeltreffendheid en effektiwiteit in die administrasie van die eksterne eksamens | Al die eksamens en assesseringsprosesse is hersien, verbeter en versterk. Die volgende is ook geïmplementeer: Bestuur van onreëlmatighede: Strukture is ontwikkel vir die bestuur van die eksamens en assesseringsonreëlmatighede op skoolvlak (Komitee vir Skoolassesseringsonreëlmatighede), onderwysdistriksvlak (Komitee vir Distriksassesseringsonreëlmatighede) en provinsiale vlak (Komitee vir Provinsiale Eksamenonreëlmatighede). Opleiding van eksamenbeampes: Opleidingsessies vir toesighouers, hoofnasieners, interne moderatore en nasieners het tussen Augustus en Oktober 2008 plaasgevind en sal as 'n jaarlikse oefening voortgaan. Assessering en Eksamenwerkswinkels: Die werkswinkels met onderwysdistriksbeampes, skoolhoofde en skoolbestuurspanlede het van 26 Augustus 2008 tot 18 September 2008 plaasgevind. Dit het redelik suksesvol geblyk te wees. Die fokus van die werkswinkel was op die doeltreffende bestuur van die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen. Die werkswinkel vir 2009 is geskeduleer van Augustus tot September 2009. Beleidsversterking: Gapings in die beleid is geïdentifiseer en aangespreek; soos byvoorbeeld die ontwikkeling van 'n regulatoriese raamwerk vir die bestuur, afneem en administrasie van die graad 9 GTA. Opleiding van eksamenbeampes: Om verantwoordbaarheid van eksamenverwante pligte te verseker, is amptelike kontrakte ontwikkel vir opsieners, hoofopsieners, nasieners, interne moderators, ens. Bekendstelling: Plakkate, baniere en boekmerke is ontwerp en onder skole versprei. |
| Maak seker dat die provinsie voldoende getalle van behoorlik opgeleide opvoeders lewer. | 198 prinsipale, adjunprinsipale en departementshoofde is as eerstejaars geregistreer. 181 eerstejaarstudente is vir die NPOD ingeskryf. Opvoeders is ook vir GOS-programme ingeskryf. Wiskundige geletterdheid, Verbruikerstudies, skoolbiblioteekwese, Fisiese Wetenskap en Lewenswetenskap Die WKOD het opvoeders ook bygestaan met EBW, Grondslagfase, Intermediêre Fase, Multigraad en Spesiale Behoeftes en Ondersteuning. |

| | VORDERING |
|--|---|
| Voorsiening van 10 Sorg- en Ondersteuningstrategie-hulpbronnêers aan elke skoolgemeenskap om WWT-opvoeders, SBL-lede van gemeenskapsgebaseerde vennote om sosiale kapitaal en netwerke van ondersteuning vir wese em amder kwesbare kinders te ontwikkel, met inbegrip van kinders wat deur VIGS geaffekteer is. | Sien onder B10 hieronder |
| Finalisering van en aanbieding van 'n NKR Vlak 4-kwalifikasie en kort kursus in Basiese berading en verwysingsvaardighede vir opvoeders en SBL-lede van 2008. | Sien onder B10 hieronder |
| Die inwerkingstel van <i>Skole as Knooppunte van Sorg en Ondersteuning vir kwesbare kinders</i> (SKSO)-model vir alle skole Dit sal aanvanklik op die ST21 –gemeenskappe fokus. By SKSO is die bevordering van diens ingesluit. | Sien onder B10 hieronder |
| Loopbaan-ontwikkeling Opleiding van 'n verdere 10 onderwysers in 2008/09 | Hierdie getal (100) is gebaseer op die gondse wat vir 2007/08 ontvang is. Voltooid. |
| Fokusskole Die voltooiing van die geboue by 5 van die fokusskole; die voorsiening van materiaal en toerusting; oudit van hulpbronne; oudit van leerders wat by tersiêre inrigtings studeer; die professionele ontwikkeling van die onderwysers by die 28 skole; leerderondersteuning deur tutoriale en Winter-/Lenteskole; vakvoorligtingsessies vir leerders d.m.v. konferensie en kamp; "Inwonende kunstenaar"-programme, stel van teiken vir toename in leerdergetalle en verbeterde uitslae in die spesifieke gefokusde skole; gereelde monitering van besoeke na die 28 fokusskole; spesiale opleiding vir Lewensoriënteringonderwysers; uitstallings van werk en prestasies. | Skoolsale word by twee fokusskole voltooi. Kuns en Kultuur-lerk by een skool word voltooi. Toerusting en IKT is aan alle skole voorsien. 'n Batebestuursoudit van alle aangekoopte bronne is voltooi. Leerders is die geleentheid gebied om Winterskool by KSUT by te woon en skole is bygestaan met eie Lenteskole. Leerderkampe vir Kuns en Kultuur-leerders en leerderkonferensies vir Lewensoriëntering is gehou. Daar was 'n program oor "Inwondende Kunstenaars" by Kuns-en-kultuurskole. Daar was kwartaalike besoeke na alle fokusskole vir monitering en gehalteversekering. Wêreldburgerskapopleiding vir Lewensoriënteringonderwysers het plaasgevind. Daar was gereelde uitvoerings deur Kuns-leerders. |
| Vaardigheidskool Byvoeging van twee skole in 2008/09 | Werkswinkels by Khayelitsha Vaardigheidskool en Cafda Primêre skool in Retreat is voltooi. Hierdie skole sal leerders inskryf vanaf 1 April 2009. |

Spesifieke uitdagings en response

| |
|---|
| Uitdaging 1: Die Khanya-projek is funksioneel vir die afgelope sewe jaar en sommige van die ouer installasies benodig nou instandhouding. |
| Reaksie op Uitdaging 1: In die jaar ter sprake is die bedienaar-infrastruktuur by 74 skole vervang om deurlopende toegang aan die rekenaarlaboratoriums en die gebruik van die rekenaartoerusting te verseker. |
| Uitdaging 2: Terwyl streng veiligheidsmaatreëls getref is om tegnologie in skole te projekteer, het toenemende misdaadaktiwiteite die instel van addisionele maatreëls genoodsaak. |
| Reaksie op Uitdaging 2: die WKOD het sekuriteit by 'n aantal skole opgeskerp en ook 'n projek met IT-Crimes toegepas, 'n organisasie wat nou saamwerk met die SAPD. Hierdie aksie het alreeds vrugte opgelewer deurdat gesteelde rekenaars en komponente na skole teruggestuur is in tebn minste 3 gevalle in die Khayelitsha-gebied. |

9. Oordragbetalings

| Naam van Inrigting/Begunsitgdes | Besdrag oorgedra(R'000) | Voldoening aan artikel 38(1)(j) van die WOFB |
|---|-------------------------|--|
| Program 1 | 31,059 | |
| Onder wie | | |
| Telekommunikasiëprojek by openbare gewone skole | 8,877 | Ja |
| Wiskunde- en Wetenskapprojek by openbare gewone skole | 105 | Ja |
| Program 2 | 435,187 | |
| Onder wie | | |
| Openbare gewone primêre skole | 274,169 | Ja |
| Openbare gewone sekondêre skole | 154,567 | Ja |
| Veiligeskoleprojek by openbare gewone skole | 15253 | Ja |
| Nasionale Skoolvoedingsprogram : | 5,763 | Ja |
| Program 3 | 44,119 | |
| Onder wie | | |
| Onafhanklike primêre skole | 19,500 | Ja |
| Onafhanklike sekondêre Skole | 24,619 | Ja |
| Program 4 | 93,919 | |
| Onder wie | | |
| Openbare spesiale skole | 93,919 | Ja |
| Program 5 | 135,408 | |
| Onder wie | | |
| Openbare VOO-inrigtings | 58,103 | Ja |
| VOO Voorwaardelike toekenning | 77,305 | Ja |
| Program 6 | 22,020 | |
| Onder wie | | |
| Gemeenskapsleersentrums | 20,020 | Ja |
| Program 7 | 160,895 | |
| Onder wie | | |
| Vroeëkindonderwys in openbare skole | 81,790 | Ja |
| Vroeëkindonderwys in gemeenskapsentrums | 34,455 | Ja |
| Program 8 | 97,852 | |
| Onder wie | | |
| OOOP SOO | 4,255 | Ja |
| Khanya-projek by openbare gewone skole | 59,542 | Ja |
| Ikapa Elihlumayo-projek by VOO-kolleges | 6,000 | Ja |
| Ikapa Elihlumayo-projek by folusskole | 15,569 | Ja |
| Ikapa Elihlumayo-projek by vaardigheidskole | 10,000 | Ja |
| Totale oordragbetalings | 1,020,459 | |

11. Voorwaardelike toekennings

Tabel: Opsomming van Voorwaardelike Toekennings vir 2008/09 (R'000)

| Voorwaardelike toekenning | Werklike Uitgawe 2007/08 | Oorrol van 2007/08 | Totale Toekenning 2008/09 | Totale Oordrag-betalings Ontvang | Werklike Uitgawe 2008/09 | Uitgawe |
|--|--------------------------|--------------------|---------------------------|----------------------------------|--------------------------|-------------|
| | R 000 | R 000 | R 000 | R 000 | R 000 | R 000 |
| MIV/VIGS | 13,001 | 0 | 13,847 | 13,847 | 13,727 | 99,1 |
| Nasionale Skoolvoedingsprogram (NSVP): | 53,075 | 0 | 86,561 | 86,561 | 81,301 | 93,9 |
| Herkapitalisering van Verdere Onderwys en Opleiding: Kollegesektor | 80,000 | 0 | 77,305 | 77,305 | 77,305 | 100 |
| Provinsiale Infrastruktuurtoekenning | 125,642 | 0 | 120,475 | 120,475 | 120,478 | 100 |
| TOTAAL | 271,718 | 0 | 298,188 | 298,188 | 292,811 | 98,2 |

Aan al die vereistes ooreenkomstig die Wet op die Verdeling van Inkomste, 2007 (Wet no 1 van 2007) ten opsigte van die bogenoemde Voorwaardelike Toekennings is voldoen, nl.

- Alle oordragte ontvang is in die Departement se bankrekening gestort;
- Al die fondse is bestee;
- Aan al die voorwaardes van die voorwaardelike toekennings, soos uiteengesit in die goedgekeurde sakeplanne, is voldoen.

| Lewensvaardighede: MIV/VIGS | |
|-----------------------------|---|
| Sleutelprestasië-areas | Vordering |
| SPA's Bepleiting | Intensivering van kommunikasie- en inligtingstrategieë op alle vlakke – om oor die provinsie heen 'n onderwysrespons op MIV/VIGS te bevorder. Meer verfyning op getuieis gebaseer en die bevordering van 'n benadering wat gebaseer is op regte. Valse informasie en stigma aangaande MIV/VIGS duur voort in ons skoolgemeenskappe. Die bepleitingsinisiatief moet dus verskuif van 'VIGS-bewustheid' na die bevordering van dialoog en deelname, om in te sluit interverwante psigo-sosiale en ekonomiese kwessies, soos dwelm- en alkoholmisbruik, die bevordering van vrywillige berading en toetsing (VBT), verbeterde toegang tot kondome, verbeterde skoolveiligheidsstelsels, leerderretensie-strategieë vir 'weeskinders' en kwesbare kinders, en die bevordering van maatskaplik-georiënteerde 'openbaar-privaat-vennootskappe op provinsiale, distriks- en plaaslike vlakke.' 'n Goeie opvoeding bly die beste entstof teen MIV. Holistiese modelle soos Gesondheidsbevorderingskole (WHO), skole as nodusse van sorg en ondersteuning (Soul City) en Kindervriendelike skole (UNICEF) en die hoofstroming van verantwoordelikhede sal in toenemende mate bevorder word om 'n gekompartementaliseerde en voeg-by-benadering tot MIV-voorkoming te oorkom. 59 Ouer-gemeenskapsvergaderings is vanjaar gehou. |
| SPA'S Kurrikulum | In ooreenstemming met nasionale beleid en die voorwaardes van die Nasionale Kurrikulumverklaring is die onderrig van MIV/VIGS en seksualiteitsonderrig verpligtend in elke graad, van R tot 12. Die provinsiale teiken om te verseker dat 80% van alle primêreskoolonderwysers en 80% van sekondêreskoolonderwysers van Lewensoriëntering opgelei word om spesifiek oor MIV/VIGS lewensvaardighede op 'n gepaste wyse te onderrig (soos in 2002 ingestel) bly onannageraak. Waar die teiken vir primêre skole grootliks bereik en volgehou is, bly die opleiding van gr 8-9 (AOO) en gr 10-12 (VOO) lewensoriëntering (LO) 'n kritieke uitdaging wat dringend aangespreek moet word- in die lig daarvan dat so baie leerders na graad 9 die skool verlaat en dat so baie skole nie-LO-onderwysers hiervoor aanwend. 'n Strategie om MIV/VIGS oor die hele kurrikulum in te faseer (alle vakke/leerareas) is terug op spoor. Dit is veronderstel om aandag te skenk aan geskikte MIV/VIGS-inhoud en onderrigmetodologieë om VIGS-uitputting te verhoed, verantwoordelikhede onder alle opvoeders te versprei – veral in die kritieke adolessente jare – en, deur skoolverrykingsaktiwiteite, leergeleenthede tot buite die klaskamer uit te brei. Met 'n jaarlikse teiken van 1 000 en 'n kumulatiewe teiken van 22 000, is 1 995 opvoeders verlede jaar opgelei en 24 133 sedert die jaar 2000. |

| Lewensvaardighede: MIV/VIGS | |
|--|---|
| Sleutelprestasie-areas | Vordering |
| SPA'S Leierskap, Bestuur en Beheer | Opleiding in hierdie program, vir skoolbestuurspanne (SBS'e) sowel as Skoolbeheerliggame (SBL'e) is verbind met heelskooevaluering, heelskoolontwikkeling en die gevolmagtigde ontwikkeling deur skole van skoolverbeteringsplanne (SVP's) Opleiding-/hulpbronnleërs is voorberei vir verspreiding onder alle skole en opleiding sal via die kringspanne onderneem word. in ooreenstemming met die Wet op Nasionale Onderwysbeleid: MIV/VIGS-beleid vir Opvoeders en Leerders (1996), is dit verpligtend vir elke skool om sy eie MIV/VIGS-implementeringsplan te ontwikkel. Ons het voorgestel dat dit eerder by die SVP van elke skool ingesluit word. Deur 'n proses van hulpbronnkartering word skole aangemoedig om gemeenskapsvennote te identifiseer en, waar geskik en/of nodig, om hulpbronnpersone in hulle SVP's te koopsteer. |
| SPA 4 Sorg en Ondersteuning | Opleiding in die "Soul City" se Skole as Nodusse van Sorg en Ondersteuning (SNSO) se model vir SBL'e en skoolgemeenskapvennote word steeds uitgerol via kringspanne – met 'n aanvanklike fokus op die STP-27 -areas. 'n Parallele program vir opvoeders sal ook uitgerol word via die kringspanne, ondersteun deur 90 doelopgeleide departemen-tele sielkundiges en sosiale werkers. 'n NKR-geakkrediteerde Berading-kortkursus is ook onlangs aangekondig, opleidingsmateriaal is voorberei en dit sal ook beskikbaar gestel word vir opvoederopleiding via kringspanne vanaf 2009. As 'n toevoegsel tot die SNVV-inisiatief, en deur die interdepartementele Maatskaplike Transformasieprogram (MTP), is 27 van die provinsie se armste gemeenskappe geidentifiseer vir die bespoediging van maatskaplikeklusterdienslewering – wat insluit die vinnige prosessering van maatskaplike toekennings, soos die Kinderondersteuning- en Pleegsorgtoekennings vir weeskinders en ander kwesbare kinders – om sodoende armoede as 'n leerstoornis te verminder. Hierdie gebiede het voordeel getrek uit 31 diensleweringssaamtrefke in 2008/09. |
| SPA S Portuuronderrig | Jaarliks is meer as 7 500 portuuropvoeders en 5 000 'jong leiers' betrokke by die implementering van die Portuuronderrig en LoveLife-strategieë, nou in 213 sekondêre skole. Van hierdie skole word 94 befonds via die Departement van Gesondheid -geadministreerde Globale Fonds, en 25 via die Voorwaardelike Toekenning, met die res onafhanklik befonds. Gekontrakteerde nie-winsgewende diensverskaffer- (NWO-) 'fasiliteerders' en 'groundBreakers' werk met portuuropvoeders en jong leiers in skole op 'n weeklikse basis – ondersteun hulle opleiding en ontwikkeling en skoolgebaseerde programimplementering. Hierdie twee inisiatiewe word gesamentlik bestuur met die Departement van Gesondheid. Kollektief verteenwoordig hulle toegevoegde waarde ongeveer 350 NWO-personeel. Nog 580 primêre skole, in vennootskap met Soul City, ondersteun SoulBuddyz-klubs, bestaande uit 20 – 30 senior-primêre leerders elk. 'n VOO-kollege loodsprogram vir portuuronderrig (2007-08) is uitgebrei na 6 kolleges op 12 kampusse. Die bedoeling bly om al hierdie inisiatiewe aan te moedig. 'n Wes-Kaapse Jeugportuurg-onderwysvereniging van implementerende diensverskaffers is gestig (om oor te neem van die (nou) onafhanklike GOLD Peer Education Development Agency). |
| SPA 6 Leer- en onderrigondersteuningsmateriaal (LOOM) | LOOM ter ondersteuning van Lewensoriëntering (sowel as addisionele materiaal ter ondersteuning van ander MIV/VIGS-strategieë) is onder alle skole versprei. Hierdie LOOM word voorsien addisioneel tot die skool se eie handboekbestellings. Dit word verder teen geen ekstra koste aan die skool of leerder verskaf (maar behels 25% van die ongeveer R14 per kind per jaar deurlopende toekenning). Leerderaktiwiteitsboeke sal steeds elke jaar aangevul wore, soos die geval was sedert 2002 – vir elke leerder in elke enkele graad R tot 12. Die LOOM word verskaf in al drie amptelike tale van die provinsie. Die Wes-Kaap is die enigste provinsie wat dit doen. |
| SPA 7 Monitering, ondersteuning en evaluering | Opvoeders word ondersteun d.m.v. skoolbesoeke deur MIV/VIGS-koördineerders en veldwerkers van die onderwysdistrik, en in toenemende mate deur die multifunksionele kringspanne Om selfstandigheid te bevorder het elke skool 'n toegewysde MIV/VIGS-koördineerder(s). Skole is gegroepeer in geografiese klusters van 5 tot 15 skole, met portuurverkose klusterkoördineerders. Klusters ontmoet om nuwe uitdagings te identifiseer, om strategie te bepaal t.o.v. plaaslike, geskikte response, en om beste praktyke te deel. 141 Klustervergaderings is gehou gedurende 2008/09, en 1 041 skole is besoek met die oog op ondersteuning. Die belegging in hoofstroom- en gedesentraliseerde gehaltesekering en gedesentraliseerde ondersteuningstelsels sal steeds bevorder en bygewerk word. Daar is moontlik geen ander WKOD-program wat so ekstensief geëvalueer is nie! |

| Lewensvaardighede: MIV/VIGS | |
|-----------------------------------|---|
| Sleutelprestasiereas | Vordering |
| SPA 8 Bestuur en Administrasie | <p>Die voorneme is steeds om hierdie program te skuif na 'n konteks vanwaar dit strategies en transversaal bestuur word deur alle betrokke WKOD-takke en -direktore heen, in 'n nuwe samewerking met die verwante sosialekapitaalbouprogramme en spesiale projekte. Verder sal die doelstelling om MIV en sosialekapitaalbou-verantwoordelikhede te hoofstroom – wat die impak van MIV op die onderwys sal verminder – 'n groter verskuiving van verantwoordelikhede in onderwysdistrikte en kringspanne meebring vanaf 2009/10. Die program sal sy fokus behou op die medium- tot langtermynvisie vervat in die 2007-2011 strategiese planne van die nasionale en provinsiale regerings waarvolgens die verantwoordelikhede (t.o.v. voorkoming) gemeet moet word teen MIV-voorkomsvlakke onder jongmense van 15-19 en 20-24 jaar. Gevolglik is die WKOD 'n aktiewe en leidende deelnemer aan die ontwikkeling van die interdepartementale provinsiale strategie (deur die Provinsiale Interdepartementale VIGS-komitee en die Provinsiale VIGS-raad), sowel as 'n aktiewe deelnemer in plaaslike regering (x33 MSAS'e of 'plaaslike VIGS-rade') en die NRO/GBO/GBO-sektore (veral onder die sambreel van die uiters effektiewe NACOSA, wies se lidmaatskap in die Wes-Kaap 500NWO's oortref.</p> <p>Let op dat die Prestasiemaatreëls (PM'e) wat in vorige jare gebruik is - en hoofsaaklik gefokus het op die getalle wat deur die onderwysers opgelei is, maar nagelaat het om die volle uitwerking van programimplementering, die doeltreffendheid van opleiding of verwagte gedragsverandering bewerkstellig – gestaak is. Die eksterne vorgeboortelike MIV-onderzoek vir adolessente (en 20 – 24-jariges) is 'n baie meer betekenisvolle aanduiding van programmeffektiviteit – waar die verantwoordelikhede vir die nasionale en provinsiale MIV-voorkomende strategieë vir jongmense grootliks op die skouers van die onderwys rus. In die vierjaarperiode van 2004-2007 was daar 'n 50% vermindering in tiener MIV-voorkomsvlakke in die Wes-kaap (8,7 tot 4,3%; 2008 se syfers nog nie beskikbaar nie. Ons kan egter nie bekostig om selftevrede te raak nie – dit is steeds die plig van die WKOD om te besluit watter strategieë die effektiefste is, en daardie strategieë te versterk. Dit is duidelik dat die WKOD se fokus op 'n medium- tot langtermynstrategie (teenoor 'n korttermyn met maklik bereikbare teikens), die bevordering van hoofstroomverantwoordelikhede oor die Departement heen, en die bevordering van openbaar-private vennootskappe het die program in staat gestel om die waardetoewoening van die voorwaardelike toekenning (VT) as belegging sewevoudig te verhoog, en dus ook die impak daarvan. Die VT-investering bly slegs R14 per leerder per jaar oor die hele program heen, personeel ingesluit (of R160 oor twaalf skooljare) – om te verseker dat jongmense MIV-vry bly op 'n tyd dat, in baie gemeenskappe, soveel as een uit elke twee jongmense 'n kans staan om MIV in hulle lewens op te doen – teen 'n beraamde koste van R1 miljoen vir die staat.. Hierdie is 'n geringe belegging vir 'n potensieel waardevolle risiko-menslikekapitalehulpbron.</p> |

| Nasionale Skoolvoedingsprogram (NSVP): | |
|---|--|
| Prioriteit | Vordering |
| Om voldoende toegang tot die Nasionale Skoolvoedingsprogram te verseker | <p>As gevolg van die addisionele middeltermynbefondsing wat van Nasionale Tesourie ontvang is kon 'n addisionele 100 953 leerders uit die program voordeel trek. Alle sekondêreskoolleerders van kwintiel 1 is sedert Januarie 2009 ingesluit. Die totale getal leerders wat daaglikse maaltye ontvang het gevolglik toegeneem van 233 334 na 334 287. 998 primêre en sekondêre skole trek tans voordeel uit die NSVP al die leerders in nasionale kwintiel 1-3 primêre en kwintiel 1 sekondêre skole word nou geteiken.</p> <p>Sedert Januarie 2009 is die gehalte van die daaglikse maaltyd op drie dae van die week verhoog deur die gedehidreerde groenteinhoud in gemaalde sojabredie te verdubbel. Opleidingsmateriaal is ontwikkel t.o.v. kapasiteitsbou vir vrywillige voedselhanteerders oor voedsel- en gasveiligheid en higiëne en 155 werksinkels is hiervoor gehou, wat die totale getal werksinkels te staan bring op 794.</p> |

| Nasionale Skoolvoedingsprogram (NSVP): | |
|--|---|
| Prioriteit | Vordering |
| | <p>Voedingsplakkate is ontwikkel in die drie amptelike tale van die provinsie en na 935 geteikende skole versprei, 81 behoeftige skole is geteiken vir die aankoop van mobiele kombuise om as voedselvoorbereidingsareas te dien. Dit bring die totale getal skole wat mobiele kombuise ontvang het of in staat gestel is om dit aan te koop, of mobiele kombuise as donasies ontvang het op 195 te staan.. Die NSVP het 63 van die 81 mobiele kombuise befonds wat gedurende 2008/09 geskenk is en 12 en 6 is befonds deur die Skiereilandse Skoolvoedingsvereniging en Game onderskeidelik.</p> <p>Personeele opleiding is onderneem t.o.v. bakteriologiese kontaminasie van voedsel. Diensverskafferpakhuise is op 'n gereelde basis besoek. Die pakhuise van al die huidige en nuwe diensverskaffers is tweemaal per jaar gemonitor om vas te stel of voedselprodukte voldoen aan voorgeskrewe spesifikasies.</p> <p>NSVP-opleiding sluit die volgende in: 'n opvoedkundige besoek aan 'n groot gevestigde bakkerij vir opvoedkundige doeleindes; voedselproe; voedsel en persoonlike higiëne, peskontrole en die bakteriologiese risiko's wat met kos geassosieer word.</p> <p>Baie goeie ondersteuning is ontvang van die beamptes in die Departement van Gesondheid ten opsigte van voedselveiligheid en voeding.</p> |
| Om die ontwikkeling van voedseltuine en ander volhoubare voedselproduksieaktiwiteite by gekeurde skole waar infrastrukturele gereedheid en personeel/gemeenskapstoewyding heers, aan te moedig, aan te raai en te ondersteun | <p>24 kapasiteitbouwerkswinkels is gehou in die onderskeie onderwys-distrikte, met die fokus op die bestiging en bestuur van voedseltuine in skole, grond- en waterbewaring, vrugbaarheid, kruie en hulle gebruik en vrugte en pluimveeproduksie. Gepaste demonstrasies is ook gehou gedurende hierdie werkswinkels. Hierdie werkswinkels is bygewoon deur 390 opvoeders, ouers en leerders.</p> <p>'n Voedseluin-kompetisie is gehou in Ononderwysdistrik Overberg. Vier deelnemende skole het kontantpryse ontvang by 'n seremonie in Hermanus.</p> <p>24 adisionele voedseltuine is aangelê, wat die getal voedseltuine by geteikende skole vermeerder het tot 284.</p> <p>Eduplant, 'n projek wat deur Woolworths Trust bestuur word, het 5 werkswinkels aangebied in landelike sowel as stedelike onderwysdistrikte.</p> <p>SEED (School Environmental Education and Development), 'n nieregigeringsorganisasie (NRO) het met 8 skole saamgewerk in die Mitchells Plain en Gugulethu areas, in die aanbidding van gereelde kapasiteitsbouwerkswinkels op die beginsels van omgewingsopvoeding en die vestiging van 'n organiese tuin. Soil for Life, 'n NRO), het deurlopend met 6 skole in Touwsrivier, Mitchells Plain en Gugulethu saamgewerk. Hierdie organisasie het op organiese boerdery gefokus.</p> <p>'n Spruitkool-tuinprojek is suksesvol uitgevoer by twee skole in Khayelitsha en Mitchells Plain.</p> <p>Baie goeie ondersteuning is ontvang van beamptes in die Departemente van Landbou en Waterwese en Bosbou.</p> |

| Herkapitalisasie van -VOO-kolleges: | |
|--|--|
| Prioriteit | Vordering |
| 1. Om menslike hulpbronne te ontwikkel om die lewering van nuwe en moderne programme teen 2009 te ondersteun | 1080 lektore en bestuurders is opgelei en 117 administratiewe personeellede is bekwaam gemaak tydens 2008/09 |
| 2. Om stelsels en prosedures te ontwikkel om nuwe DvO-programme vanaf 2007 aan te bied en om verhoogde studenteregistrasie te ondersteun | 26 admin.-stelsels is opgegradeer en 25 plaaslike netwerke is in 2008/09 geïnstalleer. |

| Herkapitalisasie van -VOO-kolleges: | |
|--|--|
| Prioriteit | Vordering |
| 3. Om klaskamers, laborato-riums en werkwinkels wat vir nuwe onderwysprogramme gebruik sal word op te gradeer/te verander en op te knap Dit mag insluit die omskepping van bestaande geboue. | Totale syfers vir 2008/09: <ul style="list-style-type: none"> ● 14 ingenieurswese-werkwinkels ● 41 klaskamers ● 2 kantore ● 10 rekenaarkamers ▪ 615 rekenaarwerkstasies ▪ 8 ablusiefasiliteite ▪ 9 kollege-terreine ▪ 2 studentondersteuningsentrums |
| 4. Om nuwe klaskamer, werkwinkels, kantore, land, ens. te koop of te bou waar daar duidelike bewys van die behoefte bestaan | Totale syfers vir 2008/09: <ul style="list-style-type: none"> ● 36 klaskamers ● 14 werkwinkels ● 12 kantore ● 17 rekenaarkamers ● 12 ablusiefasiliteite ● 3 studentehulpbronsentrums |
| 5. Om kollegeterreine op te gradeer | 'n totaal van 9 kollegeterreine is opgegradeer tydens 2008/09 |
| 6. Om toerusting aan te koop om leer en onderrig te ondersteun | toerusting van 'n hoë standaard is in die volgende fasiliteite geïnstalleer. <ul style="list-style-type: none"> - 113 werkwinkels - 5 kantore |
| 7. Om kurrikulum/programme en materiaal te ontwikkel | 'n Totaal van 26 362 handboeke is tydens 2008/09 aangeskaf |

12. Kapitale belegging, batebestuur en instandhouding

Regeringsinisiatiewe om groter begrotings beskikbaar te stel vir infrastruktuur (dus meer projekte) en die Nasionale Tesourie se inisiatiewe om infrastruktuurlewering te verbeter deur die Infrastruktuurontwikkeling en-verbeteringsplan (IOVP) word op prys gestel. Hierdie IOVP-program stel provinsies in staat om behoorlike prosedures toe te pas om die gaping tussen die beskikbare infrastruktuur en die benodigde infrastruktuur te bepaal.

Die bogenoemde inisiatiewe vra verbeterde beheer en monitering deur die inisieerders van die verskillende programme en behoorlike en gereelde verslagdoening. Behoorlike verslagdoening en behoorlike kontrole skiet te kort omdat daar nie personeel vir hierdie doel beskikbaar is nie..

Tot tyd en wyl alle poste op die Direkoraat: Operasionele Ondersteuning en Beplanning se diensstaat gevul is, is dit die geval dat dienslewering 'n kwessie sal bly.

Tans is die diensverskaffers wat in die leweringproses aangewend is die Departement van Vervoer en Publieke Werke as beskermheer van alle provinsiale land, Programbestuureenhede (PMU) soos die Onafhanklike Ontwikkelingstrust (IOT), Africon en Garden Cities, en skoolbeheerliggame. Sulke verhoudings word gereflekteer in die Diensleweringsooreenkoms (SDA) of projekplanne tussen die WKOD en elke diensverskaffer

12.1 Vastekapitaalbelegging

12.1.1 Bouprojekte voltooi in 2008/09

Opsomming:

| Kapitale Werke | Getal projekte voltooi | | Skole |
|--|------------------------|---|--|
| Skoolbouprojekte | Primêre Skole | 5 van 7 oorspronklike mikpunt van skole wat voltooi moet word 3) | <p>Voltooi gedurende die tweede kwartaal Dalubuhle PS</p> <p>Voltooi gedurende die derde kwartaal Aberdare PS, Hindleweg PS</p> <p>Voltooi gedurende die vierde kwartaal Samora Machel PS, Bardale PS</p> <p>Nog onder konstruksie Table View PS (laat aflewering), Vredenburg PS (laat begin met konstruksie)</p> |
| | Sekondêre Skole | 2 van 4 (oorspronklike mikpunt van skole wat voltooi moet word 2) | <p>Voltooi gedurende die eerste kwartaal Khayamandi SS</p> <p>Voltooi gedurende die derde kwartaal Hindleweg SS</p> <p>Nog onder konstruksie Bloekombos SS, Wellington SS (nuwe kontrak na vorige gekanselleer is) die nuwe voltooiingsdatum vir hierdie skool is slegs in 2009/10.)</p> |
| Onderrigkamers as deel van elke nuwe skool of as aparte projekte | Primêre Skole | 209 uit 268 voltooi (oorspronklike teiken van klaskamers wat voltooi moet word, was 165.) | <p>Voltooi gedurende die eerste kwartaal Kuyasa PS (15), Hlengisa PS (4)</p> <p>Tanqua PS (2) is gekanselleer toe die skool gedurende die eerste kwartaal gesluit is.</p> <p>Voltooi gedurende die tweede kwartaal Dalebuhle PS (18), Attie van Wyk PS (1), Bloekombos PS (4), Enkululekweni PS (8), Entshona PS (6), Klappmuts PS (6), Seekoegat (NGK) PS (1), Kliprivier PS (1), Ongelegen PS (1), Kommandantsdrift PS (1), Franken PS (1), Brakfontein PS (1), Hartenbos LS (1), Hillcrest PS (3), Bongolethu PS (6), Saturnus PS (2), Avontuur PS (1), Kranshoek PS (2), Phakamisani PS (2), Hermanus LS (1), Kleinmond PS (3), Citrusdal PS (2), Kapel PS (2).</p> <p>Voltooi gedurende die eerste kwartaal Kuyasa PS (15), Hlengisa PS (4)</p> <p>Tanqua PS (2) is gekanselleer toe die skool gedurende die eerste kwartaal gesluit is.</p> <p>Voltooi gedurende die tweede kwartaal Dalebuhle PS (18), Attie van Wyk PS (1), Bloekombos PS (4), Enkululekweni PS (8), Entshona PS (6), Klappmuts PS (6), Seekoegat (NGK) PS (1), Kliprivier PS (1),</p> |

| Kapitale Werke | Getal projekte voltooi | | Skole |
|---|-------------------------------------|--|--|
| Onderrigkammers as deel van elke nuwe skool of as aparte projekte (vervolg) | Primêre Skole | 209 uit 268 voltooi (oorspronklike teiken van klaskamers wat voltooi moet word, was 165.) | <p>Ongelegen PS (1), Kommandantsdrift PS (1), Franken PS (1), Brakfontein PS (1), Hartenbos LS (1), Hillcrest PS (3), Bongolethu PS (6), Saturnus PS (2), Avontuur PS (1), Kranshoek PS (2), Phakamisani PS (2), Hermanus LS (1), Kleinmond PS (3), Citrusdal PS (2), Kapel PS (2).</p> <p>Voltooi gedurende die derde kwartaal FJ Conradie PS (2), AH Barnard PS (4), Hindle Road PS (15), Aberdare PS (15)</p> <p>Voltooi gedurende die vierde kwartaal Samora Machel PS (30), Bardale PS (28), Marine PS (3), St Albans PS (2), Victoria PS (1), Blackheath PS (2), Temperance Town PS (1), Ekuthuleni PS (1), Pineview PS (1), Die Bron PS (2), Weltevreden PS (6), Zeekoegat S (3)</p> <p>Nog onder konstruksie Gordons Bay PS (3), Chris Nissan PS (4), Bastion LS (2), Table View PS (30), Vredenburg PS (22)</p> |
| | Sekondêre Skole | Klaskamers by sekondêre skole – 57 van 127) (oorspronklike teiken van klaskamers wat voltooi moet word, was 83) | <p>Voltooi gedurende die eerste kwartaal Wellington SS (6)</p> <p>Voltooi gedurende die tweede kwartaal Imizamo Yethu SS (3), Thembalethu SS (1), Wittedrift SS (1), Villiersdorp SS (1)</p> <p>Voltooi gedurende die derde kwartaal Hindleweg SS (30)</p> <p>Voltooi gedurende die vierde kwartaal Wellington SS (6), Groendal SS (1), Silversands SS (6), Umyeso Wama Apile CS (2)</p> <p>Nog onder konstruksie Bloekombos SS (33), Wellington SS (33), Hopefield HS (4)</p> |
| | Spesiale skole | Klaskamers by spesiale skole – 4 van 4) | <p>Voltooi gedurende die tweede kwartaal Beacon Skool (2)</p> <p>Voltooi gedurende die derde kwartaal Klein-Karoo Skool (2)</p> |
| | Hervestiging van mobiele klaskamers | <p>36 mobiele klaskamers hervestig (oorspronklike teiken was 23)</p> <p>15 verval en onveilige klaskamers is van die skoolgronde verwyder.</p> | <p>Eerste kwartaal Vier mobiele (4) is hervestig van Elsiesrivier na Kleinmond PS.</p> <p>Tweede kwartaal 13 mobiele klaskamers is hervestig van Smutsville na Brakfontein (1) Franken PS (1), Kliprivier PS (1), Kranshoek PS (2), Ongelegen PS (1) Saturnus PS (2)</p> <p>Derde kwartaal Enkululekweni PS (6)</p> |

| Kapitale Werke | Getal projekte voltooi | | Skole |
|--------------------------|---|---|--|
| | Hervestiging van mobiele klaskamers (vervolg) | 36 mobiele klaskamers hervestig (oorspronklike teiken was 23) 15 vervalte en onveilige klaskamers is van die skoolgronde verwyder. | Vierde kwartaal 10 mobiele klaskamers is hervestig van Samora Machel PS to Simanyene SS. 3 mobiele klaskamers is hervestig van Samora Machel PS to Simanyene SS. Verwydering van vervalte mobiele klaskamers Vier (4) van Boundary PS Vyf (5) van Iketto PS Drie (3) van Simonstad HS Drie (3) van Gansbaai PS |
| | Forum | Primêre skole – 1 van 1) | Tweede kwartaal Mzamatsha PS voltooid |
| | | Sekondêre skole – 0 van 0 | |
| Toilette | Primêre Skole | 107 VAN 149 (Oorspronklike teien van toilette vir voltooiing was 95) | Voltooi gedurende die tweede kwartaal St Boniface PS (8 WCs) Voltooi gedurende die derde kwartaal Hindle Road PS (16), Aberdare PS (16) Voltooid gedurende die vierde kwartaal Samora Machel PS (27), Bardale Prim Skool (28), Bitterfontein PS (8), Eden Training Centre (4) Nog in beplanningstadium of onder konstruksie Table View PS (27), Vredenburg (15) |
| | Sekondêre Skole | (62 van 193 (oorspronklike teiken van toilette vir voltooiing was 62) | Voltooi gedurende die eerste kwartaal Khayamandi SS Voltooi gedurende die derde kwartaal Hindleweg SS (28) Bloekompos SS (34), Wellington SS (34), Hopefield HS (29) |
| Opgradering van projekte | Primêre Skole | 2 van 3 (oorspronklike teiken van administratiewe blokke was 4) | Administrasie. blokke – Leiden Avenue PS, Rainbow PS, Gansbaai PS. Voltooi gedurende die vierde kwartaal Leiden PS, Rainbow PS Die admin. blok van Gansbaai PS is steeds onder konstruksie. Klapmuts PS-projek gekanselleer |
| | | Sekondêre skole -0 van 2 | Masibambane SS, Waveren SS |
| | | Spesiale skole – 1 van 1) | Voltooi gedurende die tweede kwartaal: JD Crawford PS |

12.1.2 Onderhoudprojekte onderneem tydens 2008/09

| Getal projekte voltooi | Begroting vir 2008/09 R'000 | Beraamde finale koste R'000 |
|------------------------|--------------------------------|--------------------------------|
| 522 | R52.363m | R49.110m |

*n Aanduiding van getal projekte

Vordering gemaak met die agterstand in instandhoudingsagterstand tydens die tydperk onder bespreking

Die beraamde koste daarvan om bestaande skoolgeboue in die Wes-Kaap te vervang is R15 biljoen. Ooreenkomstig die Burgerlike Dienskode behoort 15% van die vervangingswaarde van 'n gebou jaarliks beskikbaar gestel te word vir instandhouding. 'n Bedrag van R226 miljoen voor eskalاسie moet dus jaarliks begroot word om onderwysgeboue in die Wes-Kaap in stand te hou. Die instandhoudingsbegroting vir 2008/09 was R52,363 miljoen. Hierdie bedrag verteenwoordig slegs 33% van wat werklik nodig is om die WKOD se skoolgeboue in stand te hou. Teen hierdie koers is die agterstand besig om te vergroot.

Uitgebreide Openbare Werke Program (UOWP)

Die Gebouefasiliteite –instandhoudingsprogram (GFIP) is by 480 skole geïmplementeer. Aktiwiteite sluit in skoonmaak van gronde, grassny, deeglike skoonmaak van toilette, voorsiening van opleiding, toerusting en bronne vir GFIP-werkers, skoonmaak van klaskamers en skoonmaak van dreinwatergeute. Die volgende soorte instandhoudingstake is ingesluit in die program en kry dus ook aandag:

- Loodgieters- en dreineringsherstelwerk
- Herstel en/of vervanging van reënwaterstelsels
- Vloer-, plafon- en muurherstelwerk
- Herstel en vervanging van deure en slotte
- Vensterraamherstelwerk
- Verfwerk en herversiering

Tot op datum is werk geskep vir 6 797 persone, waarvan 293 manlike jeugdige, 739 vroulike jeugdige en 1 291 mans en 4 474 vroue was.

12.2 Batebestuur

Onroerende bates

Die WKOD gebruik die Onderwysbestuursinligtingstelsel (OBIS) en die Skoleregister van Behoeftesinligtingstelsel (SRBIS), wat voldoende is om onroerende bates te bestuur.

Belangrikste roerende bates

Hoofkantoor en Onderwysdistrikskantore (kantore wat met Onderwysdistrikte skakel ingesluit)

Ten opsigte van roerende bates, het die WKOD 'n batebestuurseenheid in die lewe geroep. Hierdie eenheid is een van die pillare van die Verkrygingslyneenheid.

Alle meubels en toerusting wat nodig was vir die Hoofkantoor en die onderwysdistrikskantore, is van die Hoofkantoor aangekoop en vasgelê op 'n inventaris van roerende bates ingevolge die vereistes soos bepaal deur Nasionale Tesourie. 'n Jaarlikse oudit van alle roerende bates (November) en 'n bestekopname (Februarie/Maart) is onderneem.

Die volgende voorsogmaatreëls is getref om data-integriteit te verseker as ondersteuning van 'n doeltreffende bateregister wat rekeningkundige standarde handhaaf en 'n effektiewe, doeltreffende en akkurate rekonsiliasie van inligting verseker.

- Jaarlikse bestekopname deur die Departement, soos voorgeskryf in die Tesourieregulasies
- Aftekening van inventarisse deur die verantwoordelike beamptes en sertifisering deur die Verantwoordelikhedsbestuurders
- Uitreiking van omsendbriewe in ooreenstemming met Hoofstuk 10 van Tesourieregulasies
- Uitstippeling van die verkrygingsprosedures vir bates in die Rekeningkundige beampte se stelsel
- Maandelikse rekonsiliasie van aankope op LOGIS en die uitgawe op BRS
- Instandhouding van 'n bateregister wat al die inligting bevat wat vereis word ingevolge die Tesourieregulasies

Die meganismes wat geïmplementeer is om te verseker dat 'n doeltreffende stelsel van identifisering, beveiliging, monitering en rekordhouding van roerende bates in plek is, is soos volg:

- Alle bates is van strepieskodes voorsien, gemerk "RSA" en op inventarisse ingeskryf.
- Alle bates is geïdentifiseer in die roerende bateregister in al die batekategorieë soos aangedui deur Tesourie en is voorsien van unieke nommers (strepieskodes).
- Verantwoordelikhedsbestuurders is verantwoordelik vir die beveiliging van hulle bates.
- Alle roerende bates is vasgelê op 'n inventaris per kostesentrum en standplaas. Inventarisse is gesertifiseer as korrek deur die kostesentumbestuurders en word in elke lokaal op 'n sigbare plek gehou.

Skole

Die WKOD het meubels en arbeidsbesparende toestelle vir skole aangekoop en hierdie items vorm nie deel van die WKOD-bateregister nie. Ingevolge die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996), word dit beskou as inventaris-items van die skole. Skole moet dus verslag doen oor hierdie inventarisitems in hulle jaarlikse finansiële state. Die WKOD se bateregister reflekteer slegs die inventarisse vir Hoofkantoor en die onderwysdistrikte en hulle onderskeie dienspunte.

Planne aangaande roerende bates soos motorvoertuie

Die Provinsiale Departement van Vervoer en Werke (Staatsmotorvervoer) bestuur die voorsiening, onttrekking en vervanging van ou en/of beskadigde Staatsgarage- (GG-) motorvoertuie. Hulle behartig die lisensiering, instandhouding en hervulling met brandstof van die voertuie, en hou 'n bateregister by op die Fleetman-stelsel. Hulle formuleer ook provinsiale beleid t.o.v. die gebruik van GG-voertuie.

Die WKOD verseker dat daar gehou word by die provinsiale beleid. Dit hou ook 'n register van voertuie wat in gebruik is van die WKOD en moniteer voertuiggebruik d.m.v. logblaaie.

Die teenswoordige vloot voldoen aan die huidige behoeftes van die WKOD.

Maatreëls geneem om te verseker dat die Departement se bateregister op datum is:

Jaarlikse bestekopnames word uitgevoer om te verseker dat die bateregister van die WKOD bygewerk is. Die fisiese verifikasie van bates is gedoen deur die Batebestuurs-afdeling met die hulp van tydelike personeel.

13. Koördinasie, samewerking en uitbesteding van planne

13.1 Interdepartementele skakels

Die WKOD is die leidende departement verantwoordelik vir die ontwikkeling, implementering en monitering van die provinsie se Menslike Kapitaalontwikkelingstrategie (MKOS). die omvang van die taak vereis egter dat alle regeringsdepartemente op provinsiale en plaaslikeregeringsvlak tot die implementering van die strategie bydra en dit ondersteun. Sleuteldepartemente sluit in die Departemente van Gesondheid, Maatskaplike Ontwikkeling, Gemeenskapsveiligheid en Vervoer en Openbare Werke. Daarbenewens speel die maatskaplike vennote, d.w.s. georganiseerde besigheid, georganiseerde arbeid en burgerlike gemeenskap deur die Provinsiale Ontwikkelingsraad 'n sleutelrol in die vorming en uitvoering van die MKOS.

Gereelde vergaderings en besprekingsin forums soos ROM, die Hoofde van Onderwysdepartemente-komitee (HODKOM) en sy verskeie subkomitees, word gehou met die nasionale Onderwysdepartement en die ander onderwysdepartemente aangaande onderwysbeleid.

Besprekings met susterdepartemente oor intersektorale samewerking het gereeld plaasgevind, veral met die Departement van Gesondheid (MIV/VIGS en lewensvaardighede, gesondheid en welstand in skole, vroeë identifikasie en skoolgesondheidsdienste), Gemeenskapsveiligheid (Veiligeskoleprojek en Leerderondersteuningsbeamptes-projek om stokkiesdraai en jeugoortreding te verminder), die Premier (Kantoor van die Status van Gestremde Persone – Provinsiaal-geïntegreerde Gestremdheidstrategie), Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme (Fees van die Lerende Kaap en ekonomiesegroei-sektore) en Transport en Openbare Werke (kapitale projekte en instandhouding) Kwartaallike vergaderings word gehou met die ISLP koördinerende komitee vir die voorsiening van skoolgeboue in voorheen benadeelde areas. Besprekings met susterdepartemente oor geïntegreerde holistiese ontwikkeling vind ook gereeld plaas. Saam met provinsiale en plaaslike regeringsdepartemente, is 'n geïntegreerde Provinsiale Strategiese Plan vir MIV en VIGS 2007-11 ontwikkel en is dit alreeds geëndossee deur die Provinsiale VIGS-raad.

Die BOOV-subdirekoraat van die WKOD is betrokke by verskeie vennootskappe met ander provinsiale departement. Deur middel van hierdie vennootskappe word aan werknemers van provinsiale departemente die geleentheid gegun om 'n AOS te verkry. 'n Transversale Beleid vir die Lewering van BOOV aan Werknemers van Provinsiale Regeringsdepartemente is in plek. Vennootskappe word gevorm op provinsiale en sentrumvlak. Hierdie riglyne sluit in, onder andere, fases in die implementering van 'n vennootskap, rolle en verantwoordelikhede van diegene wat betrokke is, koste en kostedrywers. 10 provinsiale departemente, sowel as die nasionale Departemente van Waterwese en Korrektiewe Dienste vorm deel van hierdie vennootskappe. Om hierdie vennootskappe te formaliseer, is memoranda van verstandhouding (MIV's) ontwikkel.

13.2 Plaaslike regering-skakelings

Die WKOD werk saam met die Stad Kaapstad ten opsigte van die Stedelike hernuwingsprogram (SHP) en die Sentrale Karoo Munisipaliteit t.o.v. die Geïntegreerde Volhoubare Landelike Omgewingsprogram (GVLOP). Die doel van albei programme is om saam met en geïntegreerd met ander departemente en regerings te werk om armoede te verlig deur vaardighedeontwikkeling vir werklose mense.

13.3 Openbare entiteite

Tans is die WKOD vir geen openbare entiteite verantwoordelik nie.

13.4 Openbare privaat vennootskappe en uitbesteding, ens.

Alhoewel die WKOD geen volledige openbaar-privaat-vennootskappe (OPV's) het nie, het die departemente 'n aantal intervensies en projekte geskep in 'n poging om verskillende aspekte van gehalteonderrig op skool aan te spreek. Hierdie projekte en intervensies word óf direk deur die WKOD (d.m.v. die onderwysdistrikte) bestuur óf d.m.v. verskeie opvoedkundige nieregeringsorganisasies (NRO's). Hierdie vennootskappe is oor die algemeen transversaal (binne die WKOD) en/of multisekoraal van aard, bestaan om aandag te skenk aan psigo-sosiale en ekonomiese kwessies wat, tensy dit suksesvol aangepak word, die gehalte van onderwys in skole ondermyn, en is verder ingestel om die poel van fondse beskikbaar te vergroot terwyl dit die finansiële belegging van die WKOD se vermindering verseker.

Die Globale Fonds, deur die Departement van Gesondheid, ondersteun 'n streng MIV/VIGS-portuuroopvoedingsinisiatief in 94 sekondêre skole. 'n Verdere 42 skole implementeer ook hierdie program deur ander befondsing. Daar is ook 'n aantal ander laevlak samewerkende vennootskappe binne die WKOD se MIV/VIGS-program.

die WKOD werk saam met 6 privaat ontwikkelaars in die ontwikkelingstelsels vir gebruik in die Skooladministrasie- en Bestuurstelselsprojek (SABS-projek).

Die WKOD het ook met PETROSA saamgewerk. Hulle het 'n R12m skool vir Rietvlei in Mosselbaai voltooi en het al 4 ex-DOO-skole in Mosselbaai ten volle uitgerus met moderne rekenaar- en wetenskaplaboratoriums.

'n Memorandum van Verstandhouding is geteken tussen PETROSA en die Wes-Kaap Onderwysdepartement wat 'n modus operandi verskaf vir die besteding van die R15m-donasie vir die konstruksie van 'n nuwe primêre skool in Vredenburg. Tans is die beplanning van die nuwe skool afgehandel en die projek is geadverteer.

Garden Cities Edms Bpk beplan en bestuur die konstruksie van skoolsale. Die konstruksie van die sale by Mathew Goniwe SS (Khayelitsha), Intshukumu Comprehensive School (Guguletu), Knysna SS (Knysna), Rocklands SS (Mitchells Plain), Sarepta SS (Kuil River), Scottsville SS (Kraaifontein), Phoenix SS (Manenberg) en Mountview SS (Hanover Park) is gedurende 2007/08 voltooi. Die saal van Mzamomtsha PS is tans in aanbou.

Die volgende inrigtings het ook met die WKOD saamgewerk:

Kamer van Koophandel: Tegnopreurekompetisie vir graad 10's

SANTAM: Befondsing van beste praktyke vir EBW

Sanlam: Ontwikkeling van 'n holistiese MIV/VIGS kurrikulumgebaseerde program

Kaapstad Volksmoordsentrum Facing History and Ourselves (graad 9 tot 12)

13.5 Donateurbefondsing

Die WKOD het geen donateurbefondsing in die 2008/09 finansiële jaar ontvang nie.

Die Departement het die Wes-kaap Onderwysstigting gestig om vennootskappe te stig met organisasies uit die privaat sektor, en om addisionele befondsing te verkry vir die lewering van onderwys in die provinsie. Met dit in gedagte het die Stigting die volgende suksesvlakke oor die afgelope drie jaar behaal:

PETROSA - WKOD

Dit is 'n gesamentlike onderneming vir die konstruksie van 'n broodnodige primêre skool in Vredenburg.

Waarde: R31 429 174 (R15 miljoen donasie van PetroSA)

TRANSNETSTIGTING

Die volgende diensverskaffers is befonds deur die WKOD deur befondsing van die Transnet Stigting.

'Projek 1: Primêre Wetenskapprojek

Die doel van hierdie projek is om kursusse aan te bied vir onderwyserontwikkeling en klaskamervernuwing wat fokus op die Natuurwetenskappe, Geletterdheid, Gesyferdheid en die Sosiale Wetenskappe.

Waarde: R100 000

Projek 2: Brite Ideas 523 Minilaboratoriumprojek

BI-523 sal drie komprehensiewe Natuurwetenskap-minilaboratoriums verskaf aan vier skole wat al vier Natuurwetenskapsfere in die kurrikulum dek en opleiding verskaf in die gebruik van die Natuurwetenskapmini-laboratoriums aan drie opvoeders per skool by die vier skole.

Waarde: R72 000

BYTES-TEGNOLOGIE

Die WKOS was die kanaal vir hierdie Khanya-geïnisieerde vennootskap. Dit is 'n vennootskapsprojek tussen Khanya, Bytes Tegnologie, Dell Foundation en Anglo American Chairman's Fund.

Hierdie projek se doelwit is om 'n groep kandidate te kies binne voorheen benadeelde gemeenskappe met 'n NKR vlak 4-kwalifikasie en met basiese vaardighede in Engels en Wiskunde en opleiding te verskaf in 'n IKT-leerderskapsprogram.' Die doelwit van die projek is om die leerder op te lei en prakties te laat kennismaak met die volgende kern en opsionele eenheidstandaarde van die Vlak 5-Stelselondersteuningskwalifikasie:

- Hoe netwerkgitektuurbeginsels werk
- Ontwerp, implementeer en hou in stand 'n plaaslike netwer
- Installeer, vorm en administreer netwerkkliënte in 'n entrepreneursomgewing
- Installeer, vorm en administreer netwerkbediëners in 'n entrepreneursomgewing
- Ontwerp 'n aktiewegidsimplementering vir die onderneming
- Moniteer netwerkprestasie
- Implementering van netwerksekuriteit
- Effektiewe bestuur van netwerkgebruikers
- Netwerkttoetsing en probleemopsporing

Waarde: R1.5 miljoen

SANLAM:

Die WKOS was die kanaal vir hierdie WKOD-geïnisieerde vennootskap.

HALSS val binne die doelwit van die breër doelwit van die Direkoraat: Kurrikulumontwikkeling van die WKOD: Bring MIV & VIGS Lewensvaardighede in die kurrikulum deur

- Skynwerklikheid in die klaskamer;
- LOOM;
- Kreatiewe skryfwerk, sport en kreatiewe kunste; en
- Wiskunde, Wetenskap en Tegnologie WWT).

Waarde: R300 000

SERTIKAAT IN SKOOLBESIGHEIDADMINISTRASIE-PROJEK

Die WKOS was die kanaal vir hierdie vennootskap. Die kursus is a vennootskap tussen die WKOD, Manchester Metropolitan University (MMU – UK), National College for School Leadership (NSCL - UK), the Institute of Administrative Management (IAM) and SABISA (Southern African Bursars of Independent Schools Association) en ABSA. Die doelwit is om seker te maak dat die administratiewe personeel by skole ten volle toegerus is om die administratiewe pligte uit te voer wat nodig is vir die gladde, veilige en doeltreffende bestuur van die skool.

- Bestuur bronne met onderwysinrigtings
- Verstaan die politieke, sosiale, wetlike en tegnologiese omgewing waarin hulle werk
- Verbeter en hernu insig van administrasie en bestuur in 'n opvoedkundige omgewing
- Evalueer, ontleed en onderneem bestuurstrategieë wat kurrikulum- en leerontwikkeling ondersteun.
- Illustreer en ontwikkel bestuur- en besluitnemingsvaardighede
- Bestudeer die aard van doeltreffende skoolonderwys in die Een-en-twintigste Eeu.
- Lei die persone op wat as instruktors die kursus sal aanbied in die Wes-Kaap (VOO- en UWK-lektore) om ons eie instruktors te kweek.

Waarde: R181 273.45

BP SUIDELIKE AFRIKA

Omvattende en strategiese uitvoerbaarheidsondersoek oor die ontwikkeling van BP-befondsing Wetenskapklubs in Dinaledi?WWT-skole in die Wes-Kaap. Hierdie studie se doelwit is om die uitvoerbaarheid en doeltreffendheid van die ontwikkeling, vordering en volhoubaarheid van Wetenskapklubs in hierdie skole na te vors, te ondersoek en te assesser. Die befondsing sluit in voorsiening van 'n sakeplan vir 'n loods van Wetenskapklubs in 15 Dinaledi-skole.

Waarde: R500 000

VUKANI GAMING

Dit is 'n Jeugleierskapsprojek – om jeugleierskap te ontwikkel en te koester ter versterking van die Verteenwoordigende Raad van Leerders se platform. Die doelwitte is om die volgende te doen:

- Vestig 'n platform vir Jeugleierskapontwikkeling
- Stel 'n IT-platform op vir jeugleiers om met mekaar te kommunikeer.
- Beweeg vinnig om die inisiatiewe aan die gang te kry wat oorwegend fokus op jeugbemagtiging en die uitbreiding van kritieke vaardighede

Waarde: R1 miljoen

VODACOM-GARDEN CITIES

Dit is 'n gesamenlike projek vir die bou van 'n saal, gebou volgens planne in opdrag van die Garden Cities' Archway Foundation by Westridge Sekondêre Skool.

Waarde: R4 miljoen (R2 miljoen + R2 miljoen)

| Opsomming: Prestasiemaatreëls | | | |
|--|--|--|--|
| Program en subprogram / Prestasiemaatreëls | Bepaalde beraamde teiken 2008/09 | Werklik behaalde teiken 2008/09 | Verskil tussen beraming en werklike prestasie |
| KWARTAALLIKSE UITSETTE | | | |
| Program 1: Administrasie | | | |
| Getal skole wat die Skooladministrasie- en-bestuurstelsel implementeer | 1,455 | 1,452 | -3 |
| Getal skole wat elektronies deur die Departement gekontak kan word | 1,455 | 1,450 | -5 |
| Program 2 (Gewone Openbare Skole) | | | |
| Getal leerderdae deur die voedingsprogram gedek | 40,120,000 | 63,848,817 | 23,728,817 |
| Getal openbare of gewone skole met watervoorsiening | 1,455 | 1,452 | -3 |
| Getal skole met 'n voldoende getal funksionele toilette | 714 | 992 | 278 |
| Getal leerders wat van leerdervervoer gebruik maak | 46,500 | 44,496 | -2,004 |
| Program 3 (Onafhanklikeskoolsubsidies) | | | |
| Getal befondsde onafhanklike skole wat besoek word vir moniteringsdoeleindes | 45 | 93 | 48 |
| JAARLIKSE UITSETTE | | | |
| Provinsiale Onderwyssektor | | | |
| Getal kinders van skoolpligouderdom wat skole bywoon | 618,767 | 625,835 | 7,068 |
| Getal kinders bokant skoolpligouderdom wat skole en ander onderwysinrigtings bywoon | 209,393 | 204,293 | -5,100 |
| Openbare besteding aan die armste leerders as persentasie van openbare besteding aan die rykste leerders | 102.9% | 103.8% | 0.9% |
| Jaar se inset per VOOS-gradueerde | Geen teiken verskaf en geen besonderhede vasgelê nie | | |
| Gemiddelde hoogste skoolgraad behaal deur volwassenes in populasie | 9.6 | 9.6 | 0 |
| Geletterdheidskoers van volwassenes | 95.7% | 95.7% | 0 |
| Program 1: Administrasie | | | |
| Getal swart vroue in senior bestuursposisies | 16 | 15 | -1 |
| Persentasie van huidige besteding wat gebruik word vir niepersoneelitems | 23.6% | 21.2% | -2.4% |
| Program 2 (Gewone Openbare Skoolonderwys) | | | |
| Getal leerders in gewone openbare skole met spesiale behoeftes | 14200 | 12349 | -1,851 |
| Getal gewone openbare skole met elektrisiteit | 1455 | 1452 | -3 |
| Besteding op instandhouding as persentasie van die waarde van skoolinfrastruktuur | 0.30% | 0.30% | 0% |
| Getal skole met meer as 40 leerders per klas | 0 | 0 | 0 |
| Getal nie-artikel 21-skole met alle LOOM en ander vereiste materiaal afgelewer op dag een van die skooljaar: | 425 | 422 | -3 |
| Getal skole met artikel 21-status | 1030 | 1032 | 2 |
| Getal werksdae verloor a.g.v. opvoederafwesigheid in gewone openbare skole | 320,000 | 322,924 | 2,924 |
| Getal leerderdae verlore a.g.v. leerderafwesigheid in gewone openbare skole | Geen teiken gestel | Slegs steekproef data vasgelê | *NV |

| Program / subprogram / Prestasiemaatreëls | Beplande beraamde teiken 2008/09 | Werklik behaalde teiken 2008/09 | Verskil tussen beraming en werklike prestasie |
|--|---|---|---|
| 2.1 Openbare primêre skole | | | |
| Herhalingskoers in graad 1 tot 7 | 7.8% | 9.0% | 1.2% |
| Getal leerders in graad 3 wat aanvaarbare uitkomst in Gesyferdheid en Geletterdheid bereik het. | Geletterdheid 0.450 Geslyferdheid: 0.250 | Geletterdheid 0.561 Geslyferdheid: 0.347 | Geletterdheid 0.111 Geslyferdheid: 0.097 |
| Getal leerders in graad 6 wat aanvaarbare uitkomst in Wiskunde, Geletterdheid en Natuurwetenskap bereik het. | Toets vind slegs elke 2de jaar plaas | Toets vind slegs elke 2de jaar plaas | Toets vind slegs elke 2de jaar plaas |
| 2.2 Openbare sekondêre skole | | | |
| Getal dogters wat Wiskunde en Wetenskap neem in graad 10 tot 12 | 27.1% | 27.0% | -0.1% |
| Herhalingskoers in graad 8 tot 12 | 39.98% | 39.20% | -0.8% |
| Slaagkoers in graad 12-eksamens | 18.14% | 9.19% | -9.0% |
| Slaagkoers in graad 12 vir Wiskunde en Wetenskap | 60,639 | 46,409 | -14,230 |
| Getal leerders in graad 9 wat aanvaarbare onderwysuitkomst in alle leerareas bereik het. | 23813 | 21722 | -2,091 |
| Program 4 (Openbare Spesialeskoolonderwys) | | | |
| Getal kinders met spesiale behoeftes ouderdom 6 tot 15 wat nie by onderwysinrigtings ingeskryf is nie. | 6% | 6% | 0* |
| Program 5: Verdere Onderwys en Opleiding | | | |
| Getal VOO-studente in verhouding met jeugdige in die provinsie | 22% | 25% | +3% |
| Getal vrouestudente wat in tegniese velde is | 8,500 | 2,500 | -6,000 |
| VOO-kolleges se deurvoerkoers | 72.89% | 75.00% | 2.1% |
| Getal leerders wat in leerderskappe geplaas is deur VOO-kolleges | 1090 | 4200 | 3,110 |
| Program 6: Basiese Onderwys en Opleiding vir Volwassenes | | | |
| PM601: Getal BOOV-leerders in verhouding tot volwassenes in die provinsie | 0.05% | 0.05% | 0 |
| Program 7: Vroeëkindontwikkeling | | | |
| Getal leerders in openbaar befondsde graad R | 63,632 | 70,245 | 6,613 |
| Let op dat hierdie gegewens 'n verhouding verteenwoordig en die versoek is dat dit uitgedruk word as 'n persentasie tot een desimaal. Die Algemene Huishoudelike Onderzoek se gegewens sal in Julie 2009 vrygestel word. | | | |

BYLAE A: PRESTASIEMAATREËLS

► PM0001: Persentasie kinders van skoolpligouderdom wat skole bywoon

Hier is die persentasie kinders van skoolpligouderdom in die provinsie wat enige skool of opvoedkundige inrigting bywoon. Hierdie prestasiemaatreël dui aan hoe effektief die onderwysregte van kinders, soos uitgedruk in die Grondwet, uitgeoefen word, en die mate waartoe aan die bepalings van die Suid-Afrikaanse Skolewet voldoen word ten opsigte van respek vir verpligte skoolbywoning.

Bron:

Vir nisesensusjare word die Stats SA se Algemene Huishoudelike Oorsig (AHO)-data van die jaar onder bespreking gebruik vir die teller en die noemer..

► Getal kinders bokant skoolpligouderdom wat skole en ander onderwysinrigtings bywoon

Dit stem ooreen met PM002, behalwe dat hierdie prestasiemaatreëls na ouer kinders verwys. Dit is die persentasie van die populasie in die provinsie tussen 15 en 17 wat enig skool of ander onderwysinrigting bywoon. Dit gee 'n aanduiding van hoe suksesvol die regering en die land is met die voorsiening van skoling en ander onderwys verder as die basiese onderwysvlak. Terwyl die Grondwet nie onderwys vir hierdie oudersomsgroep 'n basiese reg maak nie, verplig dit die regering om verdere onderwys progressief beskikbaar en toeganklik vir ons jeug te maak.

Bron:

Vir nisesensusjare word die Stats SA se Algemene Huishoudelike Oorsig (AHO)-data van die jaar onder bespreking gebruik vir die teller sowel as vir die noemer..

► PM003: Openbare besteding aan die armste leerders as persentasie van openbare besteding aan die mins armste leerders

Dit is die regering se besteding op die armste een-vyfde van kinders en leerders as 'n persentasie van die regering se besteding op die mins armste een-vyfde. Gedurende die laaste jare van apartheid was die persentasie in die omgewing van 20% dit is die oogmerk van die regering om hierdie persentasie te verhoog tot meer as 100% vir alle provinsies. Daar is baie faktore wat hierdie persentasie op en af druk: die pro-arm-voorsiening en skooltoelatingsbeleide van die regering, die regering se skoolbouprogramme (wat die persentasie opskuif); die getal arm kinders wat nie op skool is nie (en dus geen onderwysbefondsing ontvang nie); en probleme om onderwysers aan te trek na die landelike gebiede (laasgenoemde twee druk die persentasie af).

Bron:

Inskrywingssyfers vir leerders in gewone opengbare skole in kwintiel 1- of kwintiel 5-skole is verkrygbaar van OBIS-inskrywingsgetalle, soos bereken uit Jaarlikse Skoolopnames (JSO's)

► PM004: Jare se invoer per VOOS-gradueerde

dit is die getal jare van skoolonderrig wat die regering belê om elke graad 12 of ekwivalente graad te produseer. Omdat leerders herhaal, en omdat hulle uitval uit die skoolstelsel voor die einde van graad 12, is die getal jare altyd meer as 12. Deur die jare egter so laag maandelik te hou, kan die regering meer onderwys van 'n beter kwaliteit aan meer mense voorsien.

Bron:

PM bereken nie, aangesien akkurate databronne nie beskikbaar is nie. Provinsies kan nie hierdie

► **PM0005: Gemiddelde hoogste skoolgraad behaal deur volwassenes in populasie**

die maksimum maandelike waarde vir hierdie prestasiemaatreeël is 12. Dit sou die geval gewees het as alle volwassenes in die populasie graad 12 voltooi het. Na gelang ons gemeenskap meer opgevoed raak, behoort die waarde van hierdie prestasiemaatreeël toe te neem. Ons moet redelik geleidelike toenames verwag, aangesien dit baie jare neem vir skoolonderrig en BOOV om die algehele vlakke van onderwys oor die hele volwasse populasie te verander.

Bron:

Vir nisesensusjare, is die data vir die noemer en die teller gebaseer op steekproefgegewens wat verkry is van StatsSA se huishoudelike opnames.

► **PM0006: Geletterdheidskoers van volwassenes**

dit is die persentasie volwassenes wat in staat is om te lees en te skryf, ten minste op 'n basiese vlak. Ons Grondwet waarborg die reg op 'n basiese onderwys vir alle volwassenes wat hiervan ontnem is in die verlede. Vir menseregteredes, maar ook vir ekonomiese ontwikkelingsredes is hierdie 'n belangrike prestasiemaatreeël vir die regering. Ons doelwit moet 'n volwassene geletterdheidskoers van 100% wees.

Bron:

Vir nisesensusjare, is die data vir die noemer en die teller gebaseer op steekproefgegewens wat verkry is van StatsSA se huishoudelike opnames of populasieberamings soos verskaf deur die DvO.

► **PM101: Persentasie skole wat die Skooladministrasie- en-bestuurstelsel implementeer**

Die Skooladministrasie en Bestuurstelsel (SABS) is 'n gerekenariseerde stelsel wat nasionaal ontwerp is en wat skole toelaat om hulle leerders, personeel, finansiële inligting meer doeltreffend te organiseer. Hoe groter die getal skole met SABS, hoe beter is die diens wat ons van skole kan verwag.

Bron:

Alle skole het nie spesifiek die SABS in plek nie, maar alle skole het SOBIS in plek. Alle skole het goedkeuring van DvO ontvang om 'n skakel tussen SOBIS en SABS te ontwikkel. Met behulp van CEL is die dienste van 'n analis vasgestel om te begin met die implementering van 'n skakel tussen SOBIS en SABS. Die stelselontledingfase is voltooi in die eerste kwartaal van 2007, terwyl die ontwikkeling van die integrasie goed onder weg moes gewees het teen die einde van die 2007-akademiese jaar. Hierdie ontwikkeling sal voorsiening maak vir die integrasie van SABS en SOBIS.

► **PM102: Persentasie skole wat elektronies deur die Departement gekontak kan word**

E-pos help skole om die Departement vinnig te kontak wanneer daar 'n probleem is wat die Departement moet hanteer. hierdie soort kommunikasie laat die Departement ook toe om vinnig te kommunikeer, teen 'n lae koste, t.o.v. inligting oor beleidsveranderinge, huidige projekte en algemene omsendbriewe. Dit is die doel van die regering om te verseker dat alle skole e-konnektiwiteit geniet.

Bron:

Die JSO verskaf inligting aangaande die getal skole wat e-pos gebruik vir administratiewe doelwitte.

► **PM103: Persentasie swart vroue in bestuursposisies**

Hier is die persentasie swart vroue in bestuursposisies. Alhoewel billike indiensneming 'n aantal gebiede dek, is die persentasie swart vroue in bestuursposisies baie belangrik om die vordering uit te lig op weg na diensbillikheid in provinsiale onderwysdepartemente.

Bron:

PERSAL

► **PM104: Persentasie van huidige besteding wat gebruik word vir niepersoneelitems**

Dit is die persentasie van onderwysbesteding, met uitsluiting van besteding op fisiese infrastruktuur. (Niepersoneel en niekapitaal) wat gaan aan niepersoneelitems soos handboeke, skryfbehoeftes en leerdervoer.

Bron:

Provinsiale begrotingstate en jaarverslae

► **PM201: Persentasie leerderdae deur die voedingsprogram gedek**

Dit is die getal etes wat by skole verskaf is, deur die regering se voedingsprogram, verdeel deur al die leerderdae in 'n jaar ('n leerderdag is een leerder se bywoning op een dag.) Hierdie persentasie verhoog wanneer die voedingsprogram meer leerders dek, of wanneer elke leerder meer etes per jaar ontvang. Die maksimum wat moontlik is, is 100%. Ons sal verwag dat die persentasie hoër sal wees in daardie provinsies met die grootste armoedevlakke.

Bron:

Die Jaarlikse Skoolopname (JSO) het 'n vraag oor die getal leerders wat ondersteuning kry van die NSVP. Dit versamel nie tans enige inligting oor die getal dae wat hierdie ondersteuning by elke skool verskaf word nie, maar ander provinsiale databronne word hiervoor gebruik.

Skoolvoedingstatistiek e word gespesifiseer in die statistiese tabelle en dui aan die getal leerders wat voordeel trek uit die program, sowel as die gemiddelde getal skooldae wat deur hierdie voedingondersteuning gedek word.

► **P<202: Persentasie leerders in gewone openbare skole met spesiale behoeftes**

Dit is die persentasie leerders in gewone openbare skole met spesiale behoeftes. Histories het sulke leerders probleme gehad met toegang tot gewone openbare skole, alhoewel maatreëls getref moet word, in die lig van die regering se inklusiewe onderwysbeleid, om toeganklikheid vir gestremde leerders 'n werklikheid te maak.

Bron:

Hierdie PM kan tans nie bereken word nie, aangesien akkurate databronne nie beskikbaar is nie. Daar word voorsien dat hierdie inligting in die toekoms verkry kan word deur middel van die SOBIS-oordragte vanaf skole.

► **PM203: Persentasie gewone openbare skole met watervoorsiening**

Dit is die persentasie van gewone openbare skole met 'n soort skoonwatervoorsiening. Vir gesondheids- en ander redes, is dit belangrik dat alle skole op hulle terreine toegang tot skoon water moet hê.

Bron:

JSO-gegevens van toepassing op die jaar ter sprake

► **PM204: Persentasie gewone openbare skole met elektrisiteit**

Dit is die persentasie van gewone openbare skole met 'n soort skoonwatervoorsiening. Elektrisiteit is 'n belangrike voorwaarde vir die bekendstelling van moderne tegnologieë wat bestuur, onderrig en leer in skole kan verbeter.

Bron:

JSO-gegevens van toepassing op die jaar ter sprake

► **PM205: Persentasie skole met 'n voldoende getal funksionele toilette**

dit is die getal skole met ten minste twee funksionele toilette vir elke klaskamer. Vir gesondheids- en skoolbywoningsredes is dit belangrik vir die skoolstelsel om te beweeg in die rigting van die minimum norm vir alle skole.

Bron:

Die totale getal toilette en urinale, sowel as die totale getal niefunksionerende toilette en urinale, word gevind in die sanitêre afdeling van die JSO. Die "totale getal klaskamers wat gebruik word vir onderrig" of "die totale getal leerders per skool" kan ook in die JSO gevind word.

► **PM206: Besteding op instandhouding as persentasie van die waarde van skoolinfrastruktuur**

Dit is belangrik dat bestaande geboue en toerusting in die skoolstelsel behoorlik in stand gehou moet word, sodat hulle ten volle funksioneel is, en vervanging tot die minimum beperk kan word. Die beleid skryf voor dat die jaarlikse besteding aan instandhouding van fasiliteite ten minste 1.5% van die totale waarde van daardie fasiliteite moet bedra.

Bron:

Instandhoudingsuitgawesyfers word bepaal deur die POD se finansiële departemente, soos per die SCOA-rooster, en die kapitale batewaarde van die betrokke bateregister(s), soos gehou deur die POD of die Provinsiale Departement van Openbare Werke.

► **PM207: Persentasie skole met meer as 40 leerders per klas**

Dit is die persentasie van skole met 'n leerder-opvoederverhouding groter as 40:1. Vaie groot klasse is duidelik nie goed vir onderrig en leer nie, en die mikpunt is om hierdie persentasie af te bring na 0%.

Bron:

Leerdergetalle sowel as opvoedergetalle kom uit die JSO.

► **PM208: Persentasie nie-artikel 21-skole met alle LOOM en ander vereiste materiaal afgelewer op dag een van die skooljaar:**

Dit is die persentasie skole wat van die departement afhanklik is vir die verkryging van handboeke en ander LOOM wat al die goedere wat bestel is, op die eerste dag van die skooljaar reeds ontvang het.

Bron:

Die Direkoraat: Operasionele Ondersteuningseenheid beskik oor die inligting aangaande die aflewering van handboeke.

► **PM209: Persentasie skole met artikel 21-status**

Dit is die persentasie van skole aan wie sekere bestuursverantwoordelikhede toegeken is, met insluiting van finansiële bestuursverantwoordelikhede, ingevolge afdelikel 21 van die Suid-Afrikaanse skolewet. (Dit het niks te doen met artikel 21-maatskappye.) Dit is belangrik dat meer skole voorberei moet word vir hierdie selfbestuurstatus sodat skole meer doeltreffend kan reageer op plaaslike druk.

Bron:

Die Direkoraat: Begrotingsbestuur beskik oor hierdie inligting.

► **PM210: Persentasie werksdae verloor a.g.v. opvoederafwesigheid in gewone openbare skole**

Hierdie prestasiemaatreëls neem in ag enige afwesigheid van opvoeders van skole, om enige rede, waar daar geen waarnemende opvoeder was nie. Indien skole behoorlik wil funksioneer is dit belangrik dat leerders nie sonder hulle opvoeders moet wees nie. die doel moet wees om hierdie prestasiemaatreeel so laag as moontlik te hou.

Bron:

PERSAL Bestaande inligtingbronne oor opvoederafwesigheid is egter nie geskik nie, aangesien PERSAL nie inligting verskaf oor hoeveel opvoeders afwesig was sonder 'n plaasvervangeronderwyser by die skool nie.

► **PM211: Persentasie leerderdae verlore a.g.v. leerderafwesigheid in gewone openbare skole**

Hierdie prestasiemaatreël is gelyk aan PM210, maar het te doen met leerders i.p.v. opvoeders. Enige afwesigheid van skool van enige leerder sal in ag geneem word deur hierdie prestasiemaatreël.

Bron:

die Departement het nie die nodige operasionele stelsels in werking om die inligting te verskaf aangaande leerderdae wat verlore is a.g.v. afwesigheid nie. 'n Proses is nou ingestel om hierdie inligting te verkry d.m.v. kwartaalike voorleggings van skole in die toekoms.

► **PM212: Die prestasiekoers van die mins bevoordeelde skole tot die mees bevoordeelde skole ten opsigte van graad 3**

Dit is die gemiddeld van die lees- en wiskundepunte van graad 3-leerders in die armste skole relatief tot die gemiddeld van die mins-armste leerders, uitgedruk as 'n persentasie. Dit is belangrik om die apartheidserflating van ongelyke besteding op leerders aan te pak. dit is ook belangrik om te verseker dat ongelykhede in leerderresultate verminder word, sodat leerders 'n meer gelyke wegspring in die lewe kan hê.

Bron:

die resultate van die provinsiale toetsing in graad 3. toetsing is gedoen in 2006 en word slegs elke tweede jaar herhaal. Dit beteken dat die volgende graad 3-toetse in 2008 afgeneem sal word.

► **PM213: Herhalingskoers in graad 1 tot 7**

Dit is die getal leerders wat hulle huidige graad herhaal in graad 1 tot 7, verdeel deur al die leerders wat ingeskryf is vir graad 1 tot 7. 'n Hoë herhaalingskoers is nie net duur nie, maar ook sleg vir onderrig en leer. Dit is belangrik dat hierdie prestasiemaatreël so laag as moontlik moet wees.

Bron:

Die WKOD het histories herhalingsinligting versamel in gemiddelde formaat van skole drie maande in die volgende jaar. Oudtis wat by skole gedoen is, het getoon dat hierdie inligting nie altyd akkuraat was nie. Die leerdersnaspoorsel is in 2006 geïmplementeer en 2006 is gesien as 'n loodsjaar om met al die tandekryprobleme te handel. 'n Aanlyn-bevorderingsproses is suksesvol voltooi in 2006, asook 'n aanlyn-Kitsprojek in 2007. In die volgende verslag sal die Departement in staat wees om verslag te doen oor al die herhalers in die provinsie, sowel as oor leerders wat uitsak in die 2007-akademiese jaar.

► **PM214: Persentasie leerders in graad 3 wat aanvaarbare uitkomst in Gesyferdheid en Geletterdheid bereik het.**

Hierdie prestasiemaatreël is op dieselfde gegewens gebaseer as PM212. Dit dui aan die persentasie van alle graad 3-leerders wat, gemiddeld, aanvaarbare uitkomst in Gesyferdheid en Geletterdheid bereik.

Bron:

Die resultate van die provinsiale toetsing in graad 3. (Toetsing is gedoen in 2006 en word slegs elke tweede jaar herhaal. Dit beteken dat die volgende graad 3-toetse in 2008 afgeneem sal word.)

► **PM215: Persentasie leerders in graad 6 wat aanvaarbare uitkomst in Wiskunde, Geletterdheid en natuurwetenskap behaal het..**

Hierdie prestasiemaatreël is op dieselfde gegewens gebaseer as PM212. Dit dui aan die persentasie van alle graad 3-leerders wat, gemiddeld, aanvaarbare uitkomst in Gesyferdheid en Geletterdheid bereik.

Bron:

Die resultate van die provinsiale toetsing in graad 6. Toetsing is gedoen in 2005 en word slegs elke tweede jaar herhaal. Dit beteken dat die volgende graad 6-toetse in 2007 afgeneem sou word.

► **PM216: Persentasie dogters wat Wiskunde en Wetenskap neem in graad 10 tot 12**

Dit is die persentasie dogters wat ingeskryf is vir Wiskunde en Wetenskap in graad 10, 11 en 12. Histories is dogters ondervertegenwoordig in hierdie vakke, dus toenemende deelname hierin sal 'n belangrike aanduiding wees van die beweging na 'n meer gendergebaseerde VOO-band.

Bron:

Die JSO bevat inligting oor die getal manlike en vroulike leerders wat Wiskunde en Wetenskap in graad 10 – 12 neem, en verskaf ook 'n aanduiding van die totale getal leerders in hierdie grade.

► **PM217: Die prestasiekoers van die mins bevoordeelde skole tot die mees bevoordeelde skole ten opsigte van die slaagsyfer vir graad 12**

Dit is die gemiddeld van die lees- en wiskundepunte van graad 12-leerders van die nasionale Senior Sertifikaat in die armste skole relatief tot die gemiddeld van die mins-armste leerders, uitgedruk as 'n persentasie. Hierdie prestasiemaatreël is dus gelyk aan PM209.

Bron:

Nasionale Senior Sertifikaat-eksamens databasis

► **PM218: Herhalingskoers in graad 8 tot 12**

Dit is dieselfde as PM213, behalwe dat hierdie prestasiemaatreël van toepassing is op graad 8 tot 12.

Bron:

Die WKOD het histories herhalerinligting versamel in gemiddelde formaat van skole drie maande in die volgende akademiese jaar. Oudtis wat egter by skole gedoen is, het getoon dat hierdie inligting nie altyd akkuraat was nie. Die leerdernaspoorstelsel is in 2006 geïmplementeer en die 2006-skooljaar is dit gesien as 'n loodsjaar om met al die tandekryprobleme te handel. 'n Aanlyn-bevorderingsproses is suksesvol voltooi in 2006, asook 'n aanlyn Kitsprojek in 2007. In die volgende verslag sal die Departement in staat wees om verslag te doen oor al die herhalers in die provinsie, sowel as oor leerders wat uitgesak het in die 2007-akademiese jaar.

► **PM219: Slaagkoers in graad 12-eksamens**

Dit is die totale slaagsyfer vir die Nasionale Senior sertifikaat-eksamen per jaar, verdeel deur die getal 18-jariges. Dit is nie dieselfde as die matriek-slaagsyfer nie. Hierdie prestasiemaatreëls neem twee dinge in ag. Eerstens neem dit in ag hoeveel jongmense vir die eksamen inskryf. Tweedens neem dit in ag hoeveel jongmense wat die eksamen skryf, dit ook slaag.

Bron:

Die nasionale Senior Sertifikaat-eksamenverslag vir die vorige jaar die populasie van 18-jariges word bepaal van die populasieberamings verskaf deur die DvO.

► **PM220: Slaagkoers in graad 12 vir Wiskunde en Wetenskap**

Dit is die totale getal leerders wat óf die Wiskunde óf die Wetenskap Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen in 'n sekere jaar geslaag het, verdeel deur die totale getal 18-jariges. Net soos die algehele slaagkoers (sien PM219), verskaf hierdie prestasiemaatreël 'n idee van hoeveel uitsette die onderwysstelsel produseer in verhouding tot die populasie.

Bron:

Die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen-databasis bevat inligting oor die getal leerders wat die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen in Wetenskap of Wiskunde of albei geslaag het. Die DvO verskaf populasieberamings oor die getal 18-jariges in die provinsie.

► **PM221: Pesentasie leerders in graad 9 wat aanvaarbare onderwysuitkomst in alle leerareas bereik het.**

Hierdie prestasiemaatreël dui aan die persentasie van alle graad 9-leerders wat, gemiddeld, aanvaarbare onderwysuitkomst bereik.

Bron:

graad 9-uitslae.

► **PM301: Persentasie befondsde onafhanklike skole wat besoek word vir moniteringsdoeleindes**

dit is die persentasie van onafhanklike skole wat 'n regeringssubsidie ontvang en gedurende die jaar deur die Departement vir gehaltebeheerdoeleindes gedurende die jaar besoek word. Dit is belangrik dat die regering die gehalte van onderwys moet monitor soos dit in die onafhanklike skole plaasvind, en veral daardie skole wat staatsubsidies ontvang, en dat opgetree word waar daar nie aan die minimum standaardte voldoen word nie.

Bron:

Die onderwysdistrikskantore

► **PM401: Persentasie kinders met spesiale behoeftes van skoolgaande ouderdom wat nie in onderwysinrigtings ingeskryf is nie**

Dit is die persentasie van gestremde skoolpligtige kinders wat nie in enige onderwysinrigting van ingeskryf is nie, Dit is belangrik dat die regering voldoende en geskikte toegang tot spesiale en gewone openbare skole aan hierdie leerders bied. Onder ideale omstandighede, behoort hierdie maatreeël 'n waarde van 0% te dra.

Bron:

Toepaslike vrae uit die jongste Algemene Huishoudelike Opname is gebruik.

► **PM501: Getal VOO-kollegestudente in verhouding tot jeugdige in die provinsie**

dit is die getal VOO-kollegestudente, van alle ouderdomme, verdeel deur jongmense van 16 tot 18. Terwyl baie VOO-kollegestudente ouer as 18 sal wees, verskaf hierdie prestasiemaatreeël nietemin 'n nuttige aanduiding van hoe goed VOO-kolleges uitreik na die jeug en die populasie as 'n geheel.

Bron:

Vir nisesensusjare, is die populasiesyfers verkry van die jongste Algemene Huishoudelike Opname vir die noemer en die teller gebaseer op steekproefgegewens wat verkry is van StatsSA se huishoudelike opnames of populasieberamings soos verskaf deur die DvO. VOO studentegetalle word van die VOO-kolleges verkry.

► **PM502: Persentasie vrouestudente wat in tegniese velde is**

Dit is die persentasie van alle vroulike VOO-kollegestudente wat in ingenieurswese of ander tegniese velde ingeskryf is. Histories was vroueinskrywings in hierdie velde laag. Ter wille van gendergelykheid behoort hierdie situasie te verbeter.

Bron:

Alhoewel kollege inskrywingsgetalle al die inligting behoort te bevat vir die berekening van hierdie PM, is daar tans geen sistematiese benadering deur die POD's of ei DvO om dit te versamel nie. Die data vir hierdie PM word tans vanaf VOO-kolleges verkry.

► **PM503: VOO-kolleges se deurvoerkoers**

Dit is die getal studente wat die finale eksamens slaag, verdeel deur die totale getal student wat die VOO-kollegestelsel betree het met die bedoeling om die eksamens te slaag.

Bron:

Om hierdie gegewens te versamel is tans 'n baie komplekse proses, wat kolleges nog moet leer om te doen. (Daar is geen netjiese eksamen een keer per jaat vir alle studente wat 'n maklike basis kan verskaf waarvandaan die berekeninge gemaak kan word nie, aangesien daar geen enkele eksamengesag is nie – elke SOOO het sy eie vereistes vir die assessering van sy programme). Die data vir hierdie PM word tans vanaf VOO-kolleges verkry.

► **PM504: Persentasie leerders wat in leerderskappe geplaas is deur VOO-kolleges**

Dit is die leerders in leerderskappe wat hulle opleiding deur 'n VOO-kollege ontvang, as 'n persentasie van alle leerders in leerderskappe in die provinsie. Hierdie prestasiemaatreëls dui aan hoe doeltreffend VOO-kolleges is om leerders van die leerderskapstelsel te trek.

Bron:

Rekordhouding oor leerderskapaktiwiteit by die VOO-kolleges is nie omvattend nie, eenvoudig omdat die kolleges se IT-stelsels nog nie ideaal ingestem is vir hierdie soort intervensie nie. Leerderskappe is nie die kerndoelwit van VOO-kolleges nie (dit verskaf self die fondse). Kolleges bedryf leerderskappe as afsonderlike besigheids-eenhede wat personeel aanstel (administratief, opvoeders, projekbestuurders, ens.). Die implementering van die VOOBIS (leerdernasproingstelsel vir VOO-kolleges) sal in die toekoms help met die voorsiening van hierdie inligting.

► **PM601: Getal BOOV-leerders in verhouding tot volwassenes in die provinsie**

Dit is die getal studente wat ingeskryf is by openbare BOOV-sentrums, verdeel deur die totale getal volwassenes in die populاسie. Hierdie persentasie verskaf 'n aanduiding van hoe omvattend die openbare voorsiening van BOOV in die provinsie is.

Bron:

Vir niasensusjare word die populasiesyfers vir volwassenes verkry van die Algemene Huishoudelike Opname (AHO) vir die betrokke jaar of van polulasieberamings soos deur die DvO verskaf.

► **PM701: Persentasie leerders in openbare befondsde graad R**

Dit is die totale getal leerders in openbaar befondsde graad R-klasse (in openbare skole of gemeenskapsentrums), verdeel deur alle vyfjariges in die populاسie. Terwyl dit nie die regering se doelwit is om 100% te bereik t.o.v. hierdie prestasiemaatreël (sommige leerders kan na verwagting privaat sentrums bywoon), stipuleer die beleid dat ons 'n hoë vlak van tussen 80% en 90% behoort te bereik teen 2010.

Bron:

Alhoewel die JSO beskou kan word as 'n voldoende databron vir skoolgebaseerde graad R-leerders, dek dit nog nie die gemeenskapsgebaseerde terreine nie. Alhoewel die bedoeling volgens Witskrif 5 was dat 10% of minder van die leerders in gemeenskapsgebaseerde terreine geakkommodeer moet word, het die implementering in verskillende provinsies gelei tot 'n situasie waar baie meer leerders in werklikheid gebruik maak van gemeenskapsgebaseerde terreine. Die syfers van die JSO sal dus grootliks onakkuraat wees.

Toeganklikheid tot baie landelike en afgeleë terreine bly steeds 'n uitdaging vir onderwysdistrikte. Die belemmer ook die versameling van akkurate data aangaande graad R in gemeenskapsentrums, aangesien baie van hulle informele nedersettings is met gebrekkige pos-/fisiiese adresse is vir die aflewering van opnamevorms. Verifikasie van ouderdomme by alle terreine is noodsaaklik om die korrektheid van eise te verseker.

Ten spyte van databronuitdagings, is die AHO die mees geskikte databron om te gebruik vir die noemer van hierdie PM.

VRYWARING

Hierdie verslag is 'n vertaalde weergawe van die Ouditkomitee verslag wat goedgekeur en onderteken is. Die gedeelde Ouditkomitee aanvaar geen verantwoordelikheid vir moontlike wanvertolkings gedurende die vertalingsproses nie.

Deel 3 – Verslag van die Ouditkomitee

VERSLAG VAN DIE OUDITKOMITEE VAN DIE WES-KAAP PROVINSIALE REGERING OOR DIE ONDERWYSDEPARTEMENT (BEGROTINGSPOS 5) VIR DIE FINANSIËLE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2009

1. Inleiding

Die Ouditkomitee bied die verslag vir bogenoemde finansiële jaar geëindig op 31 Maart 2009 met genoeë aan.

2. Ouditkomiteelede en bywoning

Die Ouditkomitee bestaan uit die lede wat hieronder genoem word: Daar word verwag dat die komitee 'n minimum van VIER keer per jaar sal vergader ooreenkomstig sy goedgekeurde opdrag. In die afgelope jaar is SES vergaderings gehou:

3. Lede vir die jaar Aantal vergaderings bygewoon

| | |
|--|---|
| Mnr RG Nicholls (Voorsitter – kontrak het 31 Julie verstryk) | 6 |
| Dr L Kathan | 6 |
| Me B Daries | 6 |
| Me P White | 6 |
| Mnr L Mdunyelwa | 2 |
| (Aangestel as komiteelid op 1 Oktober 2008 en sedertdien aangestel as die tussentydse voorsitter sedert 1 Augustus 2009) | |

4. Ouditkomitee se verantwoordelikheid

Die Ouditkomitee rapporteer dat hulle hulle verantwoordelikhede nagekom het soos bepaal in artikel 38 (1) (a) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet 1 van 1999) en Tesourieregulasie 3.1.13, soos vereis.

Die Ouditkomitee noem verder dat hulle die gepaste Opdrag as hulle Ouditkomiteehandves aangeneem het. Die Ouditkomitee het hulle sake gereël en verantwoordelikhede nagekom ingevolge hierdie handves

5. Doeltreffendheid van interne kontrole

Volgens ons mening, gebaseer op verslae ontvang van die diensverskaffers en deur die inligting gerapporteer tydens die Ouditkomiteevergaderings, het die operasionele interne kontroleomgewing sekere betekenisvolle gebreke, wat in die finansiële jaar eindigend Maart 2010 uitgeskakel moet word.

Die gevestigde struktuur, die Ouditmoniteringspan het nie genoegsaam gehandel met die bevindings genoem deur die Ouditeur-generaal en ondersteun deur die Ouditkomitee, die Departement van Interne Ouditering en SKOOR nie. Alhoewel hierdie kwessie voorheen gerapporteer is, is aan 36% van hierdie items nog nie aandag gegee nie.

6. Interne audit

Die Interne Oudit het teen die einde van die verslagjaar van 'n uitbestede verskaffer na 'n interne verskaffer oorgeskakel. Nietemin, soos die afgelope drie jaar gerapporteer is, het Interne Ouditering nie doeltreffend gefunksioneer deur die nodige positiewe veranderinge aan te bring nie, want dit het nog steeds totaal onvoldoende personeelvoorsiening. Gevolglik kon die goedgekeurde 2008/09 Interne Ouditplan nie in geheel geïmplementeer word nie.

7. Die gehalte van monitering wat gedurende die jaar plaasvind en maandelikse of kwartaallikse verslae voorgelê ingevolge die WOFB en die Wet op die Verdeling van Inkomste

Daar is slegs gedeeltelik voldoen aan die vereistes van die WOFB en die Wet op die Verdeling van Inkomste wat maandelikse en kwartaallikse verslae betref. Hierdie verslae is nie gereeld aan die Ouditkomitee voorgelê nie.

8. Risikobestuursfunksie

Die vestiging van 'n Risikobestuursfunksie het nie plaasgevind ingevolge die Tesourievereistes nie, maar is agterna beplan vir die aandag van senior bestuurslede tydens die nuwe finansiële jaar.

9. Evaluering van finansiële state

Die Ouditkomitee het:

- die geouditeerde finansiële state wat in die jaarverslag van die Ouditeur-generaal en die Rekenpligtige Beampte ingesluit moet word hersien en bespreek;
- die Ouditeur-generaal se bestuursbrief en die bestuur se respons daarop in hersiening geneem; en
- betekenisvolle aanpassings wat uit die audit voorgekom het, in hersiening geneem.

Die Ouditkomitee stem saam met en aanvaar die Ouditeur-generaal se gevolgtrekking oor die jaarlikse finansiële state en is van mening dat die geouditeerde finansiële state aanvaar kan word en saamgelees kan word met die verslag van die Ouditeur-generaal.

Die Departement word weereens gelukkigwens met die verkryging van 'n ongekwalifiseerde opinie van die Ouditeur-generaal.

10. Prestasie-inligting

Die Ouditeur-generaal het betekenisvolle kwessies geïdentifiseer met betrekking tot die kernlewering van onderwys soos die volgende:

- WVI – MIV en VIGS-toekenning
- WVI – Nasionale Skoolvoedingsprogram
- Dinaledi-skole-inisiatief
- Leerdervoerskema
- Voorsieningsbestuur

Volgens die Ouditeur-generaal sal hierdie items deel vorm van hulle audit-opinie van die 210-finansiële jaar. Die Departement is dus versoek om hierdie items aan te spreek as deel van hulle deurlopende korrigerende prosesse en, sou daar nie hieraan voldoen word nie, sal dit uitloop op 'n gekwalifiseerde auditverslag in 2010.

11. Ander areas van besorgdheid

Die lewering van gehalteonderwys word verhinder deur (onder andere):

- Inkonsekwente kommunikasie tussen Hoofkantoor, distrikskantore en skole;
- 'n Gebrek aan duidelikheid van rolle en verantwoordelikhede tussen die bogenoemde Hoofkantoor, distrikskantore en skole; en
- Oneffektiewe beheermeganismes.

Samevatting

Hierdie Ouditkomitee wil graag herhaal dat goeie korporatiewe beheer en doeltreffende interne kontrole, veral in die geïdentifiseerde risikobestuurareas, in die nuwe finansiële jaar prioriteit sal geniet.

Soos in die vorige onderskrif aangedui, is die kernfunksie van die Departement 'n kwessie wat hersiening en aandag nodig het, om die gehalte van onderwys en vlakke van prestasie te verbeter. Indien doelmatige strukture geskep word, sou dit betekenisvol kon bydra tot 'n bevorderlike leermilieu.

**MNR L MDUNYELWA
TUSSENTYDSE VOORSITTER VAN DIE OUDITKOMITEE
VAN DIE WES-KAAP ONDERWYSDEPARTEMENT
21 AUGUSTUS 2009**

HIERDIE ARTIKEL GEE 'N BEKNOPTE OPSOMMING VAN ONS OUDITKOMITEE SE BEVINDINGS T.O.V. SKOLE IN DIE WES-KAAP. DIT MAAK DEEL UIT VAN ONS OUDITKOMITEEVERSLAG VIR MAART 2009.

Report brands SA schools 'dysfunctional'

MPUMELELO MKHABELA

A HIGH-level panel of education experts has concluded that South African schools are largely "dysfunctional".

In a report, commissioned by former minister of education Naledi Pandor, the Ministerial Committee on a National Education and Evaluation Development Unit found indications of "systematic collapse" in schools. "The committee has received consistent reports from schools about confusion, suspicion, and, at times outrage, about the underlying dysfunctionality of schools," the report says.

"Teachers and principals report about time lost because of absentee teachers, incompetent principals, and under-prepared district officials. The culture of teaching and learning has, for all intents and purposes, disappeared, especially in

rural and township schools."

To resolve the problems, the committee, chaired by renowned educationalist Professor Jonathan Jansen, has recommended the promulgation of legislation "as soon as possible" to establish a permanent independent body to conduct monitoring and evaluation at all schools.

"The unit officials must be endowed with legal and political authority to enter classrooms for purposes of monitoring and evaluation," the report says.

The report indicates that while teachers are often singled out, district and provincial authorities are also to blame for failing schools.

The committee's attention was also drawn to the plethora of policies that require teachers to toil away at endless paperwork, taking the emphasis away from the classroom.

The report has been published for public comment.

Deel 4 – Jaarlikse Finansiële State

| Inhoud | Bladsy |
|--|--------|
| Verslag van die rekenpligtige beampte | 1 |
| Verslag van die Ouditeur-Generaal | 7 |
| Toewysingstaat | 12 |
| Aantekeninge by die Toewysingstaat | 22 |
| Staat van Finansiële Prestasie | 23 |
| Staat van Finansiële Posisie | 24 |
| Staat van Verandering in Netto Bates | 25 |
| Kontantvloeistaat | 26 |
| Rekeningkundige beleid | 27 |
| Aantekeninge by die jaarlikse finansiële state | 36 |
| Onthullingsnotas by die finansiële state | 47 |
| Aantekeninge by die jaarlikse finansiële state | 53 |

WES-KAAP ONDERWYSDEPARTEMENT
BEGROTINGSPOS 5

VERSLAG VAN DIE REKENPLIGTIGE BEAMPTTE
vir die jaar geëindig 31 Maart 2009

Verslag van die Rekenpligtige Beampte aan die Uitvoerende Gesag en Provinsiale Wetgewer van die Republiek van Suid-Afrika

1. Algemene oorsig van die stand van finansiële sake

Die jaar onder oorsig was uitdagend, gegewe die uitkoms van die Nasionale Senior Sertifikaat resultate van die eerste kohort van Graad 12 leerders wat eksamens geskryf het op grond van die Nasionale Kurrikulumverklaring. Alhoewel dit effens laer was as die wat in vorige jare behaal is, was die resultate vir die provinsie steeds die hoogste in die land. Deur sy Nasionale Leerderprestasiestrategie het die Departement spesiale aandag aan daardie skole gegee wat 'n slaagsyfer van onder 60% behaal het in die vorige jaar. Dit moet genoem word dat meer as 50% van die skole wat aan die program deelgeneem het hulle resultate verbeter het tot bo 60%. Sommige nuwe skole het egter aan die program begin deelneem.

Daar is volgehou om gefokusde aandag aan die literêre en numeriese vlakke te gee. Die primêre skole wat goed presteer het onder moeilike omstandighede, het toekennings gekry.

Die VKO- sektor bly hoog op die prioriteitslys en daar is klem gelê op infrastruktuur en verwante dienste. Die Departement is steeds verbind daartoe om die inname van leerders te verhoog om te verseker dat daar 'n landswye uitrol van graad R is.

Die VOO- kolleges het hulle kapitale uitleg voltooi onder die Rekapitalisasietoekenning met drie jaar van kapitalisasie. Die ooploop van gelde vir NK(B)-kursusse bly 'n uitdaging vir die kolleges soos wat die NATED-kursus uitgefasseer word.

Die Departement het dit reggekry om 99.85% van die aangepaste begroting te spandeer. Die doelwit wat deur die Provinsiale Tessourie gestel is, is dat departemente nie moet onder- of oorspandeer met meer as 1% nie. Die staat van prestasie reflekteer 'n onderuitgawe van R13,6 miljoen.

Die redes vir die onderuitgawe sluit die volgende in.

- Infrastruktuur onderspandering was as gevolg van verbintenis aan kapitale projekte wat weens uitdagings om grond te verkry nie voltooi kon word nie.
- Die WKOD het nie geslaag om sekere doelwitte te bereik nie. In sommige areas was besteding effens laer as wat beplan is.
- Waar moontlik het die Departement voorkomende aksie ingestel deur goeie beplanning, die maak van scenario-ontledings van veranderinge en die aanpassing van projekplanne dienooreenkomstig.

Virement

Die Provinsiale Tessourie het die volgende viremente tussen hoofafdelings in die begroting goedgekeur:

Verskuiwing van R798 000 van program 1 na program 4 weens die uitbetaling van agterstallige BSD wat teruggedatteer is van Januarie 2008.

Verskuiwing van R15 096 000 van program 1 na program 5 weens opgehoopte verlof wat uitbetaal is aan KS-opvoeders wat oorgeplaas is na kolleges in terme van die VOO Wet. nr. 16 van 2006 so wel as vir personeel wat van die opsie gebruik gemaak het om uit die stelsel te gaan.

Verskuiwing van R2 353 000 van program 1 na program 5 weens opgehoopte verlof wat uitbetaal is aan KS-opvoeders wat oorgeplaas is na kolleges ingevolge die VOO Wet. nr. 16 van 2006 so wel as vir personeel wat van die opsie gebruik gemaak het om uit die stelsel te gaan, sowel as vir personeel wat gekies het om die stelsel te verlaat.

**WES-KAAP ONDERWYSDEPARTEMENT
BEGROTINGSPOS 5**

**VERSLAG VAN DIE REKENPLIGTIGE BEAMPTTE
vir die jaar geëindig 31 Maart 2009**

Verskuiwing van R3 273 000 van program 1 na program 5 weens addisionele fondse wat beskikbaar gemaak is aan VOO- kolleges as gevolg van die implementering van NK(B).

Verskuiwing van R788 000 van program 1 na program 7 weens die groei in aantal leerders wat gesubsidieer word in Graad R-skole.

Verskuiwing van R4 287 000 van program 3 na program 2, R292 000 van program 1 na program 2, R1 049 000 van program 6 na program 2 en R6 181 000 van program 8 na program 2. Hierdie verskuiwings is almal as gevolg van oorbesteding op goedere en dienste wat veroorsaak is deur die totstandkoming van 'n nuwe distrikskantoor en die hermeubilering daarvan so wel as vergoeding vir werknemers.

2. Dienste gelewer deur die Departement

2.1 Inkomstebeleid

Die Departement vra fooie vir eksamenverwante dienste, soos die merk van vraestelle en versoeke vir kopieë van senior sertifikate. Die tariewe vir hierdie dienste word bepaal deur die Nasionale Departement van Opvoeding.

Die Departement verskaf 'n reprografie- en drukdiens aan ander staatsdepartemente in die provinsie teen 'n nominale fooi.

2.2 Gratis dienste

Die Departement verskaf nie enige ander gratis diens wat andersins beduidende inkomste kon gegenereer het nie.

2.3 Inventaris

